



Afrikaanse Protestantse Kerk

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

Agenda vir die 1e Sinode te Constantia Minerale Bron

Vanaf 2 - 6 November 1987

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

AGENDA VAN EERSTE SINODESITTING TE CONSTANTIA-PARK (NABOOMSPRUIT)

OP 2 NOVEMBER 1987 EN VOLGENDE DAE

(Agenda voorberei deur die Komitee vir Kerkstigting (KVK))

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

EERSTE SINODALE VERGADERING MAANDAG 2 NOVEMBER 1987 EN VOLGENDE DAE.

A G E N D A

Die K V K neem leiding tot en met punt 13

2 NOVEMBER 16h00

- ✓ 1. Opening : Sang, Skriflesing, Gebed - Ds. Basie Visser.
- ✓ 2. Verwelkoming.
- ✓ 3. Geloofsbriewe : Verslag van Kommissie
- 4. Konstituering
- ✓ 5. Bepaling van sittingsure
- ✓ 6. Aanwysing van Tydelike Kommissies
- ✓ 7. Aankondiginge
- ✓ 8. Verslag van Komitee vir Kerkstigting
- ✓ 9. Konsep-ordreëls vir kerklike vergaderings.
- ✓ 10. Kleredrag tydens huidige sitting.
- ✓ 11. Konsep-Kerkorde
- ✓ 12. Verkiesing van ampsdraers vir Sinodale Vergadering.
13. K V K ontbind en dra verantwoordelikheid oor aan die Sinode.
18h00 : Verdaging vir ete
19h00 : Amptelike Opening van Sinode - Prof. W.J.G. Lubbe
20h00 : Tydelike Kommissies vergader.

DINSDAG 3 NOVEMBER :

14. 08h00 : 08h15 :
Sang, Skriflesing, Gebed - Ds. E. Friis
15. 08h15
Aankondiginge.
- ✓ 16. Notule van 2 November
- ✓ 17. Eerste verslag : Tydelike Kommissie vir Regte
- ✓ 18. Verslag Ad hoc-Komitee (deur KVK aangewys) oor Teologiese Opleiding.
- ✓ 19. Eerste verslag: Tydelike Kommissie vir Argief.
10h15 - 10h45
Teepouse

20. ✓ Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Radio- en TV-skakeling.
21. ✓ Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Pers-skakeling.
22. ✓ Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Liturgie

23. Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Formuliere.
24. Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Verlof
25. Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Foto's en Literatuuruitstalling
26. ✓ Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Teologiese Opleiding
27. Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Jeug.
28. ✓ Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Sending.
12h45 - 14h00 : Etenspouse
Aankondiginge ; Verlof
29. Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Evangelisasie, Kapelaansdienste
Kerkmusiek en - sang; Diens van Barmhartigheid;
Kerkleer; Aktuele Sake; Kerklike en godsdienstige publikasies.
15h45 - 16h15 : Koffiepouse
16h15 : Aankondiginge ; Verlof
30. Eerste Verslag : Tydelike Kommissie vir Bybelvertaling; ✓Finansies
en Begroting; Interkerklike Verhoudinge en Kerk-
embleem; Bejaardesorg; Beplanning van Kerk-vestiging
en kerkbou ; ander
18h00 : Ete
19h30 : Nagmaal; Prediking en Sakramentsbediening : Ds. O.D. Scheuer

WOENSDAG 4 NOVEMBER

- ✓ 08h00 : Sang, Skriflesing, Gebede : Ds. A.S. van Staden
- ✓ 08h30 : Notule, Aankondiginge
- ✓ 09h00 : Tydelike Kommissies vergader
- ✓ 10h45 : Teepouse
31. ✓ 11h15 : Tweede Verslae van Kommissies
✓ 12h45 : Etenspouse
✓ 14h00 : Tydelike Kommissies vergader
✓ 15h45 : Koffiepouse
32. ✓ 16h15 : Tweede Verslae van Kommissies
✓ 18h00 : Ete
33. ✓ 19h30 : Verslae van Tydelike Kommissies
✓ 20h30 : Tydelike Kommissies vergader

DONDERDAG 5 NOVEMBER

- ✓ 08h00 : Sang, Skriflesing, Gebede : Ds. J.A. du Plessis

- 08h30 : Notule; Aankondiging
34. Verslae van Tydelike Kommissies
- 10h15 - 10h45 : Teepouse
35. 10h45 : Verslae van Tydelike Kommissies
- 12h45 - 14h00 : Etenspouse
- 14h00 : Tydelike Kommissies vergader
- 15h45 - 16h45 : Koffiepouse
36. 16h45 : Verslae van Tydelike Kommissies
- 18h00 : Ete
- 19h15 : Tydelike Kommissies vergader
37. 21h00 : Verslae van Tydelike Kommissies
- 22h00 : Afsluiting: Gebede

VRYDAG 6 NOVEMBER

- 08h00 : Sang, Skriflesing, Gebede : Ds. J.N. Joubert
38. 08h30 : Aankondiging: Notule, Verslae van Tydelike Kommissies
- 10h15 - 10h45 : Teepouse
39. 10h45 : Verslae van Tydelike Kommissies
- 12h45 - 14h00 : Etenspouse
40. 14h00: Notule van oggend. Aankondiging, Verslae van Tydelike Kommissies
- 15h45

ORDEREËLS VIR KERKLIKE VERGADERINGS

1. Op 'n gemeentevergadering het slegs belydende lidmate van die betrokke gemeente stemreg, en die aanwesige stemgeregtigdes vorm 'n kworum.
2. 'n Kerkraadsvergadering is 'n geslote vergadering tensy die KR anders besluit.
3. 'n Breër vergadering is 'n ope vergadering tensy die vergadering anders besluit.
4. 'n Kommissievergadering is 'n geslote vergadering.
5. 'n Geslote vergadering besluit self wanneer hy nie-lede tot die vergadering wil toelaat sonder dat die geslotenheid van die vergadering daardeur opgehef word.
6. Van enige lid van 'n vergadering word verwag om die vergadering by te woon. Van 'n lid wat onvermydelik afwesig moet wees, word verwag om vooraf verskoning te maak met opgaaf van rede(s) by die Skriba of 'n lid van die vergadering.
7. 'n Volstrekte meerderheid van die lede van 'n vergadering vorm 'n kworum, uitgesonderd 'n gemeentevergadering waar die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum uitmaak.
8. Geen lid mag 'n vergadering verlaat sonder verlof van die vergadering nie.
9. 'n Kerklike vergadering word met Skriflesing en gebed (en verkieslik sang) geopen en met gebed afgesluit.
10. Die Skriba stel in oorleg met die voorsitter 'n voorlopige agenda op, wat na opening van die vergadering deur die vergadering gefinaliseer en ~~ver~~gestel word.

11. Die voorsitter stel die sake wat behandel moet word aan die orde in die volgorde wat hy die geskikste ag, en gee toeligting na eie goedvinde of soos gevra.
12. Die voorsitter stel lede aan die woord in die volgorde waarin hulle om spreekbeurte vra.
13. 'n Lid mag nie meer as tweemaal oor dieselfde saak praat nie, op 'n sinode slegs eenmaal, behalwe 'n voorsteller wat die reg van repliek het.
14. Elke spreker rig hom tot die voorsitter en weerhou hom van taal of gedrag wat 'n kerklike vergadering onwaardig is. As 'n Lid, ondanks vermaning, volhard met onwaardige optrede, besluit die vergadering op gepaste tug.
15. Oor enige saak aan die orde gestel, kan slegs een voorstel gemaak word, met dien verstande dat amendemente op die voorstel ingedien kan word wat die voorstel wysig.
16. 'n Voorstel en amendemente moet skriftelik en gesecondeer ingedien word en kan alleen met verlof van die vergadering teruggetrek word, met dien verstande dat indien 'n voorstel teruggetrek word, die eerste amendement in die plek van die voorstel tree.
17. 'n Ordemosie is 'n voorstel dat (a) sake in 'n bepaalde orde behandel moet word of (b) bespreking oor 'n saak aan die orde beëindig moet word en dadelik daaroor gestem moet word of (c) van 'n saak onder bespreking afgestap word.
18. Die voorsitter moet die vergadering vir en teen elke voorstel en elke amendement wat voor die vergadering dien, laat stem, en wel vanaf die laaste wat ingedien is op tot by die voorstel.

19. 'n Vergadering moet sy besluit(e) met volstrekte meerderheid van die aanwesige lede neem.

20. Geen lid mag sonder verlof van die vergadering buite stemming bly nie.

21. By staking van stemme het die voorsitter naas sy gewone stem ook 'n beslissende stem.

22. Oor persone moet per geslote stembrief gestem word.

23. Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag met die toestemming van die vergadering aan die bespreking deelneem, dog het nie stemreg nie.

24. Dit staan enige lid van die vergadering vry om skriftelik met of sonder opgawe van redes te laat aanteken dat hy teen 'n bepaalde voorstel of amendement(e) gestem het of afwesig was toe 'n bepaalde besluit geneem is.

25. 'n Besluit van die kerkraad kan in hersiening geneem word teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is indien die vergadering op 'n geseondeerde en gemotiveerde voorstel met 'n meerderheid stemme daartoe toestem; ^{of} na kennisgewing ~~dat~~ om hersiening by die volgende vergadering gevra sal word, by welke geleentheid die kerkraad oor 'n geseondeerde en gemotiveerde voorstel moet besluit.)

26. 'n Besluit van 'n breër vergadering kan op die laaste sittingsdag van die vergadering waarop dit geneem is in hersiening geneem word, indien die vergadering op 'n geseondeerde en gemotiveerde voorstel van 'n lid met 'n meerderheid stemme daartoe toestem; of by 'n latere vergadering na vooraf skriftelike kennisgewing aan die skriba van die vergadering deur 'n lidmaat.

verstande dat die aansoeker die vergadering van 'n skriftelike en gemotiveerde voorstel voorsien waaroor die vergadering moet besluit.

27. Die kerkraad, ring en sinode benoem permanente en tydelike kommissies na goedvinde. Elke kommissie is verantwoordelik teenoor die kerklike vergadering wat hom benoem.
28. Die notule van 'n kerkraadsvergadering word gelees, of na vooraf skriftelike sirkulasie as gelees geag en by die volgende vergadering goedgekeur en geteken deur die voorsitter en alle aanwesige lede.
29. Die notule van 'n ringsvergadering en 'n sinodale vergadering word by die volgende dagsitting gelees en goedgekeur. Die notule van die laaste sittingsdag word gelees, goedgekeur en deur alle lede geteken voordat die vergadering verdaag.
30. Die notule van 'n kommissievergadering word na afloop van die vergadering gelees, goedgekeur en geteken deur alle lede van die vergadering.

TYDELIKE KOMMISSIES EN SAAMROEPERS

3

Tydlike Kommissie vir

1. ☒ A Regte
2. ☒ B Orde
3. ☒ C Kategese
4. ☒ D Kerkmusiek en Kerksang
5. ☒ E Kapelaansdienste
6. ☒ F Onderwys en Opvoeding
7. ☒ G Evangelisasie en *Evangelisasie*
8. ☒ H Liturgie en *Liturgie*
9. ☒ I Sending
10. ☒ J Diens van Barmhartigheid
11. ☒ K Tydlike en Permanente Kommissies
12. ☒ L Jeug *Jeug en kerklike opvoeding*
13. ☒ M Teologiese Opleiding
14. ☒ N Formuliere
15. ☒ O Kerkleer en *Kerkleer*
16. ☒ P Kerklike en Godsdienstige Publikasies
17. ☒ Q Aktuele Sake
18. ☒ R Notule
19. ☒ S Interkerklike Verhoudinge en Kerk-
embleem
20. ☒ T Finansies en Begroting
21. ☒ U Beplanning van Kerkvestiging en
-opbou *Beplanning van Kerkvestiging en -opbou*
22. ☒ V Bejaardesorg
23. ☒ W Argief en *Argief en dokumentasie*
24. ☒ X Foto's en Literatuur-uitstalling
25. ☒ Y Persskakeling
26. ☒ Z Radio- en T V - Skakeling
27. ☒ A Geloofsbriefe

Saamroeper

- Ds. A.S. van Jaarsveld
K V K Later ampsdraers van Sinode
Ds. O. Scheuer
Ds. N. Rautenbach
Ds. M. Hartzenberg
Prof. A. Swart
Ds. C.J. Prins
Ds. E. Friis
Ds. J.A. Visser
Ds. C.J.S. Botha
Ds. M.C. Adendorff
Ds. A.P. Viljoen
Ds. A. Boshoff
Dr. W.A. Burger
(Ds. J. Engelbrecht)
Ds. A. van Staden
Ds. J.A. du Plessis
Ds. W.A. Jooste, Ds. L.D. Pienaar
Ds. J.N. Joubert
Ds. C. Snyman
Ds. J. Theron
Dr. J.D. Malan
Ds. A. van den Berg
Ds. P. Stans
Ds. J.M. Rheeder
Ds. D.R. Schwartz
Ds. M.C. Adendorff (S), Ds. A.S. van Jaarsveld, Ds. A. van Staden

LET WEL

1. Verdere tydelike Kommissies mag later bygevoeg word.
2. n Lys van bogenoemde Tydelike Kommissies word vanaf Maandag 2 November om 14h00 opgeplak sodat afgevaardigdes hulle name kan teken onder die Kommissies waarop hul verkies om te dien. Teken u naam op vóór 15h30 asb. en wel soos volg : bv. S. Delport(1) onder die Kommissie van u eerste keuse, en S. Delport(2) onder die Kommissie van u tweede keuse.
3. Elke afgevaardigde word gevra om op minstens een Kommissie te dien.
4. Afgevaardigdes moet asb. sower moontlik slegs op een Kommissie dien aangesien Kommissies dikwels en gelyktydig vergader.
5. Kommissielede mag nie sonder verlof van die saamroeper afwesig wees by Kommissievergadering nie.
6. Elke Kommissie kies vir homself by sy eerste vergadering n Sekretaris en as hy dit nodig ag, n Hulpsekretaris.
7. Rapporte van Kommissievergaderings word onmiddellik geskryf, en direk aan die Administratiewe Beampste (AB) gegee wat vir spoedige kopiëring, kramwerk en uitdeling aan afgevaardigdes sal sorg.
8. Afgevaardigdes lees verslae so gou moontlik sodat verslae by behandeling as gelese beskou kan word.
9. Behalwe sake opgeneem in die agenda sal Kommissies ook nog laatingekome stukke ontvang op Maandag 2 November vóór 15h30 (by Dr. Frans van Staden). Voorts mag die Sinode ook nog sake vir aandag en aanbeveling na Kommissie verwys.

10

KONSEPKERKORDE VIR DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

1. BELYDENIS

Die Afrikaanse Protestantse Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk bely as betroubare samevatting van die waarhede in die Bybel is vervat in die formuliere van Enigheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelijdenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

2. DOEL

Om die goeie orde in die Kerk van Christus, volgens die eis van die Woord van God, dat alles welvoeglik en ordelik in die gemeente moet toegaan (1 Kor. 14:40) te onderhou word die volgende neergelê betreffende lidmaatskap van die Kerk, die ampte in die Kerk, die ^{verordeninge} verordeninge van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, die opsig en tug in die Kerk en die betrekkings van die Kerk na buite.

3. LIDMAATSKAP

Slegs blanke Afrikaners asook ander blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom 10 : 9-10) wat die belydenis en ordereëls van die Kerk onderskryf en die leer van die Kerk bely, kan lidmaatskap van n Kerk verkry en geniet.

4. AMPT

Alle dienswerk in die Kerk begin by die amp van die gelowige waarnaas die drie besondere ampte bestaan. Christus, die Hoof van die Kerk het vir die dienswerk in die Kerk, die volgende besondere ampte ingestel, naamlik dié van bedienaar van die Woord, dié van ouderling en dié van diaken. Hierdie drie ampte is gelykwaardig maar word in opdrag onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof van Sy Kerk is.

5. Niemand kan in die Kerk van Christus in een van die besondere ampte dien nie tensy ~~dat~~ hy op wettige wyse beroep of verkies is, die nodige approbasie verkry het en bevestig is.

6. BEDIENAAR VAN DIE WOORD

Om as bedienaar van die Woord toegelaat te word, word vereis :

n deeglike teologiese opleiding;
suksesvolle eksaminering deur die Eksamenkommissie;
ondertekening van die Formuliere van Enigheid;
legitimasië deur Regskommissie ; en
Colloquium Doctum volgens vereiste.

7. OPLEIDING

- 7.1 Die Sinode bepaal die vereistes vir opleiding, vereistes vir toelating, toesig oor opleiding en plek van opleiding en neem volle verantwoordelikheid vir die dosente wat vir die akademiese opleiding van die studente verantwoordelik is ;
- 7.2. besluit oor die omvang en standaard van die opleiding ;
- 7.3 stel n Eksamenkommissie aan;
- 7.4 stel die vereistes vir Colloquium Doctum vas.

8. BEROEPING

Die beroeping van n bedienaar van die Woord geskied tydens n: gemeentevergadering onder Voorsitterskap van die Leraar of n ampsdraer deur die Ring daartoe versoek

9. KENNISGEWING EN APPROBASIE

Die ~~Voorsitter~~ van die beroepende vergadering gee dadelik kennis van die beroep aan die beroepene; berig daaromtrent vir publikasie in die amptelike blad van die Kerk; ~~is verantwoordelik daarvoor dat dit by die daaropvolgende~~ erediens ~~van die gemeente voorgelê word vir approbasie, en versend, na approbasie~~ die beroepsbrief wat deur die Kerkraadslede onderteken is.

10. Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die reg om beswaar aan te teken, voor verstryking van die periode van approbasie, op grond van klagtes teen die leer of lewenswandel van die beroepene of op grond van onreëlmatigheid i.v.m. die beroep, wat skriftelik by die betrokke deputate van die Ring ingedien moet word vir ondersoek en beslissing.

11. BEVESTIGING

- 11.1 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord geskied nadat die beroepene skriftelik die beroep aanvaar het, 'n akte van demissie en 'n attestaat van die Kerkraad van die losmakende gemeente ingelewer is.
- 11.2 Proponente en/of toegelatenes na aflegging van Colloquium Doctum moet die akte van legitimasie, skriftelike aanvaarding van die beroep en 'n attestaat by die beroepende gemeente inlewer.
- 11.3 Die bevestiging van proponente geskied met oplegging van hande.

OPDRAG

Die opdrag van die bedienaar van die Woord is :

- die verkondiging van die Woord en die diens van die gebede;
- die bediening van die sakramente ;
- die leiding van die erediens;
- die behartiging van die kategetiese onderwys ;
- die doen van gereelde en behoorlike huisbesoek ;
- die behartiging van die herderlike sorg van die gemeente ;
- die leiding van kerkraadsvergaderinge en gemeentevergaderinge
- die uitoefening saam met die ouderlinge
- van die opsig en tug ^{oor} van die gemeente.

13. TOESTEMMING

'n Bedienaar van die Woord mag nie in 'n ander gemeente sonder toestemming van die plaaslike Kerkraad optree nie.

14. OORGANG NA ANDER LEWENSTAAK

- 14.1 Aangesien 'n bedienaar van die Woord sy lewe lank aan die kerkdien ^overbond is, is dit hom nie geoorloof om tot 'n ander lewenstaak oor te gaan nie, behalwe oor gewigtige redes wat deur die ring beoordeel moet word.
- 14.2 Indien die ring dit goedkeur, kan hy aansoek doen by die deputate vir Kerkreg vir behoud van status.

- 14.3 Behoud van status kan alleen verleen word vir studie in die teologie, die aanvaarding van 'n kerklike betrekking of 'n betrekking wat 'n geestelike karakter dra wat in regstreekse verband staan met die verkondiging van die Woord en wat tot voordeel van die Afrikaanse Protestantse Kerk geag word.
- 14.4 Indien hy egter sy gemeente verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar as die voormelde uitsonderinge, verbeur hy sy status as bedienaar van die Woord.

15. LEWENSONDERHOUD

Die gemeente in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, is verantwoordelik vir sy lewensonderhoud.

16. LOSMAKING VAN BAND

Indien 'n bedienaar van die Woord sy gemeente nie langer tot stigting kan dien nie, kan die ring op versoek van die leraar of die gemeente die band tussen hom en die gemeente losmaak ná behoorlike ondersoek en indien daar volgens die oordeel van die ring, billike voorsiening vir hom gemaak is.

Sodanige bedienaar van die Woord moet onmiddellik beroepbaar gestel word.

17. EMERITERING

17.1. 'n Bedienaar van die Woord wat weens verswakte gesondheid of ouderdom wil emeriteer, moet die kerkraad en ring vooraf daaromtrent inlig met die oog op demissie en die reëling van pensioen.

17.2 Wanneer 'n bedienaar van die Woord weens verswakte gesondheid of ouderdom of andersins uit die diens tree en as hy daarvoor kwalifiseer, moet hy pensioen - toelae ontvang volgens die bepalinge van die reglemente van die bestaande pensioenfondse. Daar moet ook voldoende voorsiening gemaak word vir die weduwees en wese van die bedienaars van die Woord.

17.3 'n Bedienaar van die Woord wat emeriteer, behou sy status as bedienaar van die Woord.

18. OUDERLINGE

DIE OPDRAG VAN DIE OUDERLING IS :

Die regering oor die gemeente;
die uitoefening van opsig en tug oor die gemeente ;
waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer ;
die doen van huisbesoek in die gemeente ;
die roeping om ander na Christus te lei ;
medeverantwoordelikheid saam met die bedienaars van die Woord
vir die kategetiese onderwys ;
die goeie orde, dissipline en instandhouding van die erediens;
verantwoordelikheid vir gereelde eredienste en sakramentsbediening.

19. DIAKEN

DIE OPDRAG VAN DIE DIAKEN IS

- 19.1. die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens nodig het ;
- 19.2 die insameling en besteding van die middele wat vir die diakonale werk nodig is ;
- 19.3 die organisering en/of insameling van die liefdegawes vir die instandhouding van die erediens.

20. VERKIESING EN BEVESTIGING

- 20.1 Die verkiesing van ouderlinge en diakens geskied tydens 'n gemeentevergadering.
- 20.2 Die name van verkose ouderlinge en diakens word by daaropvolgende erediens vir approbasie aan die gemeente bekend gemaak.
- 20.3 Alleen belydende lidmate van wie 'n attestaat in die gemeente ontvang is en wat onberispelik in leer en wandel is, is verkiesbaar.
- 20.4 Verkose ouderlinge en diakens word in die erediens in die amp bevestig ná approbasie.

20.5 Besware teen verkose ouderlinge en diakens word deur die ring in behandeling geneem.

21. DIENSTERMYN

Die dienstermyne van kerkraadslede word deur die plaaslike gemeente bepaal met behoud van die beginsel van gereelde aftrede.

22. KERKRAADVERGADERINGS

Daar is vier gewone kerkvergaderings.

Gemeentevergadering, Kerkraad, Ring en Sinode.

23.

23.1 In kerkvergaderinge word slegs met kerklike sake op kerklike wyse gehandel.

23.2 In Breëre vergadering neem slegs sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat deur 'n minder breë vergadering verwys is of wat nie by 'n minder breë vergadering afgehandel kan word nie.

24. BEGIN EN AFSLUITING

Die handelinge van elke vergadering word daagliks begin met skriflesing en gebed en afgesluit met gebed.

25. VOORSITTER, SKRIBA

Elke vergadering moet 'n voorsitter hê asook 'n skriba wat die handelinge van die vergadering opteken en besluite uitvoer.

26. Die seggenskap van die Ring oor die Kerkraad sowel as dié van die Sinode oor die Ring is in wese dieselfde, maar die seggenskap strek hom uit slegs oor sake wat by die betrokke breëre vergadering tuis hoort.

27. FUNKSIE

Die reëlings van die

28. APPÊL

Die besluit van 'n vergadering is bindend, maar wanneer 'n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif, die Belydenisskrifte, die Kerkorde en die Gereformeerde Kerkreg, kan hy appelleer na 'n breër vergadering.

29 . KERKRAAD

Elke gemeente het 'n kerkraad aan wie die regering ~~van~~, opsig ~~oor~~ en die tug in die gemeente toevertrou is.

30. Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en die diakens. Die ouderlinge en diakens kan, waar nodig, afsonderlik vergader om besondere werksaamhede betreffende die onderskeie ampte te behartig.

31. Die kerkraad vergader gereeld onder voorsitterskap van die bedienaar(s) van die Woord of in sy afwesigheid, 'n ampsdraer deur die Ring aangewys of 'n ouderling uit eie geledere verkies.

32. In die gemeentevergadering het slegs belydende lidmate wie se lidmaatskap deur die kerkraad erken en aangeteken is, stemreg.

33. Lidmaatskap word beëindig en dit word aan die gemeente bekend gemaak wanneer 'n belydende lidmaat :

33.1 sy lidmaatskap skriftelik opsig;

33.2 ~~of~~ oorgaan na 'n ander erkende kerkverband met verwittiging ~~van~~ die kerkraad van sy voorneme;

33.3 ~~of~~ hom by 'n nie-erkende kerkverband of sekte aansluit;

33.4 ~~of~~ openlik deur woord en daad toon dat hy hom van die gemeente onttrek deur met 'n nie-erkende kerkverband of sekte te heul ;

33.5 ~~of~~ deur die kerkraad afgesny word.

- 34.1 Lidmaatskap van die gemeente word herstel wanneer 'n belydende lidmaat terugkeer na die gemeente vanuit 'n erkende kerkverband met attestaat en deur die kerkraad ná approbasie deur die gemeente aanvaar is ;
- 34.2 Terugkeer na die gemeente vanuit 'n nie-erkende kerkverband of sekte en ná approbasie deur die gemeente, deur die kerkraad toegelaat is tot aflegging van belydenis van geloof ;
- 34.3 se ekskommunikasie deur die kerkraad opgehef is en ná approbasie deur die gemeente, hertoegelaat is tot aflegging van belydenis van geloof.

35. RING

Die Ring word saamgestel uit naburige gemeentes soos deur die sinode gegroepeer en vergader een keer per jaar.

- 36. Die Ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes : die bedienaars van die Woord en twee kerkraadslede per predikantspos, van wie ten minste een 'n ouderling moet wees. Elke afvaardigende Kerkraad moet ~~aan elke~~ afgevaardigde(s) 'n geloofsbrief voorsien.

37. WERKSAAMHEDE VAN DIE RING IS:

- 37.1 Kerkvisitasie;
- 37.2 advies en hulp aan kerkrade.
- 37.3 die stigting van gemeentes op versoek van kerkrade;
- 37.4 die vasstelling van gemeentelike grense;
- 37.5 die behandeling van sake wat in eerste instansie of in beroep voor die ringsvergadering gebring word.

37.6 opsig en tug oor ampsdraers in sy ressort.

38.7 Die ring kies by sy gewone vergadering 'n voorsitter en 'n skriba en wys die nodige deputate aan volgens behoefte.

39. SINODE

39.1 Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes uit elke gemeente :

die bedienaar(s) van die Woord en twee Kerkraadslede per predikantspos van wie ten minste een 'n ouderling moet wees. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word.

39.2 Teologiese dosente neem in adviserende hoedanigheid sitting.

40. Die sinode vergader jaarliks.

41. Die sinode kies by sy gewone vergadering 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba, hülpskriba en aktuaris. Die Sinode wys waar nodig, deputate aan vir die uitvoering van sy besluite.

42. WERKSAAMHEDE

42.1 die aanwysing van 'n Bybelvertaling(s) vir amptelike gebruik.

42.2 die vasstelling van die Belydenisskrifte ;

42.3 die vasstelling van die Kerkorde en ander reglemente vir sy werksaamhede in ooreenstemming met die Kerkorde ;

42.4 die opleiding van evangeliedienaars ;

42.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appél voor hom gebring word.

43. ARBEID

- 43.1 Die erediens is die openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die gelowiges onder die genadige werking van die Heilige Gees en onder die leiding van die besondere ampte deur die bediening van die Woord, die heilige sakramente, gebed, kerklied en offergawes.
- 43.2 Die inrigting van die erediens word deur die kerkraad vasgestel met gebruik making van Bybelvertalings, wat vir amptelike gebruik aanvaar is, die liturgiese orde van die erediens, die Psalm- en Gesangboek en liturgiese formuliere.
- 43.3 Die leiding van die erediens berus by die plaaslike bedienaar(s) van die Woord, of in sy (hul) afwesigheid die konsulent of ander predikant van die Kerk, deur die kerkraad versoek of deur 'n ouderling deur die kerkraad aangewys word.
- 43.4 Die inhoud van die prediking moet steeds die verklaring en toepassing van die Heilige Skrif wees.
- 43.5 Daar moet minstens 18 keer per jaar aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek word en wel so dat die hele kategismus in die jaar behandel word. So dikwels doenlik moet ook die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls bygehaal word.

44. SAKRAMENTSBEDIENING

44.1 Die heilige Doop word in 'n erediens deur 'n bedienaar van die Woord bedien.

44.2 Die heilige Nagmaal so gereeld moontlik maar minstens vier keer per jaar gedurende 'n erediens in elke gemeente gevier.

45. Die kinders van die gemeente asook buitekerklike wat begeer om belydende lidmate van die gemeente te word, moet onder toesig van die kerkraad in die Woord van God en die leer van die Kerk onderrig word met die oog op die aflegging van belydenis van geloof waardeur hulle tot volle lidmaatskap van die gemeente tóetree ná approbasie deur die gemeente, met al die regte en verantwoordelikhede daaraan verbonde.

- f. Umpire's house

- F. F. Higgins. Secretary.

- 1.1.30 Tamm-45

- 51.1 Kerklike opsig word gehou en kerklike tug uitgeoefen.

tot eer van God ;
tot heil van die gemeente; en
tot behoud van die sondaar.

51.2 Volgens die voorskrifte van

die Woord van God ; en
die Kerkorde en aanverwante bepalinge.

52. Aangesien die kerklike opsig en tug 'n geestelike karakter dra, moet die opsieners by die uitoefening daarvan die toon en karakter van die burgerlike regspleging vermy. Hulle moet as vaderlike opsieners en nie as regters nie, met diepe ootmoed voor God en met tere liefde, belangstelling en regverdigheid die beklaagde(s) en oortreder(s) sonder aansien van persoon probeer terugbring van hulle sondige en dwaalweë.

53. Die kerklike opsig strek hom uit oor die hele lewenswandel van die belydende en dooplidmate, en die tug gaan oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God, die Belydenis van die Kerk en die orde en dissipline in die gemeente indruis.

54. Duidelike onderskeid moet gemaak word tussen 'n enkele oortreding en volharding in die sonde. In die geval van geheime sondes moet gehandel word volgens die leer van Christus in Mat. 18: 15-16. In die geval van openbare ergerlike sondes moet die betrokke kerkvergadering handel volgens die bepalinge van die Kerkorde. Geen tugmaatreël mag toegepas word alvorens 'n klag grondig ondersoek is en die aangeklaagde volle geleentheid vir verweer gekry het nie.

55. Op alle lidmate van die gemeente rus die verpligting om mekaar in broederlike liefde te vermaan en om sulke vermaninge ter harte te neem. In besonder is dit egter die roeping van die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge om te vermaan. 'n Lidmaat wat hom skuldig maak aan afdwaling in leer en lewe val onder die tug van die plaaslike kerkraad:

56. 'n Ampsdraer, te wete evangeliedienaar, ouderling, diaken

en teologiese dosent wat hom skuldig maak aan afdwaling in leer en lewe, val onder die tug van die ring waaronder hy ressorteer, met dien verstande dat die reg van die kerkraad om as klaer op te tree veronderstel word.

57. Wanneer tugmaatreëls toegepas word, word van die volgende gebruik gemaak na gelang van die vergadering wat tug uitoefen :

57.1 BELYDENDE LIDMATE : n Bestraffing in of buite die vergadering van die kerkraad.

57.1.2 Sensuur, wat bestaan uit die onthouding van die heilige bondseëls, sowel as die opskorting van lidmaatsregte, tot tyd en wyl daar bewys van grondige berou is.

57.1.2.3 Waar sensuur toegepas is en die lidmaat in die sonde volhard mag hy deur die Kerkraad, na raadpleging van die Ring, van die gemeente afgesny word deur die gebruik van die betrokke formulier.

57.2 DOOPLIDMATE :

57.2.1 n Bestraffing in of buite die vergadering van die kerkraad ;

57.2.2 terughouding van die aflegging van geloofsbelydenis.

57.3 KERKRAADSLEDE :

57.3.1 n Bestraffing in of buite die vergadering van die ring ;

57.3.2 Skorsing in die diens tot tyd en wyl daar bewyse van grondige berou is.

57.3.3 afsetting uit die diens deur die ring.

57.4 EVANGELIEDIENAARS

57.4.1 n Bestraffing binne of buite die vergadering van die ring ;

57.4.2 skorsing in die volgende omstandighede :

57.4.2.1 vir n vasgestelde tydperk met verlies van traktement en toelaes ;

57.4.2.2 vir n onbepaalde tydperk met ontslag uit die diens van die gemeente of die kerkverband, met verlies van traktement en toelaes en met opskorting van sy voorreg om beroep te word ;

57.4.2.3 afsetting uit die diens deur die sinode op aanbeveling van die ring wat, nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit. Dit geld ook vir proponente, emeriti en teologiese dosente.

57.5 n Aangeklaagde wat hom deur die uitspraak van n kerkvergadering beswaard voel, het die reg tot appél op die volgende breëre vergadering, t.w. die Ring of Sinode.

57.6 In die tugsake wat die leer van die Kerk raak, het klaer sowel as aangeklaagde in n vryspraak of skuldigbevinding die reg tot appél by die Sinode.

57.7. Tugmaatreëls word opgehef in die geval van :

57.7.1 LIDMATE :

57.7.1.1 Wanneer n gesensurende lidmaat hartgrondige berou betoon, moet die kerkraad, as hy oortuig is van die egtheid van die berou, die sensuur ophef.

57.7.1.2 Wanneer n lidmaat deur die gebruik van die formulier van die gemeente afgesny is, en hy hartgrondige berou het en verlang om weer in die gemeente opgeneem te word, sal die kerkraad, as hy oortuig is van die egtheid daarvan, die lidmaat weer in die gemeente opneem met die gebruik van die betrokke formulier, wat insluit aflegging van belydenis van geloof.

57.7.2 KERKRAADSLEDE :

57.7.2. In die geval van kerkraadslede word die sensuur, skorsing en/of afsetting opgehef deur die ring wat die tug toegepas het, op aanbeveling van die kerkraad onder wie se opsig hy hom bevind.

57.7.3 EVANGELIEDIENAARS :

57.7.3.1 Opheffing van sensuur en skorsing vind plaas deur die ring wat die tug toegepas het, op aanbeveling van die kerkraad onder wie se toesig hy hom bevind en met beroepbaarstelling deur die ring.

57.7.3.2 Herstel in die amp na afsetting of bedanking as predikant vind plaas deur die ~~sinode~~ ^{kerk} op voorstel van die ring wat hom geskors het of binne wie se ressort die gemeente is waar hy gedien het tot by sy afsetting of bedanking en wel op die aanbeveling van die kerkraad onder wie se toesig hy hom bevind en beroepbaarstelling na Colloquium Doctum.

57.7.3.3 In die geval van ergerlike sondes soos owerspel, onsedelikheid, moord, meineed, groot diefstal en wat verder deur die Sinode as sodanig beskou mag word, mag geen vergadering verlof tot herstel in die amp verleen nie. Derglike gevalle kan alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is, deur die Sinode in sitting oorweeg word.

58 BETREKKINGE NA BUIITE

58.1 KERK EN OWERHEID :

Die kerk, plaaslik sowel as in sy verband, vind die grond van sy bestaan nie in die wilsuiging van sy lede nie, maar in die vrymagtige raadsbesluit en welbehae van die drie-enige God, en is in sy ontstaan, bestaan en voortbestaan soewereïn in eie kring.

- 58.2 Die kerk as instituut onderwerp hom aan die gesag en wette van die owerheid, in soverre die owerheid nie met die Woord van God in stryd kom nie.
- 58.3 Die kerk aanvaar met dankbaarheid die beskerming deur die owerheid, asook die erkenning van sy onvervreembare reg tot die beoefening van vryheid van godsdiens in belydenis en byeenkoms. (N.G.B. 36)
- 58.4 Die kerk aanvaar dit as sy heilige roeping om steeds profeties en getuigend die owerhede en die wêreld waarin hy bestaan, aan te spreek.
- 58.5 Wanneer 'n kerklike vergadering die owerheid oor 'n bepaalde aangeleentheid moet nader, moet dit deur die afgevaardigdes van die betrokke kerkvergadering geskied.

59. MAATSKAPPY

Die Kerk verleen aan maatskaplike organisasies wat op 'n positief Christelike basis georganiseer is, en wat ten doel het die bekamping van bepaalde maatskaplike wantoestande of die behartiging van bepaalde maatskaplike of opvoedkundige belange, sy medewerking en steun wanneer die optrede van sodanige organisasies tot bevordering van die Koninkryk van God strek. Die kerk erken steeds die selfstandigheid in eie bevoegdheid van alle samelewingsverbande (bv. Kerk, gesin, skool), gemeenskapstrukture (bv. verenigings, partye, ens.) en voorts die velerlei vrye maatskaplike verhoudinge, so eie aan die moderne gedifferensieerde samelewing.

9.

60. ONDERWYS

- 60.1 Die kerk aanvaar dit as sy roeping om toe te sien dat daar steeds 'n ereplek aan die Woord van God op die dagskole gegee word, dat die opvoeding van die jeug behoorlik en in 'n Christelike gees en rigting behartig word en dat, met die oog daarop, geskikte leerkragte aangestel word. Die kerk erken die soewereiniteit in eie kring van die skool en die universiteit, maar het die reg om van skole en universiteite Christelike volkseie onderwys vir sy kinders en jongmense te verwag.

- 60.2 Die kerk sal hom daarvoor beywer om die Protestant-Christelike karakter van ons volk te beskerm, te behou en uit te bou.

61: VRYE VERENIGING

- 61.1 Die kerk wil graag die vorming van vrye vereniginge op positief Christelike grondslag aanmoedig.
- 61.2 Die mate waarin n bepaalde vereniging aanspraak op die steun van die Kerk mag maak, hang af van die grondslag en doelstellinge van n bepaalde vereniging en sy uitlewing van daardie grondslag en doelstellinge in die praktyk.

62. EKUMENIESE BETREKKINGE

- 62.1 Die kerk strewe steeds daarna om met ander Christelike kerke kontak op te neem en te behou, veral met kerke wat die naaste aan hom staan in belydenis.
- 62.2 Met kerke van gereformeerde belydenis en kerke in die buiteland word, sover moontlik, deur middel van korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen en hulle emigrerende lidmate word met attestasie ontvang nadat die vereistes van die K O m.b.t. lidmaatskap nagekom is.
- 62.3 Met ander kerke van algemene Protestants- Christelike belydenis sal, sover dit moontlik en prakties is, kontak gesoek word.
- 62.4 Oor die aard en/of graad van die offisiële betrekkinge met ander kerke besluit die Sinode.

VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR DIE BEPLANNING VAN TEOLOGIESE OPLEIDING VIR DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

1. Hierdie komitee, deur die KVK benoem, het by twee geleenthede vergader om die verslag op te stel om te finaliseer. Die volgende persone was deel van die komitee:

Prof P F D Weiss
 Prof W J G Lubbe
 Prof A Swart
 Ds M C Adendorff
 Ds A Boshoff (Voorsitter)
 Ds H C G Robbertze (afwesig met verlof)
 Dr W A Burger (Skriba)

2. VOORSTUDIE

2.1 Vereistes wat betref kursusse

- 2.1.1 Voornemende studente moet lidmate van die APK wees.
- 2.1.2 Hulle moet 'n B-graad neem met minstens tien kursusse waarvan minstens twee tot op derdejaarsvlak en minstens twee tot op tweedejaarsvlak moet wees.
- 2.1.3 Die volgende vakke is verpligtend: Grieks, Hebreeus en Latyn.
- 2.1.4 Een Bybelse taal (Grieks of Hebreeus) moet tot op derdejaarsvlak geneem word en een Bybelse taal (Grieks of Hebreeus) moet tot op tweedejaarsvlak geneem word.
- 2.1.5 Latyn moet geneem word. Dit kan Latyn I of Latyn IB wees. Laasgenoemde is 'n teologiese Latynkursus (aan Unisa) oor 'n tydperk van twaalf maande.
- 2.1.6 'n Keuse van vier vakke kan daarna uit vakke soos die volgende gemaak word: Volkekunde, Filosofie, Sosiologie, Sielkunde, Geskiedenis en Literatuurgeskiedenis.
- 2.1.7 Kerkgeskiedenis en Belydenisskrifte wat as kerklike vakke aangebied word, is verpligtend vir alle studente in die voorstudie.
- 2.1.8 Praktiese werk op 'n jaar vir jaar basis, sal gedoen moet word.
- 2.1.9 Die Kuratorium moet die reg hê om keusevakke by te voeg of weg te neem.
- 2.1.10 Voornemende studente moet vroegtydig by die Kuratorium aansoek doen om toelating.

2.2 Keuring

- 2.2.1 Keuring van studente sal vóór die eerste jaar, vóór die begin van die teologiese studie en finaal vóór toelating tot die bediening, geskied.

2.2.2 Daar sal gelet word op menseverhoudinge, optrede in die openbaar, geestesgesteldheid, persoonlikheidsienskappe, die leer en lewe van die studente en veral hulle geloofslawe.

2.2.3 Die Kerk is nie verplig om studente toe te laat nie. Dit bly die prerogatief van die Kerk.

2.3 Plek van voorstudie

2.3.1 Die plek van voorstudie kan enige Universiteit wees wat deur die Kuratorium goedgekeur is.

2.3.2 Die studente moet êrens periodiek saamgetrek word, deelyds of voltyds. Met die kerklike vakke wat voorgeskryf word, is die Kuratorium reeds verbind hiertoe. Alleen so sal die dosente hulle studente leer ken en kan hulle mekaar ook leer ken.

2.3.3 Die moontlikheid van afstandsonderrig is ook nie uitgesluit nie en moet as dit nodig is, wel oorweeg word.

3. TEOLOGIESE STUDIE

3.1 Inhoud

Dit is die gebruiklike vakke:

Ou Testamentiese Wetenskap
Nuwe Testamentiese Wetenskap
Ekklesiologiese Vakke
Dogmatologiese Vakke
Godsdienst Wetenskap en Sending Wetenskap
Diakonologiese Wetenskap of Ampelike Vakke.

3.2 Duur

Die Teologiese studie sal minstens drie jaar duur sodat die uiteindelijke studietydperk minstens ses jaar sal wees.

3.3 Keuring

'n Student moet lidmaat van die APK wees en deur die Kuratorium^m gekeur word vir opleiding as predikant.

3.4 Voltyds

Teologiese studie moet voltyds wees. Studente mag nie deelyds of voltyds werk nie. 'n Student se volle aandag en vermoëns moet aan sy studie gewy word.

4. DIE KURATORIUM

4.1 Samestelling

Die Kuratorium sal bestaan uit elf lede wat deur die Sinode aangewys word. Die Sinode wys ook 'n saamroeper aan.

4.2 Opdrag

- 4.2.1 Keuring van studente soos in 2.2 uiteengesit.
- 4.2.2 Toesig oor beide die voorstudie en die teologiese studie.
- 4.2.3 Die begeleiding van studente.
- 4.2.4 Om fondse en bemakings vir die Predikante-opleiding te bekom. Hiervoor sal hy hom gedurig tot lidmate en gemeentes moet wend.
- 4.2.5 Die daarstelling van opleidingsfasiliteite. Dit moet voortdurend onder die aandag van lidmate en gemeentes gehou word.
- 4.2.6 Die aanstelling van dosente.
- 4.2.7 Die aanwysing van 'n voltydse Uitvoerende Direkteur van die Kuratorium om alle belange van die teologiese opleiding doeltreffend te koördineer en te bevorder. Die Direkteur moet verantwoording doen aan die Kuratorium.
- 4.2.8 Eksaminering van studente.
- 4.2.9 Die Kuratorium het die reg tot koöptering van hulpkragte, bv. van eksaminatore, maar die verantwoordelikheid bly steeds dié van die Kuratorium.
- 4.2.10 Die Kuratorium behandel en beslis oor aansoeke om predikantstatus.
- 4.2.11 Lidmate, kerklike vergaderings en kerklike kommissies het die reg om aanbevelings by die Kuratorium te maak, maar die Kuratorium bly finale verantwoordelik aan die Sinode.

5. GETAL STUDENTE PER JAAR

Dit is noodsaaklik dat daar voortdurend aandag gegee word aan die getal studente wat jaarliks toegelaat word. Aan die begin word nie probleme verwag nie, maar later mag dit dalk nodig wees om die getalle te beperk tot 'n sekere kwota.

6. PLEK VAN TEOLOGIESE STUDIE

- 6.1 Die ideaal wat so spoedig moontlik verwesenlik moet word is dat 'n Kweekskool, so gou moontlik 'n Teologiese Fakulteit, op 'n geskikte plek ingerig sal word waar studente voltydys saam kan studeer en saam kan inwoon.
- 6.2 Vir 1988 moet studente self vir huisvesting sorg.

- 6.3 Geskikte lokale vir die teologiese opleiding moet vir 1988 in of vlakby Pretoria gevind word ter wille van biblioteekgeriewe vir dosente en studente.
- 6.4 Lidmate en gemeentes moet dringend gevra word om met huisvesting van studente te help waar enigsins moontlik.
- 6.5 Die beplanning wat hier voorgelê word, is in die eerste plek vir 1988. Wat die toekoms betref moet daar gedurende 1988 weer verder beplan word.

7. LOKAAL

Daar bestaan tans 'n behoefte aan 'n lokaal vir sinodale kantore asook 'n lokaal vir opleiding van teologiese studente. 'n Doelmatige plek wat geskik is vir albei doeleindes moet gevind word. Dit kan 'n groot huis of gebou wees met een of twee of meer vlakke. Dit kan moontlik voorlopig dien as 'n sentrum vir die APK.

8. DOSENTE

- 8.1 Vir verskeie redes waaronder ook 'n gebrek aan fondse, sal ons kerk vir sy teologiese opleiding gebruik moet maak van sy beskikbare predikante. Byvoorbeeld: Dogmatiek kan verdeel word tussen drie predikante wat dit om die beurt kan doseer of periodiek kan wissel. Hulle kan eenmaal per week of soos nodig, na 'n bepaalde plek gaan om klasse te gee terwyl hulle verder ook die gemeentewerk hanteer. Vir die doseerwerk ontvang hulle van die Kerk hulle reiskoste en 'n beskeie honorarium.
- 8.2 Die onderrig-rooster moet rekening hou met die dosente se omstandighede.
- 8.3 Om al die werk te kan doen sal daar tussen 12 tot 18 deeltydse dosente moet wees.
- 8.4 Vir die impl^ementering van bogenoemde sal 'n volledige opname nog tydens hierdie sinodesitting gemaak moet word van die kwalifikasies van al ons predikante. So kan bepaal word wie gebruik kan word, waar en hoe.

9. FINANSIERING VAN DIE OPLEIDING VAN PREDIKANTE

- 9.1 Die Kuratorium is geheel en al selfstandig in die ontginning en aanwending van fondse, ook beursfondse, vir die opleiding van predikante met verantwoording slegs aan die Sinode.
- 9.2 Studente betaal self vir hulle verblyf.
- 9.3 Teologiese studente betaal klasgelde aan die Kuratorium soos die Kuratorium bepaal.
- 9.4 Waar moontlik ondersteun die Kuratorium studente finansieel.
- 9.5 Die Kuratorium maak voorsiening vir die lokaal vir opleiding.

- 9.6 Konserwatief bereken kan die koste vir teologiese opleiding vir 1988 R200 000,00 beloop. Daarom vra die Sinode van elke gemeente om minstens 2% van sy inkomste aan die Kuratorium oor te betaal en wel kwartaaliks.

Die komitee vertrou dat hy sy taak tot bevrediging van die Sinode afgehandel het en wil graag die Sinode verseker van sy voorbidding vir hierdie belangrike saak.

w.g. Ds A Boshoff (Voorsitter)
Prof P F D Weiss
Prof W J G Lubbe
Prof A Swart
Ds M C Adendorff
Ds H C G Robbertze
Dr W A Burger (Skriba)

Datum: 13 Oktober 1987

VERSLAG VAN SAAMROEPER VAN DIE REDAKSIEKOMITEE VIR DIE OPSTEL VAN KATEGESEBOEKE
VIR DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

1. OPDRAG

Op 1 Oktober 1987 het die Kerk my versoek om die leiding te neem vir die opstel van die A P K se reeks Kategesehandboeke. Daar is begin met die opstel van 'n Leerskema, van voorskool tot st. 9, en as leidraad is die reekse van die NG Kerk en die NH Kerk gebruik. Die samewerking van 12 lesskrywers is verkry, nl. 9 predikante en 3 dames. 'n Voorlopige redaksiekomitee en eindredaksie is saamgestel en die dienste van 'n kunstenaar is verkry. (Sien Bylaag A)
Bogenoemde voorbereidingswerk is aan die Dagbestuur van die K V K op 8 Oktober vir goedkeuring voorgelê. 'n Verkorte weergawe van die lesskema word hierby aangeheg. (Kyk Bylaag B)

2. OPSTEL VAN BOEKE

Die temas van die inhoud van elke boek is hierna aan die skrywers besorg met sekere wenke en versoeke :

2.1 Leidrade en voorbeelde

Die handboeke moet die A P K se eie reeks wees maar as algemene riglyn kan dié van die NG Kerk en die NH Kerk nuttig gevind word.

2.2 Bestek

Die boeke vir voorskool tot st. 1 sal verkieslik in A4-formaat moet verskyn, en dié vir st. 2-9 in A5-grootte. Tot met st.5 is ongeveer 2 bladsye per les voldoende, st 6-7 3 bladsye en st 8-9 4 bladsye per les.

2.3 Tyd vir opstel van boeke

Die Dagbestuur van die K V K het versoek dat die skrywers hul manuskripte teen 13 November 1987 gereed sal hê. Nadat die boeke nagesien is, sal hul hopelik nog gedrukkan word om gereed te wees teen einde Januarie.

3. ALGEMEEN

Weens die kort tydsbestek vir hierdie opdrag moet die boeke gesien word as voorlopig vir gebruik slegs in 1988. Deeglike en finale werk kan nie in so 'n kort tyd afgehandel word nie. Tog voorsien ons dat hierdie eerste reeks as betroubaar en redelik bevredigend bevind sal word. Voorstelle vir verbetering of wysiging van die boeke sal gedurende 1988 voorgelê kan word.

4. SLOT

Die skrywers vra die voorbidding van die Sinode dat hulle die wysheid van die Here mag ontvang by die opstel van die boeke sodat hulle met seën gebruik sal kan word deur die jeug van die A P K.

Namens DIE REDAKSIEKOMITEE
M. J. O. D. SCHEUER
(Saamroeper)

KEN EN VERTROUMEDEWERKERSLESSKRYWERS

Mev. A. Olivier	Voorskool
Mev. I.E. Jooste	Gr. 1
Mev. A.M. Leach	Gr. 2
Ds. L.H. Jacobs	St. 1
Ds. C.J.S. Botha	St. 2
Ds. W.A. Jooste	St. 3
Ds. A.S. van Jaarsveld	St. 4
Ds. O.D. Scheuer	St. 5
Ds. J.N. Joubert	St. 6
Ds. A.S. van Staden	St. 7
Ds. J.H. Theron	St. 8
Ds. A.P. Viljoen	St. 9

REDAKTEURS

Ds. J.H. Theron
Ds. A.P. Viljoen
Ds. O.D. Scheuer

KUNSTENAAR

Mnr A. Fischer

EINDREDAKSIE

Prof. W.J.G. Lubbe
Prof. A. Swart
Prof. S. Roos
Prof. T. Verster
Ds. O.D. Scheuer

LESSKEMA - KATEGESBOEKE - APKERK

1. Voorskool : Die kerk, Here Jesus, skepping, wonders en genesings, die Here sorg, hulpvaardigheid, dankbaarheid, Kersverhaal.
2. 1. Graad 1 : Skepping, Kain en Abel, Noag, Abraham, Isak, Josef. Sondag. God die Vader. Jesus-geboorte, wonderwerke, diensbaarheid
3. 2. Graad 2 : Josef, Moses, Egipte en uittoeg. Jesus se bediening. Kind en Kerk. Liefde. Gebed. Die goeie Herder. Kersverhaal.
4. 3. St. 1 : Israel tot by Sinai. Intog in Kanaan tot Jerigo. Jesus-geboorte, dissipels, wonders, lydensgeskiedenis, die Heilige Gees, Stefanus en Paulus. Kerkgang. Wederkoms
5. 1. St. 2 : Israel in Kanaan, rigters, eerste konings. Na hemelvaart - vroeë Christelike kerk, eerste kerkvergadering. Gebed, geloof, die Sondag, erediens.
6. 2. St. 3 : Die profete en konings van Israel. Esra en Nehemia. Johannes die dooper, Jesus se geboorte, wonderwerke en opwekkings. Gebed (die Onse Vader), ouers en die gesin.
7. 3. St. 4 : Die gelykenisse, die Onse Vader, Jesus se optrede in Jerusalem, die lydensverhaal tot by die opstanding. Die vroeë kerk na Pinkster, die apostels tot by Paulus.
8. 1. St. 5 : Die Bybel, die Skepping, sonde, die verbond met Israel, ballingskap. Koms van Christus, sy optrede, Christelike kerk, Paulus, briewe van N.T. wederkoms, Openbaring.
9. 2. St. 6 : Die Belydenisskrifte. Die Heidelbergse Kategismus Sondag 1 tot Sondag 19 (Vrae 1 tot 52). Die Kerkhervorming.
10. 3. St. 7 : Die Heidelbergse Kategismus Sondag 20 tot 31 (Vrae 53 tot 85 (Enkele D.L. en NGB Art.) Die erediens. Die kerke onder Afrikanervolk. Die Afrikaanse Protestantse Kerk.
11. 1. St. 8 : Die Heidelbergse Kategismus Sondag 32 tot 52 (Vrae 86 - 129). Kerkregering. Sektewese. Die Gereformeerde Protestantisme. My geloofslewe.
12. 2. St. 9 : Gedeeltes uit Heidelbergse Kat. oor Sonde, Verlossing en Dankbaarheid. God die Heilige Gees. Die Sakramente. Lewe as kind van God (die Geboorte) Gebed. Die erediens. Sektes. Die APKerk.

I N H O U D

1.	Geloofsbrief (<u>Dringend! - Kyk 4 : Brief aan</u>)	
2.	Gegewens van gemeente op 31/10/87 (<u>dringend! kyk 4 ; Brief aan</u>)	
3.	Titelblad	
4.	Brief aan afgevaardigdes	
5.	Agenda	1
6.	Konsepordereëls	4
7.	Tydlike Kommissies	8
8.	Konsep-Kerkorde	10
9.	Verslag : Teologiese Opleiding	27
10.	Verslag : Kategese	32
11.	Beskrywingspunte	35

G E L O O F S B R I E F

Die Kerkraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk
..... (vul naam van gemeente in, bv. Bloemfontein)
het op sy vergadering op datum 19
die volgende kerkraadslede aangewys om die gemeente te verteenwoordig op die
Eerste Sinodesitting van die A P K, te Constantia-Park, Naboomspruit, op
2 November 1987 en volgende dae.

Leraar(volle name)

Ouderling(e) : Primarius
..... (volle name)

 Secundus
..... (volle name)

 Primarius
..... (volle name)

 Secundus
..... (Volle name)

Diaken : Primarius
..... (volle name)

 Secundus
..... (volle name)

Bogenoemde afgevaardigdes het die opdrag om die gemeente te verteenwoordig in alle
sake wat by die betrokke vergadering ter tafel kom, om aldusdoende steeds getrou
te bly aan die Woord van God, die Belydenisgeskrifte en die besluite en reëlins
ter wille van goeie orde in ons Kerk.

Die kerkraad en gemeente bid ons afgevaardigdes en die ander lede van die Sinode
Gods rykste seën toe op alle verrigtinge van die Sinodale Vergadering.

GETEKEN namens die Kerkraad en Gemeente.

..... (VOORSITTER)

..... (SKRIBA)

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

ENKELE GEGEWENS VAN DIE GEMEËNTE

.....

VIR VOORLEGGING AAN DIE SINODE, 2 NOVEMBER 1987 E.V.D.

1. Stigtingsdatum van gemeente
 2. Voorganger (namens KVK) by stigting
.....
 3. Getal belydende lidmate by stigting
 4. Getal belydende lidmate op 1987-10-31
 5. Getal dooplidmate op 1987-10-31
 6. Getal (a) Ouderlinge op 1987-10-31
 (b) Diakens op 1987-10-31
 (c) Besoekpunte op 1987-10-31
 (d) Wyke op 1987-10-31
 7. Naam van (a) bevestigde leraar
 datum
- (b) leraar bevestig te word
 datum

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(n Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners.)

BESKRYWINGSPUNTE

Voorgelê aan die eerste Sinode in sitting te Constantiapark,
distrik Naboomspruit vanaf 2 tot 7 November 1987 deur Ringe,
Kerkrade, ampsdraers en lidmate.

INHOUDSOPGAWE

1.	Kerkorde / Kerkregtelike aangeleenthede (L.W. kyk p. 23 - 28 vir Vervolg)	1-5
2.	Formuliere (Bylaag A,B,C,D,E,F aangeheg na p.7)	6-7
2(b)	Formuliere (vervolg 1) (Bylaes G en H aangeheg na p.8)	8 (ook 28)
3.	Bybel / Bybelvertaling	8-9(kyk 28v)
4.	Sangbundel	9-10(kyk 29v)
5.	Kategese	10-12(kyk 30v)
6.	Erediens (Liturgiese ordes)	12-16(kyk 33)
7.	Beleid (Bylae D)	16-17(kyk 34)
8.	Kerkvisitasie	18
9.	Gemeentelike Dokumentasiestelsel	18 (kyk 35)
10.	Kerklike Feesdae	18-19
11.	Sinodale Heffings	19-20
12.	Dankoffer/Tiendes	20
13.	Gemeentelike Bates	20
14.	Bejaardes	20 (kyk 37)
15.	Evangelisasie	20
16.	Huweliks- en Gesinslewe	21 (kyk 38)
17.	Euwels	21 (kyk 38)
18	Sending	21-22(kyk 38)
19	Bidure	22
20	Uittredingsvoordele Beswaarde Predikante	22
21	N.G. Kerkboekhandel	22
1(b)	Kerkorde/Kerkregtelike Aangeleenthede (Vervolg 1)	23-28
2(c)	Formuliere (Vervolg 2) (Bylaes I,J,K aangeheg na p.38)	28 (kyk 40)
3(b)	Bybel / Bevelvertaling (Vervolg 1)	28-29
4(b)	Sangbundel (Vervolg 1)	29-30
5(b)	Kategese (Vervolg 1)	30-32
6(c)	Erediens (Vervolg 1)	33

(Inhoudsopgawe - Vervolg)

7(c)	Beleid (Vervolg 1)	34
9(c)	Gemeentelike Dokumentstelsel (Vervolg 1)	35
11(b)	Sinodale Heffings (Vervolg 1)	36
14(b)	Bejaardes (Vervolg 1)	37
16(b)	Huwelik en Gesinslewe (Vervolg 1)	38
17(b)	Euwels (Vervolg 1)	38
18(b)	Sending (Vervolg 1)	38
22	Beskrywingspunte Diak. D.J. Müller - Barberton	39
23	Leesstof	39
24	Inligting	39
2(d)	Formuliere (Vervolg 3 - Bylaes L en M)	40

Laat ingekome stukke, dit is alle stukke ontvang vanaf MAANDAG 19 OKTOBER, sal by die Sinode aan afgevaardigdes beskikbaar gestel word.

1. KERKORDE/KERKREGTELIKE AANGELEENTHEDE

1.1 KERKNAAM

- 1.1.1 Ring van Suidkus beveel aan dat die naam "DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK" met die onderskrif "'n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners" onveranderd behoue bly;
- 1.1.2 Daar word volstaan by die naam van die Kerk en die Ring aanvaar die besluite wat die Sinode in hierdie verband sal neem - Ring van Morgenzon.
- 1.1.3 Die Ring van Heilbron beveel aan: "Die naam Afrikaanse Protestantse Kerk ('n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners) word aanvaar as die naam van die kerk."

1.2 OUTONOMIE VAN GEMEENTE

1.2.1 Formulerings van Outonomie van Gemeente:

Kommer word uitgespreek dat die toekomstige ontwikkeling en groei van die Afrikaanse Protestantse Kerk kan uitloop op dieselfde situasie as in die NG Kerk waar die Gemeente en Kerkraad geen seggenskap en jurisdiksie het nie, en waar die Sinode beleidsveranderinge aanvaar wat tot skeuring in die Gemeente lei.

Daar moet gewaak word teen die twee uiterstes waar die Sinode alle mag verkry of waar die Gemeente onder leiding van 'n dwaalleraar of dwaalgedagte die pad byster raak.

Die vergadering verlang dat wanneer die APK met Sinode verkeer gaan die Gemeente in staat moet wees om met volle eienaarskap van bates uit die Kerk te tree.

Die vergadering besluit dat die Sinode versoek word om die outonomie van die Plaaslike Kerkraad duidelik te formuleer met inagneming van bovermelde standpunt.

Ring van Morgenzon.

VROU IN AMP

Die Ring versoek die Sinode om hom uit te spreek oor vrou in die amp.
Ring van Derby.

Die Ring van Heilbron beveel aan: "Die vrou mag nie in die amp van predikant en ouderling dien nie."

Verder, die Ring van Heilbron beveel aan dat die Sinode sal herbesin oor die vrou in die amp van diaken. Die vrou se dienste is allernoodsaaklik in die vrouediens in die gemeente.

1.3 ORDEREËLS VIR KERKRAADVERGADERINGS

- 1.3.1 Kerkraadsvergaderings is konfidensieel, veral om volle geleentheid te gee vir die bespreking van tug-toepassing. Dit is egter noodsaaklik dat die gemeente meer insae het oor veral beleidsbesluite wat deur 'n Kerkraad geneem word, en derhalwe word die Sinode versoek om behoorlike Ordereëls op te stel vir Kerkraadsvergaderings met inbegrip van riglyne t.o.v. Kerkraadsbesluite wat bekend gemaak moet word.

Ring van Morgenzon.

1.4 VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE

- 1.4.1 Dat ampsdraers van 'n gemeente deur die gemeente genomineer word en ampsdraers van die kerk ook deur gemeentes genomineer kan word, maar definitief deur gemeentes bekragtig moet word.

Brs. I.C. du Preez en J.J. Barnard (Ring van Moot-Sentraal).

- 1.4.2 Die sinode besluit dat by verkiesing van kerkraadslede die gemeente self tydens 'n gemeentevergadering die vakatures in die kerkraad sal vul. Ook die beroep van leraars moet tydens gemeentevergaderings plaasvind.

Ring van Derby.

1.5 TOELATING TOT BEDIENING

- 1.5.1 Ring van Suidkus beveel aan dat 'n KOMMISSIE VIR TOELATING VAN LERAARS bestaande uit 'n paneel van minstens 10 deskundiges daargestel word.

- 1.5.2 Ring van Suidkus beveel aan dat geen aktiewe lid van die Vrymesselaars en die Afrikaner Broederbond toegelaat sal word om op 'n kerkraad te dien of 'n leraar te wees nie.

- 1.5.3 By dié oorweging, dat gemeentes insae en inspraak sal hê by daarstelling van curriculae en literatuur. Dat gemeentes direk sal dien op enige en alle beheerrade en liggame in die verband.

Brs. I.C. du Preez en J.J. Barnard (Ring Moot-Sentraal).

- 1.5.4 Met die oog op 'n moontlike kweekskool, bring Ventersdorp dit onder die sinode se aandag dat daar op die dorp 'n koshuis leeg staan wat geskik sou wees vir die doel, veral aangesien Ventersdorp naby aan die P.U. vir C.H.O. geleë is.

Ring van Derby.

1.6 BEROEPSTELSE

- 1.6.1 Ring van Suidkus beveel aan dat 'n kommissie bestaande uit kundiges aangestel word om die hele beroepingstelsel van die AP Kerk te ondersoek met inagneming van ander kerke en stelsels.

- 1.6.2 Die Sinode word verder versoek om 'n bepaling in die Kerkorde neer te lê dat die Gemeente deel moet hê aan die verkiesing van Kerkraadslede en ook aan die beroeping van 'n Leraar.

Ring van Morgenzon.

1.7 RINGSINDELING

- 1.7.1 Die Ring besluit Sinode te versoek dat Newcastle by Ring van Suidkus ingeskakel sal word en dat reëling waarby Newcastle by Ring van Memel ingeskakel is, slegs tydelike reëling sal wees.

Ring van Suidkus.

1.8 AFGEVAARDIGDES (RING EN SINODE)

- 1.8.1 Ring van Suidkus beveel aan dat afgevaardigdes na Ringsittings en Sinodes uit die volgende sal bestaan:

- (i) Leraar
- (ii) Ouderling
- (iii) Diaken
- (iv) Een gemeentelid,

deur die Gemeente gekies.

- 1.8.2 Ring van Suidkus beveel aan dat emeritus leraars, doserende of emeritus doserende persone in die teologie binne die raamwerk van die kerk, nie na Sinodes afgevaardig mag word nie.

- 1.8.3 Die sinode besluit dat twee afgevaardigdes, lede van 'n kerkraad, per predikant na vergaderings van Ring en Sinode afgevaardig word.
Ring van Derby.

- 1.8.4 Die Ring van Heilbron beveel aan: "Die afvaardiging na die Sinode en Ringe van die gemeentes sal in alle gevalle twee afgevaardigdes uit die kerkraad wees plus die predikant. Die afgevaardigdes uit die kerkraad mag nie vervang word deur dosente aan teologiese fakulteite, emeritus leraars of teologiese studente wat op die kerkrade dien nie."

(Motivering sal ter Sinode gegee word.)

1.9 KOMMISSIES VIR RINGE

- 1.9.1 Ring van Suidkus volstaan vir die huidige by een algemene Ringskommissie bestaande uit minstens een verteenwoordiger per gemeente met 'n minimum van vier lede. Die Sinode moet hierdie saak voortdurend dophou soos die kerk groei en sal toesien dat hierdie kommissie om die beurt die gemeentes sal besoek.

- 1.9.2 Die vergadering besluit dat kommissies sover moontlik beperk word en slegs die volgende kommissies word voorgestel:

- (1) Dagbestuur
- (2) Kommissie vir Kerkbestuur: Finansies en Eiendomme
- (3) Evangelisasie en sending
- (4) Jeugwerk met insluiting van Kategese-onderrig.

Ring van Morgenzon.

- 1.9.3 Kommissies vir Ringe word op ad hoc-basis aangewys om op te tree as en waar nodig.

Ring van Derby.

- 1.9.4 Gesien die Bybels-gefundeerde, Gereformeerde beginsel van lerende en regerende ouderlinge, besluit die sinode as volg: In elke kommissie van Ring en Sinode, insluitende die moderatuur en ringskommissie moet die regerende ouderlinge minstens twee-derdes van die verkose lede vorm.

Ring van Derby.

1.10 RING- EN SINODESITTINGS

- 1.10.1 (i) Alle Ring- en Sinodesittings se agenda vooraf aan gemeentes beskikbaar vir insae.
 (ii) Versoek aan gemeentes tot insette en kommentaar.
 (iii) Gemeente moet reg tot toegang tot ringsitting hê en gemeente-afgevaardigdes moet deel vorm van kerkraadaafgevaardigdes volgens 'n bepaalde formule.
 (iv) Dat 'n gemeentelid voor die Ring kan optree ten einde enige inset toe te kan lig.
 (v) Dat geen Ring- of Sinode-besluit enige bindende regsrag op welke wyse op die APK mag hê nie, maar slegs adviserend mag wees en aan gemeentes voorgelê moet word vir bekragtiging by meerderheidstem.

Br. I.C. du Preez en J.J. Barnard (Ring van Moot-Sentraal).

- 1.10.2 Ring van Suidkus beveel aan dat konsep-agendas vir Ringsittings voorsiening maak vir gemeentekonferensies wat draai om 'n geestelike onderwerp.

- 1.10.3 Voordat sinodesittings plaasvind, moet agendas eers na die gemeentes deurgestuur word sodat hulle oor belangrike sake kan besin. Die gemeentes kan dan hulle afgevaardigdes opdrag gee watter standpunte ingeneem moet word. Op hierdie wyse kom die gemeente se standpunt oor 'n spesifieke saak tot uiting en nie die standpunt van die individu nie.

Ring van Derby.

- 1.10.4 Die Ring van Heilbron beveel aan: "In die Afrikaanse Protestantse Kerk sal daar net een Nasionale Sinode wees waarin elke gemeente deur sy afgevaardigdes verteenwoordig sal wees."
- 1.10.5 Die Ring van Heilbron beveel aan: "Die benaminge Moderator, Assessor en Aktuarius word vervang met Voorsitter, Onder-Voorsitter en Kerkregtelike adviseer. Die benaminge Skriba en hulp skriba bly."
- 1.10.6 Die Ring van Heilbron beveel aan: "Teologiese dosente sal kerkregtelik vanweë die pos wat hulle beklee, slegs adviserende stem op Rings- en Sinodesittings hê."

(Motivering sal ter Sinode gegee word.)

- 1.10.7 "Konsensieuse sake sal eers na gemeentes verwys word alvorens die Sinode 'n finale besluit daaroor sal neem."

Ring van Heilbron.

1.11 APPÈL

- 1.11.1 Die Sinode word versoek om 'n duidelike spoedeisende vorm van appèl in te voer teen besluite van vergaderings.

Ring: Moot-Sentraal.

1.12 LIDMAATSKAP

- 1.12.1 Ring van Suidkus beveel aan dat lidmaatskap van die APK beperk sal word tot blanke Afrikaners en anderstalige Afrikaners wat hulle met die Afrikaner vereenselwig en dat sodanige bepaling alleenlik gewysig kan word deur 'n eenparige besluit van die Sinode/s.

- 1.12.2 Die sinode doen 'n dringende beroep op lidmate van die AP Kerk om nie dubbele standaarde aan te lê nie.

Ring van Derby.

- 1.12.3 Die Ring van Heilbron beveel aan: "Aansoeke om lidmaatskap vanuit ander erkende kerke moet voor die kerkraad dien alvorens toelating sal geskied. Hartgrondelike instemming met die beleid van Die Afrikaanse Protestantse Kerk se beleid is noodsaaklik."

2. FORMULIERE

- 2.1 Ring van Suidkus beveel aan: Die konsep-formulier vir die bediening van die Doop aan kinders in die AP Kerk word aan die Ring voorgelê deur die Voorsitter. Besluit die konsep aanvaar en aan Sinode voorgelê sal word. Kyk BYLAE A.

- 2.2 Konsep-formulier (slegs een) vir die Bevestiging van Diakens:

Die werk van die Diaken word bespreek. Die vergadering is algemeen van mening dat die Diaken hom grootliks moet toespits op barmhartigheidsdiens in gemeente-verband. Verskillende maniere om lidmate se bydraes in te samel word bespreek met die oog daarop om die instellingsformulier so op te stel dat die taak van die Diaken om barmhartigheidsdiens te doen beter uitgelig word.

Die aanvanklike meelewing van gemeentelêde met gepaardgaande vrywillige groot offergawes, die instelling van koevertjie-stelsels, die instelling van 'n behoorlike skatkis by die Kerk deur, kontrole oor offergawes met die oog op uitskakeling van diefstal, wantroue en ander ongerymdhede, word breedvoerig bespreek.

Die Voorsitter wys daarop dat die dankoffer 'n deel uitmaak van die Erediens waar elke lidmaat tasbaar sy deelname betoon. Voorts vestig hy die vergadering se aandag op soortgelyke besluite in die NG Kerk in die verlede waar die gereelde insamelingstaak van die Diaken verander is, en waar dit altyd uitgeloop het op 'n totale ineenstorting van die finansiële stand van die gemeente.

Die vergadering besluit dat die Ouderling gereeld op hoogte gebring moet word van sy wykslede se bydraes, spesifiek in gevalle waar dit baie swak is, of waar dit heeltemal gestaak het. Die ouderling kan tot 'n mate aanvaar dat daardie lidmaat koud staan teenoor sy Skepper, dat hy meelewendheid met die Kerk verloor het, of dat hy een of ander krisis ondervind. Die vergadering besluit derhalwe dat lidmate versoek word om hul offergawes self na die kerk te bring, waar 'n kontrolelys gehou en kwitansies uitgereik sal word. Die ouderlinge doen die opvolgwerk deur in hul geestelike bearbeiding ook 'n lidmaat se gawe met hom te bespreek waar nodig. Daar hoef dus slegs 'n paar diakens te wees wat hulle aandag kan gee aan versorging van behoeftiges.

Die vergadering besluit dat die amp van Diaken beperk word tot manlike lidmate alleen aangesien die aanstelling van vrouens in kerklike ampte die pad is wat gevolg word deur vrysinnige kerke.

Ondersoek word ingestel na die ou bekende formuliere ook bekend as die "klassieke" en "verkorte" formuliere.

Die vergadering besluit dat die konsep-formulier soos vervat in "Bylae F" voorgelê word aan die Sinode vir oorweging en goedkeuring.

Hierdie formulier is gebaseer op die ou formulier en prakties verkort. Die diens wat verrig moet word by die Nagmaal en by die Erediens is in die formulier vervat. Kyk BYLAE B.

Ring van Morgenzon.

2.3 Formulier vir bevestiging van Ouderlinge - Kyk BYLAE C
Ring van Moot-Sentraal.

2.4 Formulier vir bevestiging van 'n Bedienaar van die Woord -
Kyk BYLAE D.

2.5 Verklaring insake onopgespoorde bewys van lidmaatskap -
Kyk BYLAE E.

2.6 Alternatiewe verklaring insake onopgespoorde bewys van lidmaatskap -
Kyk BYLAE F.

KONSEP-FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE DOOP
AAN KINDERS IN DIE APK

Geliefdes in die Here Jesus Christus,
Die leer oor die Doop word in drie hoofpunte saamgevat:

- Sonde** Ten eerste: Ons en ons kinders word in sonde ontvang en gebore. Daarom is ons onder die toorn van God en kan ons nie in Sy ryk kom nie, tensy ons weer gebore word.
- Verlossing** Ten tweede: Die Doop betuig en beseël aan ons die afwassing van die sonde deur Jesus Christus. Daarom word ons gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.
- Dankbaarheid** Ten derde: Elke verbond het twee kante. So word ons in die Doop deur God vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons krag.
- Die kinderdoop** Alhoewel ons kinders hierdie dinge nie verstaan nie, is dit nie 'n rede om hulle van die doop uit te sluit nie, want sonder dat hulle dit weet, het hulle in Adam deel aan die verdoemenis, en sonder dat hulle dit weet, word hulle ook weer in Christus in genade aangeneem. God stel dit baie duidelik waar Hy aan Abraham, die vader van al die gelowiges, en daarom ook aan ons en ons kinders, sê:
- Gen. 17:7** "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou".
- Hand. 2:39** Daarvan getuig Petrus ook: "Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, hulle wat die Here onse God na Hom toe sal roep".
- Gebed** Om hierdie instelling van God tot sy eer, tot ons troos en tot opbouing van die gemeente te gebruik, kom laat ons saam bid:
(Vrye gebed of die gebed soos vervat op bls 24 van Die Kerkboek van die N G Kerk uitgegee in 1983)

(Die doopouers word opgeroep om voor die kansel te verskyn)
- Die doopouers moet nou op die volgende vrae antwoord:
- Geliefdes in die Here Jesus Christus,
U het gehoor dat die Doop 'n instelling van God is om aan ons en ons kinders sy verbond te beseël. Daarom moet ons dit vir dié doel en nie uit gewoonte laat bedien nie. Dat dit dan blyk dat u so gesind is, moet u op hierdie vrae ongeveer antwoord:
- Vrae** Ten eerste: Bely u dat ons kinders, al is hulle in sonde ontvang en gebore en daarom aan allerhande ellende, ja aan die verdoemenis self onderworpe, tog in Christus geheilig is en daarom as lidmate gedoop behoort te wees?

Ten tweede: Bely u dat die leer van die Ou en Nuwe Testament, wat in die Artikels van die Christelike geloof saamgevat is en in die Christelike kerke hier geleer word, die ware en volkome leer van die saligheid is?

Ten derde: Beloof u en en is dit u voorneme om hierdie kind van wie u die vader en/of moeder is, as hy tot sy verstand gekom het, in hierdie leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?

N.N. wat is hierop u antwoord?

Antwoord Ja.

Doop Wanneer die bedienaar van die Woord en die Doop bedien sê hy:

N.N. ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Bankgebed Vrye gebed of die gebed soos vervat op bls 24 van Die Kerkboek van die N G Kerk uitgegee in 1983)

Konsep-formulier vir die bevestiging van Diakens : KVK-opdrag.
(Sien ook meegaande verslag van Rings-bespreking en versoek tot Sinode vir opstelling van Kerkorde)

Van die instelling van die diakenamp lees ons in die Handeling van die Apostels (Hand. 4 : 34,35 ; 6 : 1 - 6). Aan die begin het die Apostels self die bediening van die armes behartig. Hulle het die gawes wat gegee is ontvang en aan elkeen uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het. Maar toe sommige weduwees in die versorging ocr die hof gesien is, is daar op aandrang van die Apostels manne gekies wat in die besonder die bediening van armes moes behartig. Van dié tyd af is die diakenamp in die kerk onderhou. (Rom.12 : 8 ; 1 Kor. 12 : 28)

Die diakens moet getrou en ywerig die bydraes en goedere wat gegee word, versamel en bewaar. Hulle moet ook nougeset sorg dat die middele gevind word tot ondersteuning van die armes en vir die instandhouding van die erediens. Hulle amp behels ook die uitdeling wat hulle met onderskeiding en versigtigheid moet nakom. Dit is goed dat nie net met uiterlike gawes nie, maar ook met trooswoorde uit die Woord van God, aan die armes en noodlydendes hulp verleen word. Die diakens moet ook diens verrig by die viering van die Nagmaal en in die erediens.

Bevestiging:-

Geliefde broers, u moet op die volgende vrae opreg antwoord sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te aanvaar :

Ten eerste, is u oortuig dat God self deur sy gemeente u tot hierdie heilige diens geroep het?

Ten tweede, aanvaar u die Ou- en Nuwe Testament as die onfeilbare Woord van God en as die volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Ten derde, beloof u om u amp, soos dit aan u voorgehou is, getrou te vervul; (die ouderlinge in die Kerkregering saam met die bedienaars van die Woord, en) die diakens in die diens van die barmhartigheid en in die instandhouding van die erediens? Beloo u (gesamentlik) om in alle godsaligheid te wandel, en onderwerp u u aan die kerklike opsig en tug?

Bedienaar : N.N., wat is hierop u antwoord?

Antwoord : Ja.

Bedienaar : Geliefde gemeente, ontvang hierdie man(ne) as diensknegte van God, werk met hulle saam, volg hulle leiding en bid vir hulle.

Gebed : Here, ons God, ons dank U dat U steeds u kerk versorg en dat U mense roep en gebruik in die amp van (ouderling en) die diaken. Ons dank U dat U hierdie man(ne) gewillig gemaak het om die amp te aanvaar. Verleen aan hulle die bekwaamheid vir die taak en seën die gemeente waarin hulle geroep is om te dien. Laat alles strek tot uitbreiding van die koninkryk van U Seun Jesus Christus, in wie se Naam ons dit vra. Amen.

KONSEP

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN OUDERLINGE

1. Oproeping van verkosenes.

2. Inleiding

Gemeente van die Here Jesus Christus,
Volgens die Ou Testament het God sy verbondsvolk veral deur drie ampte laat bedien, naamlik koning, profeet en priester. Die Here Jesus Christus het hierdie drie ampte in Homself saamgevat. Kragtens ons verbondenheid aan Hom, is elke Christen in die amp van gelowige ook koning, profeet en priester.

Uit die Nuwe Testament blyk dat God steeds sy verbondsvolk deur gelowiges laat bedien wat veral op een van die drie ampsterreine spesialiseer: die ouderling koninklik, die leraar profeties en die diaken priesterlik. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en om die gemeente as liggaam van Christus op te bou (Efes. 4:12)

3. Vereistes vir die amp

Uit die Bybel is dit duidelik dat 'n ampsdraer bekend moet wees as iemand met 'n lewende geloof, iemand met 'n begeerte om vir die Here te werk, wat bekwaam is om te leer en gewillig is om daarvoor toegerus te word. Verder moet 'n ampsdraer 'n hoë sedelike lewenspeil handhaaf en in alle opsigte betroubaar wees.

Die hele gemeente het in biddende opsien tot God u verkiesing goedgekeur.

Aangesien daar geen wettige beswaar teen u leer en lewenswandel ingebring is nie, gaan ons nou voort om u in u amp te bevestig.

4. Broer(s) Ouderling(e)

U dra as bestuurder(s) van die huishouding van God (Titus 1:7) die verantwoordelikheid vir die opbou en geestelike versorging van hierdie gemeente. U moet toesien dat alle gemeentelide hulle in belydenis en lewenswandel gedra soos lewende lidmate van die kerk van Jesus Christus. Volgens die voorbeeld van Christus moet u u herderlike taak dienend uitvoer. Deur voorbidding, huisbesoek en siekebesoek moet u die lidmate bystaan, vertroos en in hulle geloof versterk en bemoedig. U moet veral ook verantwoordelikheid neem vir die dooplidmate sodat hulle gelei en geleer word om die Here te ken en te dien.

Die onordelikes en die onverskilliges moet u in liefde vermaan. Volgens die bepalings van die kerkorde moet u teen die wat in sonde volhard, optree met die kerklike tug, sodat hulle tot bekering kan kom. Gee ook ag op mekaar, en op die leer en lewe van die bedienaar van die Woord. Waak saam met die leraar oor die erediens en sorg vir die instandhouding daarvan. Werk met ywer en oorgawe mee aan die uitbreiding van die Konkinkryk van God.

5. Bevestiging

Liewe Broer(s), antwoord opreg op die volgende vrae, sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te aanvaar:

Eerstens, is u daarvan oortuig dat God self u deur sy gemeente tot hierdie besondere diens geroep het?

Tweedens, aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die onfeilbare Woord van God en as die volkome leer van die verlossing, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Derdens, beloof u om u amp, soos dit aan u voorgehou is, volgens hierdie leer getrou te vervul?

Vierdens, beloof u om tot eer van God te lewe, en onderwerp u u aan die kerklike opsig en tug?

Antwoord: Elkeen sê afsonderlik hardop: "Ja."

6. Vermaning

Wees getrou in u dienswerk. Wees goeie voorgangers vir die hele gemeente.

En Gemeente, ontvang hierdie ampsdraers as gestuurdes van die Here en bid vir hulle. Werk met hulle saam want die werk wat aan hulle opgedra is, bly steeds ook u taak. Wees gewillig en blymoedig in die uitleef van u verantwoordelikhede. Stel uself beskikbaar om toegerus te word as konings, profete en priesters in diens van Christus.

7. Gebed

Here God, ons aanbid U in dankbaarheid, omdat U U kerk deur al die eeue bewaar, versorg en laat groei. Ons dank U dat U ook nou weer ampsdraers afgesonder het om op 'n besondere wyse in U gemeente te dien. Ons bid dat U hulle elke dag sal inspireer en toerus vir hulle taak. Help ons almal om na U stem te luister, gehoorsaam aan U te wees en dankbaar saam te werk in die opbou en uitbou van U gemeente. Ons bid dit alles tot U eer, in die Naam van ons Here, Jesus Christus. Amen.

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN 'N BEDIENAAR VAN DIE WOORD.

'n konsep.

Geliefdes in die Here Jesus Christus, nadat u die broeder N.N beroep het om u as herder en leraar te kom bedien, en u ruim geleentheid gehad het om enige wettige beswaar teen sy leer of lewenswandel te opper voordat hy as bedienaar van die Woord bevestig kon word, en geen besware ontvang is nie, bevestig ons hom nou in sy amp. Kom ons let op wat die Woord van die Here leer omtrent die amp en die doel waartoe dit ingestel is:

Jesus Christus, die Koning van die Kerk, maak van die diens van mense gebruik om deur Sy Woord en Gees Sy Kerk te vergader [Ef. 4:11,12], te regeer en op te bou. Christus het sommige as apostels, ander as profete, ander ad herders en leraars gegee om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus. Die bedienaar van die Woord is dus deur die Here self geroep tot hierdie verantwoordelike taak. Tot die vervulling van sy amp behoort allereers dat hy voorgaan in die samekomste van die gemeente waar hy die Woord van die Here grondig en opreg moet uitle en loupas tot geloofstoerusting van die gemeente. Die Woord van die Here vermaan die bedienaar van die Woord: "Verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig, weerle, bestraf, en vermaan in alle lankmoedigheid en lering." [2 Tim. 4:2] Daarby moet hy die Sakramente van die Doop en die Nagmaal bedien.

Die amp van die leraar sluit verder die diens van die gebede in. Die Naam van die Here moet in die openbaar en in die binnekamer ten behoeve van die hele gemeente aangeroep word. Die Woord van God se in 1 Tim 2:1: "Ek vermaan dan dat smeking, gebede, danksegginge gedoen word vir alle mense." Dit is ook sy taak as herder om die lamms op te pas. Hy moet hulle wat nog nie belydenis van geloof afgele het nie, onderrig in die Skrif en in die leer van die Kerk.

In die gesindheid van die liefde van Christus moet hy die gemeentelike huis besoek en uit die Woord van God onderrig, vermaan, vertroos, versterk en opbou.

Verder moet die bedienaar van die Woord saam met die ouderlinge goeie toesig oor die gemeente hou. Hulle is opsetters en wagters oor die Huis van die Here wat die sleutels van die hemelryk hanteer om oop te sluit en toe te sluit volgens die reg aan hulle verleen.

Ten slotte is hy ook geroep om die Evangelie aan die heidene te bring en om die gemeentelike ook hierin aan te moedig. Hy moet nougeset let op sy eie lewe, sodat sy liefde vir die Here vir almal duidelik sal wees en sy toegewyde diens aan God vir almal tot aanspooring sal dien. Hy moet self die Woord van God onophoudelik onderes en daar aan hande gee, sodat hy ander kan leer en teesprekers kan weerle en die mond kan snoer. Uit dit alles blyk duidelik dat die amp van die bedienaar van die Woord van God 'n heerlike werk is waardeur God groot dinge tot stand bring. Dit is ook 'n voorreg om in

die amp te staan omdat mense daardeur tot saligheid gebring word.

Aangesien u, N.N., gereed is om die amp van herder en leraar van hierdie gemeente van Christus te aanvaar, moet u opreg antwoord op die vrae wat aan u gestel sal word, sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te vervul:

Die eerste vraag: Is u heiltemal oortuig dat God self deur Sy gemeente en die werking van sy Gees, u tot hierdie diens geroep het?

Antwoord: Ja, met my hele hart.

Die tweede vraag: Aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die enige ware Woord van God en die volkome leer van die saligheid, en het u die artikels en belydenis van die christelike geloof soos dit in ons Kerk geleer word, onderskryf, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Antwoord: Ja, met my hele hart.

Die derde vraag: Beloof u om u amp volgens hierdie leer getrou en met die nodige vertroulikheid te beoefen?

Antwoord: Ja, met my hele hart.

Die vierde vraag: Beloof u om u te onderwerp aan die Kerklike opsig en tug?

Antwoord: Ja, met my hele hart.

[In die geval van 'n proponent wat georden word, met handoplegging:

Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie diens geroep het, u deur Sy Heilige Gees verlig, u deur Sy Hand versterk en u in u bediening so regeer dat u daarin na behore en vrugbaar kan wandel, tot grootmaking van Sy Naam en tot uitbreiding van die Ryk van Sy Seun, Jesus Christus. Amen.]

Geliefde broeder, neem nou vir u verantwoordelikheid die gemeente[naam van gemeente] wat aan u geestelike sorg toevertrou is. Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof en in reinheid. Hou aan met voorlesing, vermaning en lering en verwaarloos nie die genadegawe wat in u is nie. Dan sal u, wanneer die Opperherder verskyn, die onverwelklike kroon van heerlijkheid ontvang.

En u, geliefde gemeente, ontvang hierdie broeder as 'n dienskneg van die Here en betoon aan hom die nodige agting. Neem sy boodskap aan wat hy volgens die Heilige Skrif moet verkondig, nie as die woord van die mens nie, maar soos dit dan waarlik sal wees, as die Woord van God. Kom laat ons hom in die gebed aan God opdra: Onse Vader wat in die hemel is, ons dank U dat U hierdie gemeente vergader het as U s'n, en dat dit deel mag wees van U kerk oor die ganze aarde. Ons dank U dat U self 'n bedienaar van die Woord voorsien en toegerus het vir hierdie besondere deel van U volk. Wil U hom begenadig met U volle wapenrusting. Ons bid

dat U hom elke dag met groter vrymoedigheid en oortuiging sal laat getuig van U wonderdade en die verlossing in en deur U Seun, Jesus Christus. Wil U hom met die nodige ywer seën, sodat hy almal wat vertroosting en versterking nodig het, sal besoek en bemoedig. Laat hulle wat hom moet bystaan en ondersteun, dit met toewyding doen en gee dat die gemeente hom as u gesant sal erken en respekteer, en hom met hulle gebede sal ondersteun. Wil U in U groot genade dit beskik dat hierdie verbintenis tussen herder en kudde tot die eer van U Naam en tot seen van elkeen sal strek. Ons vra dit in die Naam van die Opperherder, Jesus Christus. Amen.

VERKLARING INSAKE ONOPSPOORBARE BEWYS VAN LIDMAATSKAP.

-- 'n konsep.

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK.
'n Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners.

Aangesien ek/ons geen bewys van ons lidmaatskap kan opspoor
nie, verklaar ek/ons hiermee in alle opregtheid dat ek/ons
lidmaat/e was van die Kerk en
ons was tot op[datum] lidmaat van die
gemeente

Volle name en van.....
.....
.....

Ek/ons het ook die onderstaande twee getuies wat die waarheid
van bg. fan bevestig.

Ek/ons vertrou dat u vir my/ons as lidmate van die Afrikaanse
Protestantse Kerk, gemeente sal aanvaar.

Die uwe,

.....[Handtekening]

.....[Handtekening]

GETUIES:

Ons getuig hiermee dat bg. persoon/e wel lidmaat/e was van
genoemde gemeente en sover ons wete strek nooit hulle
lidmaatskap a.g.v. die tug verbeur het nie.

Volle name en van:.....
.....[Handtekening].....

Volle name en van:.....
.....[Handtekening].....

Geteken op hierdie dag van 19.....
te[plek]

ALTERNATIEWE VERKLARING INSAKE ONOPSPOORBAAR BEWYS VAN
LIDMAATSKAP.

Hiermee verklaar ondergetekende plegtig dat ek ongeveer
..... belydenis van my geloof afgele het in die
..... gemeente van die Kerk.

Die laaste gemeente waar ek belydende lidmaat was, was die
..... gemeente van die Kerk.

My lidmaatskap is tans onopspoorbaar.

Geteken op: [datum]

te[plek].

.....[Handtekening]

Volle naam:

2. FORMULIER (vervolg)

2.1 HEROPNAME NA AFSNYDING (kyk BYLAE G)

2.2 BEGRAFNISFORMULIER (kyk BYLAE H)

3. BYBEL / BYBELVERTALING

3.1 Die Ring besluit om aan te beveel dat die ou vertaling van die Bybel deur die A P K aanvaar word as gesaghebbende vertaling.

Ring van Suidkus .

3.2 Verskeie afgevaardigdes spreek hul bedenkinge uit oor die nuwe Bybel-vertaling. Dit is veral die kommentaar van Martin Gunther wat kommer wek. Aangesien die meeste lidmate net afleidings kan maak van wat in geskifte aan hulle voorgehou word, en dit wat hulle hoor, heers daar algaande meer onsekerheid oor die nuwe vertaling. Daar is selfs van die nuwe A P K gemeentes wat reeds besluit het dat hulle glad nie die nuwe vertaling gebruik nie.

Dit moet aanvaar word dat die kinders die nuwe vertaling beter verstaan en die nuutste Kategese boeke is ook reeds daarby aangepas.

Ds. A. Boshoff wys daarop dat die vertaling uit Grieks uitstekend is en dat verskeie van die persone wat op die Vertalingskommissie gedien het hulself reeds onderskei het.

Die Vergadering besluit dat die Sinode ondersoek instel na alle kwelvrae oor die nuwe vertaling en dat 'n verslag daarvoor uitgebring word waarin standpunt ingeneem word. Sodanige verslag moet aan alle lidmate beskikbaar gestel word.

Die vergadering besluit dat gemeentes in die Ring die 1953 vertaling as gesaghebbend sal gebruik en die nuwe vertaling kan aanvullend en ter verdere verduideliking benut word.

Ring van Morgenzon.

3.3. Die Ring versoek die Sinode om 'n kommissie aan te stel om alle aangeleenthede i.v.m. die nuwe Bybelvertaling te ondersoek. Alle gedeeltes in die vertaling wat onder verdenking is moet bestudeer word met in agneming van alle moontlike bronne. Aanbeveling en kommentaar moet aan Bybelvertalers deurgestuur word.

Ring van Mootsentraal.

3.4 Die Ring besluit eenparig dat die 1933/53-vertaling van die Bybel verkieslik is en versoek die Sinode om 'n verduideliking aan lidmate beskikbaar te stel waarom die 1983 vertaling onaanvaarbaar is.

Ring van Derby.

Die Ring besluit op die volgende formuliere:

Konsen-formulier vir die heropname van 'n lidmaat wat van die gemeente afgesny was

Geliefdes in die Here,

By 'n vorige geleentheid is aan u bekend gemaak dat die lidmaat, N.N., weens sy sonde en volharding daarin, van die gemeente afgesny is.

Aangesien die betrokke persoon voor die kerkraad berou oor sy sonde betoon het en dit in die praktyk bewys, word hy as boetvaardige hiermee met blydschap weer in die gemeente van Christus opgeneem.

Belofte van die afgesnyde lidmaat

Om in die gemeente opgeneem te kan word, moet u, N.N., vooraf op die volgende vrae opreg antwoord.

Ten eerste, verklaar u voor God en sy gemeente dat u van harte berou het oor u sonde en u hardnekkige volharding daarin, op grond waarvan u van die gemeente afgesny is?

Ten tweede, glo u van harte dat die Here u die sonde om Christus ontwil vergewe het?

Ten derde, begeer u om weer in die gemeente van Christus opgeneem te word en belooft u om voortaan as 'n lewende lidmaat in alle godsaligheid te wandel ooreenkomstig die Woord van God?

Ten vierde, onderwerp u u aan die kerklike opsig en tug?

Antwoord: Ja.

Verklaring

Hiermee word in die Naam van Jesus Christus verklaar dat die afsnyding van die gemeente van N.N., opgehef is en dat hy weer as lidmaat in die gemeente opgeneem is met volle toegang tot die sakramente en al die voorregte en weldade wat God aan die gemeente skenk. Mag die ewige God hom voortaan in sy Seun Jesus Christus teen alle sonde en kwaad bewaar.

Geliefde gemeente,

Ontvang hierdie lidmaat met vreugde en blydschap want hy was dood en lewe weer, hy was verlore en is teruggevind. Beskou en behandel hom voortaan as 'n medelid van Christus, 'n medeburger van die koninkryk van God en 'n medehuisgenoot van God.

Gebed

Aangesien ons niks uit onself vermag nie, laat ons die Here dank en Hom om sy genade smeek;

Barmhartige God en Vader,

Ons dank U dat U aan ons medebroeder barmhartigheid bewys het, hom die bekering tot die lewe geskenk en die begeerte in sy hart gelê het om tot u gemeente terug te keer.

Saam met die engele in die hemel is daar blydschap in die gemeente oor sy terugkeer.

Gee aan hom al meer die versekering dat sy sonde vergewe is sodat hy daaruit onuitspreeklike blydschap sal put, asook vreugde om weer in die diens van die Here te mag staan.

Gebruik hom voortaan as 'n lewende getuie van u reddende genade en vergewende liefde in Jesus Christus.

Gee aan hom en aan ons almal voortdurend krag tot oorwinning oor Satan en die sonde. Ons vra dit in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen

- Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die Here van lewe en dood het N.N. van ons weggeneem. Waar ons nou gekom het om die ontslapene te begrawe, bou ons op die woorde van ons Here en Heiland wat gesê het:
- Joh. 11:25 "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, 26 sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie."
- Op. 1:17 Ook het Jesus verklaar: "Moenie vrees nie; Ek is 18 die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen.
- 2 Tim. 2:11 En Ek het die sleutels van die doderyk en van die Ef. 2:5, 6 dood." Omdat Hy uit die dood opgestaan het en lewe, sal ons wat glo, ook met Hom opstaan uit die dood en met hom lewe.
- Geliefdes, omdat ons weet dat die dood ook op ons wag, laat ons God bid om ons te leer om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom sodat ons die kosbare tyd van ons lewe wat nog oor is, so sal bestee dat alles wat ons doen, tot verheerliking van God sal wees.

- 3.5 Die Ring van Heilbron beveel aan : "Die Sinode besluit dat die 1953-vertaling van die Bybel as die kerk se amptelike Bybel gebruik word."

(Motivering sal ter Sinode gegee word.)

3.6 Heilige Skrif

Ons glo dat onder die leiding van die Heilige Gees, ons uit die Skrif kan kry die hele wyse waarop God gedien moet word en dat die Skrif ook normatief is vir ons hele lewe.
Ring van Kimberley.

4. SANGBUNDEL

- 4.1 Die Ring besluit om aan te beveel dat die huidige Psalm en Gesange Boek behou word en dat die Halleluja boeke weer in gebruik geneem word voor eredienste, deur die Jeugvereniging en tydens evangelisasiedienste.
Ring van Suidkus.

- 4.2 Die gebruik van sangbundels word bespreek. Die huidige Psalm en Gesangeboek, die Jeugsangbundel en die ou Hallelujaboek word oorweeg.

Daar is 'n behoefte by veral bejaardes om by sekere geleenthede Hallelujaliedere te sing. Van die Halleluja-liedere is opgeneem in die nuwe Gesangeboek, maar van die woorde is aangepas sodat dit meer gewyd is. Indien die ou Hallelujas nou tussen-in gesing word skep dit verwarring as die ouer mense die ou woorde sing en die jonger mense sing die nuwe woorde.

Van die liedere in die Jeugsangbundel is vir sommige mense nie aanvaarbaar nie, terwyl dit algemeen byval vind by jongmense.

Die meeste Psalms is steeds onsingbaar, en alhoewel die lidmate graag meer Psalms wil sing ontleen die huidige melodieë hulle nie daartoe nie.

Die vergadering besluit dat die sinode versoek word om 'n Kommissie van Kerksang en Kerkmusiek in te stel om die Psalms te ondersoek. Aandag moet ook gegee word aan enkele onsingbare Gesange. Die voorgestelde Kommissie moet daarteen waak om nie bloot vanuit 'n té gevorderde musikale oogpunt melodieë op te stel nie. Dit word derhalwe ook as belangrik beskou dat 'n persoon wat nie so musikaal is op die Kommissie dien.

Voorts moet aansoek gedoen word by die Hervormde- en N.G. Kerk-Kommissie vir Kerkmusiek om sittingsreg vir een van ons Kommissie-lede.

Die A P K se Kommissie moet ook ondersoek instel na die moontlikheid om uitgesoekte liederes uit beide die Jeugsangbundel en die Halleluja-boek in een bundel saam te voeg wat moontlik meer aanvaarbaar sal wees vir die meerderheid APK-lidmate vir geleentheid buite die formele Erediens.

Vir die huidige sal die Psalm en Gesangeboek gebruik word. Hallelujas kan wel in enkele gevalle gebruik word waar daar 'n behoefte is, maar dan met groot diskresie.
Ring van Morgenzon.

- 4.3 Die Ring versoek die Sinode om dadelik te begin beplan aan 'n eie sangbundel. (n Gesuiwerde lys van liederes uit bestaande bundel word aan KVK gelewer voor Sinodesitting as 'n moontlike vertrekpunt)
Ring Moot-Sentraal.

- 4.4 Die Ring besluit dat die Psalm- en Gesangboek tesame met die Jeugsangbundel en Hallelujaboek, die amptelike sangbundels van die APK sal wees.

Die Sinode benoem 'n kommissie om uit bestaande sangbundels van die susterskerke 'n nuwe sangbundel saam te stel, en dat die Psalm en Gesangbundel intussen as die enigste bundel in die eredienste gebruik sal word.

Die Ring versoek dat lidmate by die saamstel van die bundel geleentheid sal verkry om opinies te lug, en gemeentes moet dit goedkeur.
Ring van Derby.

- 4.5 Dit word aanbeveel dat wat die Sangbundel betref die bestaande Psalm en Gesangeboek gebruik word tydens die Erediens en dat vir voorsang en ander geleentheid die Hallelujaboek en die Jeugsangbundel ook gebruik word.
Ring van Bloemfontein.

5. KATEGESE

- 5.1 Voortspruitend uit item 16 van Bylae E besluit die Ring om as beskrywingspunt na Sinode deur te voer dat woorde "kategeese" en "Kategeet" uit terminologie van die kerk verwyder word en dat daar weer gepraat sal word van "Sondagskool en Sondagskoolkinders- en onderwysers, en 1ste, 2de, 3de en 4de jaar katekisasiënte."

Motivering

Leraars struikel oor die woorde en Sondagskoolkinders praat net van Sondagskool en Sondagskoolkinders. Kategeese kom nie in hul woordeskat voor nie.
Ring van Suidkus.

5.2 Voorspruitend uit item 16(c) besluit die Ring as 'n beskrywingspunt aan Sinode betoog sal word vir verstaanbare en bondige leerboeke/lesse, getrou aan Woord en Belydenisgeskrifte vir elke ouderdomsgroep/standerd en dat daar gedink sal word aan die ou kerkisasie boek van Gerdener en/of leerboeke wat in die sestiger jare deur die NG Kerk gebruik was.
Ring van Suidkus.

5.3 Dat as saak van dringendheid aandag gegee sal word aan dokumentasie rondom die Sondagskool .

5.4 Punt 16 op verslag-vorm:
Die behoorlike voorsiening van kategese vir dooplidmate word behandel. In al die gemeentes word hierdie saak as baie belangrik hanteer, alhoewel direkte betrokkenheid by sommige Kerkraadslede nog ontbreek. Ermelo het ses belydenisklas-katkisante wat baie aktief is. Ouderlinge neem die leiding met organisering en toesig oor kategese-klasse. In die gemeente van Piet Retief word die eerste opname van leerlinge beplan vir eerskomende Sondag, waarna klasse op 'n vaste klas-stelsel aangebied sal word.

'n Algemene tekort aan kategese-boeke word ondervind, en reëlins word getref om beskikbare boeke tot die beskikking van daardie gemeentes te stel waar die grootste behoefte is.

Verskeie afgevaardigdes verklaar dat dit onder hul aandag gekom het dat daar bedenkinge is oor die suiwerheid van die leerstukke soos vervat in die nuutste reeks kategese boeke. Oud. Jooste verklaar dat hy die Eerste Jaar Senior kategese volgens die nuutste handboeke aangebied het en tot dusver is dit uitstekend bevind.

Ds. O.D. Scheuer is deur die KVK versoek om ondersoek in te stel na die hele nuwe reeks kategese boeke wat nou deur die N.G.Kerk ingebruik geneem is en om 'n verslag daarvoor voor te lê.

Die vergadering besluit dat die beskikbare boeke gebruik sal word tot die einde van hierdie jaar en totdat die Sinode 'n besluit daarvoor uitgebring het. Aangesien N.G. Kerk diplomas en seëls nie gebruik kan word nie sal muurtekse en boekies as teken van erkenning vanjaar aan kategese oorhandig word wanneer die jaar afgesluit word. Sodra ons kerk sy eie diplomas en seëls beskikbaar het, sal dit aan die kinders oorhandig word.
Ring van Morgenzon.

5.5 Die Sinode reël dat alle sondagskoolhandboeke hersien word. Die lektuur moet minder omslagtig en veral meer doelgerig wees. Die hoofdoel moet deurgaans wees om die leerling geestelik op te bou en te vorm tot 'n waardige, lewende lidmaat van die Kerk.
Ring van Derby.

5.6 Die sinode besluit om eie sondagskoolhandboeke op te stel. Die kinders neem Godsdiens as 'n vak op skool en is heel vertrouwd met die Bybelgeskiedenis. Die APK moet bekommerd wees oor die kind se siel en nie oor sondagskooltoetspunte nie.
Ring van Derby.

- 5.7 Die sinode moet ernstig besin oor die sonagskool. Eksamens en toetse stel die kind negatief in teenoor die sonagskool. Dit moet vir hulle so aangebied word dat dit vir hulle aangenaam is om van die Here te leer.
- 5.8 Die Ring versoek dat baie aandag aan kerkgeskiedenis in die handboeke gegee sal word.
Ring van Derby.
- 5.9 Sonagskool sillabus
Minder streng teologiese en akademiese benadering in Sonagskool sillabus terwyl die liefde vir Christus uitgebou word - kind moet nie weerstand ten opsigte van die Sonagskool opbou nie.
- Die ring versoek verder dat geen toetse deur die kinders tot en met standerd 4 geskryf sal word nie en die Bybelverhaaltrant van oordrag vir die junior klasse voorrang sal geniet.
Ring van Kimberley.
- 5.10 Sonagskoolerkenning
n Versoek word gerig dat daar weer n eenvormige diploma met plek vir seëls vir elke jaar daarop sal wees. Vir die finale jaar kan n spesiale sertifikaat gegee word.
Ring van Kimberley.
- 5.11 Sonagskoolhandboeke
n Versoek word gerig dat die handboeke n maksimum van 27 lesse sal bevat.
Ring van Kimberley.
- 5.12 Kaartjies
Daar is n versoek vir verjaarsdagkaartjies en besoekerskaartjies met ons kerk se naam daarop.
Ring van Kimberley.
6. EREDIENS
- Ring van Suidkus beveel aan dat pinkstertye en eredienste so ingerig word om weg te beweeg van die doodsheid wat tans in die N G Kerk bestaan.
- 6.2 BESKRYWINGSPUNTE VIR VOORLEGGING AAN SINODE VANAF DIE KERKRAAD MOOT-SENTRAAL.
- Eredienste
Die volgende liturgie word as n alternatief vir eredienste deur die kerkraad van Moot-Sentraal aanbeveel:
- Oggenddiens
KR in konsistorie
Samesang gemeente - Psalms en Gesange
Predikant en KR gaan kerk binne
- KR gaan sit gelyk
Aankondigings - kortliks, by deure beskikbaar.

-
1. Votum en Seëngroet (gemeente sit)
 2. Gemeente sing (staande)
 3. Verskeie Geange en Psalms

3. Gebed (mans en seuns staan) kan uitgelaat word en gebed skuif dan voor skriflesing in.
4. Gemeente sing (staande)
5. Wet Ex. 20 of Deut. 5 (gemeente sit)
6. Gemeente sing (staande)
7. Geloofsbelydenis (Predikant lees, gemeente luister)
8. Gemeente sing (staande)
9. Skriflesing (gemeente sit)
10. Preek (gemeente sit)
11. Gemeente sing (staande) of koor (gemeente sit)
12. Kollekte (orrel of gemeente sing sittend)
13. Gebed (mans en seuns staan)
14. Gemeente sing (staande)
15. Predikant bedank gemeente vir bywoning, nooi na aanddiens en groet met seëngroet.
16. Gemeente verlaat kerk (orrelspel)
- Kerkraad Moot - Sentraal.

Die volgende word as alternatief vir Nagmaaldienste aan die hand gedoen :

Nagmaal

KR in konsistorie
 Samesang gemeente
 Predikant en KR gaan binne
 Aankondigings - kortliks

1. Votum en seëngroet (gemeente sit)
2. Gemeente sing (staande) Slegs een Gesang of Psalm.
3. Gebed (mans en seuns staan.)
4. Gemeente sing (staande)
5. Wet - verkorte weergawe (gemeente sit)
6. Gemeente sing (staande)
7. Skriflesing
8. Preek
9. Nagmaalformulier
10. Tafel in gereedheid (gemeente sing sittend)
11. Predikant 2 x ouderlinge en 2x diakens neem plek by tafel in
12. Geloofsbelydenis
13. Tafelgebed.
14. Nagmaalbediening (diakonie, orrelspel)
15. Gemeente sing (staande)
16. Kollekte (orrelspel)
17. Dankgebed (gemeente staan)
18. Gemeente sing (staande)
19. Predikant bedank vir bywoning en nooi na aanddiens en groet met seëngroet.
20. Gemeente verlaat kerk (orrelspel)
- Kerkraad : Moot-Sentraal

6.3. Tekse vir Votum (Bylae G)

Ps. 42:3 en 43:3
 Ps 37:5 en 6
 Ps27:1
 Ps 24:1 en 2
 Ps 24:9 en 10
 Ps 23:1 en 6
 Ps 15:1 en 2
 Ps 8:4 en 5
 Ps 43:5
 Ps 65:5
 Ps 90:1 en 2
 Ps 90: 17
 Ps 91:1 en 2
 Ps 121:4 en 5
 Ps 125:1 en 2
 Ps 127 :1
 Ps 19 :15
 Jes. 1:18
 Hab. 3:17 en 18
 Rom 11:33 en 36
 1 Tim 1:17
 Openb. 1: 7
 Ring van Heilbron.

6.4 Opdrag van die K V K : Konsepte vir verskillende dienste Die vorm vir die Oggenodiens sonder die nagmaal Afkondigings

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Die Wet
5. Skulbelydenis
6. Genadeverkondiging en Retensie
7. Geloofsbelydenis (gesproke en of deur sang)
8. Gebed om die opening van die Woord
9. Skriflesing
10. Preek
11. Dankgebed en voorbidding
12. Formuliere wanneer nodig bv. Doop, Bevestiging van Kerkraad
 Belydenis van Geloof, Huwelik, Koor ens.
13. Opneem van gawes
14. Slotsang
15. Seën.

6.5 Aanddiens

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Gebed om opening van die Woord
5. Skriflesing
6. Preek
7. Dankgebed
8. Geleentheid vir formuliere en ander
9. Offergawes
10. Slotsang
11. Seën
12. Geleentheid vir bespreking of vrae wanneer behoefte daar is.

6.6

Nagmaalsdiens

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Die Wet
5. Skuldbelydenis
6. Genadeverkondiging
7. Geloofsbelydenis
8. Sang
9. Gebed om die opening van die Woord
10. Skriflesing
11. Preek
12. Kort Dankgebed
13. Lees van formulier
14. Kommunie
15. Lofverheffing en Gebed (voorbedding)
16. Offergawes
17. Slotsang
18. Seën

6.7

Huweliksdiens

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Gebed om opening van die Woord
5. Skriflesing
6. Woordverkondiging
7. Kort dankgebed
8. Lees van formulier
9. Bevestiging van huwelik
10. Formulier of vrygebed
11. Sang deur gemeente
12. Seën
13. Solosang of Koorsang

6.8

Begrafnisdiens

1. Votum
2. Seëngroet
3. Sang
4. Gebed om opening van die Woord
5. Woord verkondiging
6. Dankgebed
7. Slotsang
8. Seën
9. Bedankings en Christelike memoriam
10. Lees van begrafnisbrief en name van draers
11. By die graf :
 - i. Sang indien verkies
 - ii Geloofsbelydenis
 - iii Begrafnisformulier
 - iv Gebed

Ring van Bloemfontein

6.9. Opneem van Offergawes

Daar behoort nie n vaste reël te wees aangaande die opneem van offergawes in die erediens nie. Dit moet elke kerkraad vrystaan om die kollekte tydens of na die erediens in te samel.
Ring van Kimberley

6.10 Ampsdrag by eredienste

Leraars behoort by alle eredienste steeds die toga te dra. Ampsdrag vir kerkraadslede moet steeds n swart pak met wit hemp en das wees.
Ring van Kimberley

6.11 Toesig deur ouderlinge by Erediens

Geen dominee mag n erediens hou sonder dat ten minste twee ouderlinge teenwoordig is nie.
Ring van Kimberley

6.12 Gebedshouding

Eredienste : Mans staan by alle gebede
Ring van Kimberley

6.13 Geloofsbelydenis

Die Ring versoek die Sinode om riglyne neer te lê aangaande die hardop of instemmende meeluister van die Geloofsbelydenis.
Ring van Kimberley.

7. BELEID (Geloof en Protes, en ander)

- 7.1 Die boekie "Geloof en Protes" moet nie gesien word as beleidstuk van die A P K op hierdie stadium nie. Dit is slegs n antwoord op verskeie standpunte soos dit voorkom in die NG Kerk se beleidstuk "Kerk en Samelewing". Die gevaar bestaan egter dat sommige lidmate van die A P K dit wel as n beleidstuk kan sien, en ook dat die NG Kerk dit as sulks tot nadeel van die A P K kan aanwend.

Die vergadering besluit dat n versoek tot die Sinode gerig word om n eie beleidstuk vir die A P K op te stel wat nie deur lidmate of enigiemand anders verkeerdlik vertolk kan word nie, wat nie naas die Skrif deur die Kerk as belydenis aanvaar word nie, maar wat vir die A P K sal dien as n riglyn waarvolgens hedendaagse vraagstukke hanteer sal word. Hierdie beleidstuk moet opgestel word met uitgangspunt sekere aspekte wat duidelike verskille met die NG Kerk stel soos vervat is in G E P . Alle standpunte moet egter voor opname in die voorgestelde beleidstuk hersien word.

Kommentaar oor "Geloof en Protes" soos opgestel in n dokument deur Oud. W.M. van Heerden word bespreek (aangeheg as "Bylae D")

Die vergadering besluit dat die A P K nie aggressief teenoor die N G Kerk moet wees in sy eie beleidstuk nie, en dat die laaste gedeelte van Punt 2 in die kommentaar byvoorbeeld weggelaat word. Voorts is die vergadering van mening dat alhoewel daar nie saamgestem word met voorgestelde wysigings in G E P nie (en terwyl die wysing van G E P nie ter sprake is nie) die Sinode tog kennis kan neem van die kommentaar van Oud. van Heerden ten einde te skaaf aan die presiese standpunte wanneer n eie beleidstuk opgestel word.
Ring van Morgenzon.

7.2. Dat standpunte geformuleer word oor die A P K se uitwaartse houding oor ander Politieke Partye, Vrymesselary, Broederbond, en verskeie skewe vertolkings van die Bybel, soos bv. "Die tien stamme van Israel." Br. I.C. du Preez en J.J. Barnard
Ring van Moot-Sentraal.

7.3. Dat geeneen van ons kerk se ampsdraers aan enige geheime organisasie mag behoort nie, soos bv. die Broederbond en Vrymesselaars nie. Br I.C. du Preez en J.J. Barnard
ring van Moot-Sentraal.

7.4. Geloof en Protes
Die Ring stel voor dat die boekie Geloof en Protes wat n skrifgeformeerde samevatting is van waarhede wat ons Kerk en ons volk ten nouste raak, deur ons Kerk en ons lidmate gebruik sal word en versprei sal word sodat die deursnee lidmaat en Afrikaner voortdurend daarvan bewus sal wees.
Ring van Bloemfontein

7.5 Erkende Kerke
Die Ring van Heilbron versoek die Sinode om op sy sitting uitsluitel te gee oor watter kerke erken word.

7.6 Beskrywingspunt 5 : "Die Israelvisie"
Die Ring van Heilbron beveel aan die Sinode besluit : n Inligtingstuk rakende die "Israelvisie" sal opgestel word ter inligting van die lidmate. Dit sal ook inligting rakende die kerk se beleid daarteenoor bevat.

7.7 Verhouding met N.G. Kerk
Die Kerk moet op alle vlakke steeds die liefdesgebod teenoor die N.G. Kerk Handhaaf.
Ring van Kimberley.

BELEID
7.8 Rasseverhoudinge
Ons respekteer ander ras- en kultuurgroepe wat die Drie-enige God aanbid en beskou ons met hulle n geestelike eenheid asook geestelik identies voor God die Almagtige Skepper.
Ring van Kimberley.

7.9 Politiek
Party-politiek moet uit die Kerk geweier word.
Ring van Kimberley

Die Ring versoek die Sinode om riglyne neer te lê aangaande lede van Vrymesselaars of soortgelyke organisasies in die ampte in die A P K
Ring van Kimberley

7.10 Aangaande Paragraaf 10.27 van bogenoemde Notule versoek die dagbestuur van die Ring die Sinode om die saak in die paragraaf genoem ook ten opsigte van lidmaatskap te behandel.
Ring van Kimberley.

7.11 Onderwys
Ons bepleit Christelike-Nasionale Onderwys in ons dagskole.
Ring van Kimberley.

KOMMENTAAR OOR "GELOOF EN PROTES"

1987-09-22

WM van Heerden

1. Inleiding

Die APK behoort iets te sê oor die status van GEP wat sal aandui dat dié boekie nie naas die Bybel en die Leerstellings staan nie, en dat die APK ook nooit van plan is om sulke dinge op te stel nie, want die ewige waarhede van die Bybel is vas, en niks nuuts deur enige sinode kan daarby gevoeg word nie, maar, "dat GEP 'n leidraad is vir gemeentes, wat 'n soeke uit die Woord verteenwoordig vir die hantering van hedendaagse vraagstukke".

Die APK moet probeer verhoed dat daar 'n onstabiele "veranderingsgees" ten opsigte van die Bybel ontstaan, asof mense nou eers weer moet wag om te hoor wat 'n sinode sê. GEP moet dus nie daar wees om Paragraaf soveel en soveel te gebruik vir bewysplaas nie (soos wat KES amper deesdae naas die Bybel deur sommige gebruik word nie). Dit moet eerder net daar wees, sodat, al sou dit gebrekkig wees, dit nog 'n doel dien, deurdat dit 'n beginpunt kan wees om die Bybel beter te leer ken oor sekere onderwerpe.

Met ander woorde, die boekie en wat daarin staan, moet losgemaak word van 'n aanvaarde beleid waaraan die gemeentes hulle elkeen vrywilliglik onderwerp. In die "beleid", of wat dit ook al genoem word, kan dan byvoorbeeld staan: (1) Die APK is 'n kerk vir blanke Afrikaners, (2) Die APK sal geen gemengde huwelike voltrek nie. Hierdie beleid moet egter nie noodwendig onderhewig wees daaraan dat GEP skriftuurlik bewys gelewer het dat dit so is nie, maar omdat die gemeentes oortuig is dat dit Bybelse waarhede is.

2. Voorwoord of inleiding

'n Inleiding behoort tot GEP toegevoeg te word. Waar in KES die agtergrond geskets word van alles en almal, behalwe van die Afrikanervolk, behoort in GEP die nood van die Afrikaner op hierdie tydstip gestel te word - die aanslag van die hele wêreld, die motode wat gebruik word om die Afrikanervolk te vernietig, en nou ook die meewerking van die NGK aan hierdie aanslag.

3. Hoofstuk 8 "rassisme"

Paragrafe 8.1 tot 8.3 pas glad nie onder "rassisme" nie, en kan verkeerd vertolk word - asof ons dink ons het 'n meerdere ondernemingsgees, dat daar sosiale ongelykheid maar kan wees tussen rasse, of dat die een ras maar 'n groter loon kan ontvang.

Nee, dit is die Here wat hierdie ongelykhede bepaal en dit is nie die rede waarom ons trots is op ons ras en dit wil bewaar nie.

Hier sou eerder iets soos volg gesê kon word: Die bestaan en wenslikheid van volke is reeds behandel. Daar is verskille tussen volke, veral waar volke ook verskillende rasse verteenwoordig. Om hierdie verskille te ignoreer of te wil minag, is om ondankbaar te wees oor jou geskiedenis, om jou erfdeel te wil weggooi. Rasvermengdheid is onherroepelik en moet as sulks as 'n ernstige saak beskou word in die handhawing van 'n volk se identiteit.

4. Hoofstuk 9 (Apartheid)

In Par. 11.1.1 staan daar dat die Skrif nie modelle voorskryf nie, maar hier word dit tog gedoen.

'n Inleiding van dié aard behoort dus van pas te wees: "Hoewel die Bybel nie politieke modelle voorskryf nie, is die breë riglyne daar vir volke om eie lande te wil hê. 'n Strewe om hierdie toestand te verwesenlik is dus nie onskriftuurlik nie.

Par. 9.4 Skrap die volgende: "Ingeboude geesteswaardes moet byvoorbeeld verhoed dat gelowiges en ongelowiges in dieselfde juk trek (2 Kor. 6:14)".

Par. 9.7 Skrap hierdie paragraaf. Dit is nie nodig om so iets te sê nie, en is vir die Here om te bepaal.

Par. 9.9.5 Skrap: "om daar 'n God-gewilde bestaan te voer."

8. KERKVISITASIE

- 8.1. Voortspruitend uit item 24 van Byale E word die volgende wysigings deur die Ring aanbeveel :
- 8.2 Item 9 soos volg verander te word :
"Word die bevestigde leraar behoorlik versorg ooreenkomstig sy beroepingsbrief?"
- 8.3 Item 13 soos volg verander te word :
"Vervul die leraar sy amp getrou tot bevrediging van die kerkraad en die gemeente? Ja/Nee."
- 8.4 Items 14 en 15 soos volg verander te word :
"Vervul elke kerkraadslid in die gemeente sy amp tot bevrediging van die Kerkraad en die gemeente? Ja/Nee"
- Indien "nee" verstrek volle besonderhede aan die Ring.
Ring van Suidkus.
- 8.5 Ringsvorms :
Dank vir eerste vorm
Waak teen aanvra van onnodige statistiek in toekomstige vorms
Ouderlinge moet wyke minstens 4 maal per jaar besoek, d.w.s. voor elke nagmaal, en nie maandeliks nie.
Ring van Derby.
- 8.6. Wysigings aan die opgawe-vorm "Geestelike en Stoflike toestand in die Afrikaanse Protestantse Kerk"
Die Ring beveel aan dat punt 14(c) gewysig wordom as volg te lees:
"sy verantwoordelikheid om sy wykslede almal minstens vier keer per jaar of soveel keer as moontlik te besoek".
Die aanbeveling is daarop gegrond dat sommige wyke veraf geleë is en maandelikse besoeke bykans onmoontlik maak.
Ring van Kimberley.

9. GEMEENTELIKE DOKUMENTASIESTELSEL Ring van Suidkus beveel aan

- 9.1. Dat daar dringend na 'n eenvormige dokumentasiestelsel vir die administrasie van gemeentes, bv. lidmaat- en dooplidmaatregister ens gekyk moet word.
- 9.2. Kerkargief
'n Versoek word gerig dat die gemeentes van voorskrifte voorsien sal word ten opsigte van stukke vir die argief.
Ring van Kimberley.

10. KERKLIKE FEESDAE

- 10.1 Geloftedag en Kersdag
Die Ring stel voor dat Geloftedag in die Kerk soos 'n Sabat deurgebring word m.a.w. in vorm van 'n erediens in 'n kerkgebou en dat daar 'n besondere poging aangewend word om die aard en karakter van Kersdag te bewaar en uit te bou sodat op daardie dag aan Christus die eer gegee word.
Ring van Bloemfontein.
- 10.2 Kersdag oor die algemeen

Die Ring stel voor dat die Kerk die Bybelse norme vir Kersdag sal handhaaf.

Ring van Bloemfontein

- 10.3. Hervormingsondag en Geloftedag
 Ten opsigte van Hervormingsondag en Geloftedag moet daar op alle vlakke met die drie Susterskerke geskakel word oor deelname van ampsdraers van die A P K.
 Ring van Kimberley.

11. SINODALE HEFFINGS

Voortspruitend uit item 17 van bylae E besluit Ring Sinode te versoek :

- 11.1 "Dat oorbetalings van gelde ten opsigte van verpligting van gemeentes aan hoofkantoor gedoen word met :

- i. Opgaaf van uitgawes ten opsigte van geestelike versorging van gemeente.
- ii. opgaaf van bydraes ontvang gedurende die maand.
- iii. verskil tussen 75% van bydraes en uitgawes onder (i) is oorbetalbaar."

MOTIVERING

Op 27 Junie 1987 ten tye van die stigtingsvergadering van die Afrikaanse Protestantse Kerk in die Skilpadsaal te Pretoria, is die indruk gelaat dat :

- i. 90% van Julie 1987 se bydraes aan die KVK oorbetal moet word.
 - ii. 75% vanaf Augustus 1987 wat bydraes verteenwoordig, aan die KVK oorbetal word totdat 'n leraar in 'n gemeente bevestig is waarna 15% van bydraes dan oorbetal sal word aan die KVK;
 - iii. indien 'n leraar deur 'n gemeente benodig word, die KVK so 'n leraar sal voorsien;
 - iv. wanneer so 'n leraar voorsien word dit kosteloos sal geskied omdat die gemeente alreeds 'n bydrae van 75% gemaak het.
- Ring van Suidkus.

11.2 SINODALE HEFFING

Voortspruitend uit item 17 van bylae E besluit die ring om by die Sinode aan te beveel dat :

"Die Sinodale heffing wat nie 10% sal oorskry nie, op die totale inkomste van gemeentes bereken word."

MOTIVERING

Deur die aanslag te bereken op die totale inkomste van 'n gemeente sal beteken dat die moontlikheid van manipulering uitgeskakel sal word.

Dit is moeilik om te onderskei welke deel die tiende uitmaak en welke deel gewone erediens dankoffers is wanneer dit in die kollektiebordjie geplaas is.
Ring van Suid-Kus .

- 11.3 SINODALE HEFFING WAAR GEMEENTES VAN REISENDE LERAARS GEBRUIK MAAK
Die Ring beveel by die Sinode aan dat waar gemeentes van reisende leraars gebruik maak sulke gemeentes teen 'n koers soos deur die Sinode bepaal, aangeslaan sal word.
Ring van Suid-kus.

12. DANKOFFER/TIENDES

- 12.1 Die Ring van Suidkus beveel aan dat weg beweeg word van die terminologie "dankoffer" en weer gepraat word van die "tiendes", nl. die bring van die tiendes na die skatkis van die Here ten einde hierdie saak weer sy regmatige plek in die kerk te laat vind.

13. GEMEENTELIKE BATES

- 13.1. Dat alle bates in die gemeente sal vestig.
Br. I.C. du Preez en br. J.J Barnard
Ring Moot-Sentraal.

- 13.2 Registrasie van eiendomme
Alle eiendomme, beleggings en geboue sal op die naam van die plaaslike gemeentes alleen geregistreer word.
(Nooit! op kerke of algemene Sinode se naam nie.)
Ring van Kimberley.

14. BEJAARDES

- 14.1 K V K se aandag word gevra by die opstelling van sakelys aan Sinode vir die besluite van N.G. Kerk Noord Kaap Sinode i.v.m. inrigtings.
- 14.2 Die Sinode word versoek om dringend aandag te gee aan versorging en hantering van bejaardes en sorgbehoewende kinders
Ring : Moot-Sentraal.

15. EVANGELISASIE

- 15.1 Voortspruitend uit item 19 van Bylae E besluit die Ring by die Sinode aan te beveel dat :
- i. elke gemeente 'n evangelisasie week en/of naweek hou met Bybelstudie-groepe as deel van die gemeentelike evangelisasiewerk,en
 - ii. toegesien moet word dat gemeentes nie 300-ledetaal oorskry nie.
- Ring van Suidkus.
- 15.2 Die Ring versoek Sinode om duidelike omskrywing van werksaamhede wat sal sorteer onder Evangelisasie (ampsbediening).
Ring Moot-Sentraal.

16. HUWELIKS-EN GESINSLEWE (Gesinsaksie)
- 16.1. Die Ring versoek die Sinode om opdrag aan gemeentes te gee om die heiligheid van die huwelik te beklemtoon reeds by die jeug en voorhuwelikse kategeese.
Ring Moot Sentraal.
- 16.2 Die Ring van Heilbron versoek die Sinode om die tradisionele Jeugkommissie te omskep in 'n Gesinsaksie sodat die jeug vanuit die gesinseenheid begelei kan word, en om 'n toepaslike naam daarvoor te vind.
- 16.3 Die Ring van Heilbron beveel aan dat gemeenteaktiviteite in die Afrikaanse Protestantse Kerk gesinsgerig moet wees om kompartementisering van die gesin te voorkom en die eenheid daarvan te beklemtoon.
(Motivering sal ter Sinode gegee word.)
- 16.4 Ondergetekende lidmate van die Gemeente Heilbron beveel aan "Kerkrade word versoek om dringend by hul lidmate daarop aan te dring dat ouers self hulle kinders opvoed of dan by bewaarskole of kleuterskole te laat bly indien die moeder werk, en om nie bediendes die kinders te laat oppas en grootmaak nie."
- 16.5 Huwelike
Huwelike met teenoorgestelde rasse word verbied asook huwelike met persone wat nie die Drie-enige God aanbid nie word afgekeur.
Ring van Kimberley.
17. EUWELS
- 17.1. Versoek Sinode om ten minste op sinodale vlak nie te huiwer om enige euwels wat in stryd is met die Christen se beginsels en opdrag "om die sout van die aarde te wees" met alle mag teen te staan en by die betrokke instansies en owerhede beswaar te maak.
Ring Moot Sentraal.
18. SENDING
- 18.1. Die Ring versoek Sinode om duidelike sendingbeleid uit te spel sonder om die wêreld perspektief i.v.m. sending mis te kyk.
Ring Moot Sentraal.
- 18.2. Die Sinode moet die begrip "sending" duidelik definieer. Lidmate vrees dat sinodale sendingverpligtinge weer op gemeentes afgedwing gaan word. Versoek dat die gemeentes self besluit oor die hoe, wat en waar van sending.
Ring van Derby.
- 18.3. Die Ring van Heilbron beveel aan "In die lig van die Skrif (Matt. 28:19 Hand. 1:8 1 Tim. 5:8 en die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan moet sending (veld en metode) by die eie huis begin word en daarvandaan uitkring tot die uiterstes. Sending sal nie namens ander volke gedoen word nie, maar hulle sal aangemoedig word om onder hul eie volksgenote self die Woord te verkondig. Daar moet ook besin word oor die benaming "Sending" om 'n eenheidsaksie te bring tussen die tradisionele Sending en Evangelisasie.

18.4 Sendingbeleid en Evangelisasiewerk

Die Ring beveel aan dat sendingwerk en evangelisasiewerk op 'n plaaslike vlak voorlopig die enigste prioriteit moet wees en ons verwys hier na die Bybel se riglyne dat sendingwerk en evangelisasiewerk eerstens onder ons eie mense aandag sal kry.

Ring van Kimberley.

19. BIDURE

19.1. Bidure word weer ingestel met groot klem op pinkster en sang voor die tyd.

Ring van Kimberley.

20. UITTREDINGSVOORDELE VAN BESWAARDE PREDIKANTE UIT N.G. KERK

20.1. Die vergadering besluit dat die Sinode versoek word om die waarheid i.v.m. pensioene van Leraars wat van die N.G. Kerk oorkom na die A P K aan die algemene publiek bekend gemaak moet word, en dat ondersoek ingestel word om agtergehoue pensioen van sulke Leraars te herwin.

Ring van Morgenzon.

20.2 Die dagbestuur van die Ring versoek die Sinode om ondersoek in te stel na die moontlikheid om pensioene of gedeeltelike pensioene van N.G. Leraars wat bedank het, of in die toekoms sou bedank, terug te koop.

Ring van Bloemfontein.

21 N.G. KERKBOEKHANDEL

21.1 Ring van Suid kus beveel aan dat die N.G. Kerk-Boekhandel ondersteun word vir die verkryging van gemeentelike benodighede.

21.2 Ondersteuning van N.G. Kerk-Boekhandel :
Angesien die N.G. Kerk-Boekhandel as 'n aparte maatskappy bedryf word, kan dit steeds ondersteun en benut word om Bybels, Gesangeboeke, geestelike lektuur en skryfbehoeftes by aan te koop.

Ring van Morgenzon.

1. KERKORDE/KERKREGTELIKE AANGELEENTHEDE (Vervolg)

1.1 DIE VROU IN DIE AMP

Die ring stel voor dat die vrou nie in die amp toegelaat word in die Kerk nie.

Ring van Bloemfontein.

1.2 VROU IN DIE AMP

Die Ring versoek die Sinode om riglyne in die verband voor te lê.

Ring van Kimberley.

1.3. HANDLEIDING KERKRAADSLEDE

Die Ring van Heilbron beveel aan "n Handleiding oor die verwagtinge omtrent die dienswerk van ouderlinge en diakens opgestel word en tot beskikking van kerkrade gestel word. Dié handleiding moet nie lywig wees nie."

1.4 LIDMATE

1.4.1 Die Ring van Heilbron beveel aan : "Klem sal binne die gemeentes gelê word op die toerusting van belydende lidmate vanuit die Drie Formuliere van Enigheid ten einde die Gereformeerde leer by lidmate in te skerp."

1.4.2 Betreffende lidmaatskap moet daar n definitiewe beskrywingspunt in die Kerkorde wees wat moontlik as volg kan lees :

"Die A P K is n kerk slegs onder blanke gelowiges wat die Bybel en die drie Belydenisskrifte onderskryf." n Vaste reëling dat anderskleuriges nie by enige geleentheid in gemeentelike en kerklike byeenkomste toegelaat sal word nie, word aanbeveel.

Ring van Kimberley.

1.4.3 LIDMAATSKAP VAN SUSTERSKERKE

Waar lede van die Gereformeerde of Hervormde kerke na die A P K wil oorkom, hulle lidmaatskap sondermeer aanvaar sal word soos in die geval van N.G. lidmate. Die enigste voorwaarde is dat hulle by die gebruike in die A P K (bv. Nagmaalbediening) sal inval en nie hul gebruike sal wil toepas in die A P K nie.

Ring van Kimberley.

1.5.1 Die Ring van Heilbron beveel aan dat die Sinode aandag sal gee aan die kerkregtelike posisie van die gemeentevergadering.

1.6 GEMEENTELIKE AKSIES

1.6.1 Die Ring van Heilbron beveel aan "Benaminge vir die verskillende aksies binne die gemeente sal voor die einde van die Sinode aan die vergadering voorgelê word."

1.7 BEDIENING VAKANTE GEMEENTES

- 1.7.1 Die sinode besluit om gemeentes wat reeds predikante het, te versoek om hulle leraars indien moontlik vir een volle week af te staan vir bearbeiding van afgelee gemeentes wat nog nie in staat is om h eie predikant te beroep nie.
Ring van Derby.

1.8 TUSSENPOSES VAN SINODE-SITTING

- 1.8.1 Die Ring beveel aan dat die Sinode minstens elke drie jaar byeenkom
Ring van Kimberley.

1.9 RING- EN SINODALE AFGEVAARDIGDES

- 1.9.1 Alle meerdere vergaderings sal deur die leraar en 2 kerkraadsafgevaardigdes met volle stemreg bygewoon word. Indien daar n dosent of afgetrede leraar as afgevaardigdes verkies sou word, moet die kerkraadsafvaardiging ook vergroot word. So n dosent of afgetrede leraar word dus as deel van die leraarkorps gereken. In die praktyk sal dit beteken dat n leraar en dosent uit n gemeente vergesel sal word van 4 kerkraadslede.
Ring van Kimberley.

1.10 VERKIESING EN BEROEPING

- 1.10.1 Kerkraadslede moet deur die onderskeie wyke genomineer word en deur die gemeente per geslote stemming gekies word tydens n gemeentevergadering. Hier moet so ver moontlik twee-jaarliks n wisseling van kerkraadslede aanbeveel word. Ook die beroep van n leraar behoort deur die gemeente gedoen te word.

1.11 GESAG VAN MEERDERE VERGADERINGS

- 1.11.1 Meerdere vergaderings behoort slegs raaggewende gesag te hê. Alle besluite behoort deur die plaaslike kerkraad geneem te word. Met dien verstande dat die aanbevelings van meerdere vergaderings, indien moontlik, toegepas sal word.
Ring van Kimberley.

1.12 VOORSITTERSKAP OP KERKRADE

- 1.12.1 Die Ring maak aanbeveling dat n leraar nie outomaties as voorsitter van n kerkraadsvergadering sal optree nie. Die voorsitter sal verkies word uit die kerkraad en deur die kerkraad vir n termyn van hoogstens twee jaar. n Voorsitter is herkiesbaar. Indien omstandighede dit vereis, kan die voorsitter se ampsterm opgeskort word met n meerderheid van stemme deur die kerkraad.
Ring van Kimberley.

1.13 MINIMUM DIENSTYDPERK VAN LERAARS

- 1.13.1 n Leraar moet n minimum van drie jaar diens in n gemeente of werksakker in die A P K voltooi alvorens hy weer beroepbaar is.
Ring van Kimberley.

1.14 AMPSDRAG BY KERKLIKE VERGADERINGS

- 1.14.1 Die Ring versoek die Sinode om aanbevelings te maak ten opsigte van kleredrag by kerklike vergaderings.
Ring van Kimberley.

1.15 TRAKTEMENT VAN LERAAR

- 1.15.1 Die Ring beveel aan dat leraars nie meer as die vasgestelde salarisskaal soos deur die Sinode bepaal, sal ontvang nie.
Ring van Kimberley.

1.16 KERKNAAM

- 1.16.1 Die Ring beveel aan dat die Kerk se naam die Blanke Protestantse Kerk sal wees.
Ring van Kimberley.

- 1.17. Die ring van Bethlehem beveel aan dat die volgende kommissies soos tans bekend, behoue bly naamlik :

Kommissie vir Ampsbediening en evangelisasie ;
Kommissie vir Leer- en aktuale sake ;
Kommissie vir Barmhartigheid ; en
Kommissie vir Gesinsbou , wat die ou Jeugkommissie vervang.

- 1.18 Die ring van Bethlehem beveel aan by die sinode dat riglyn bespreek en neergelê word rakende afstigting van nuwe gemeentes; hergroepering van kombinasies sodat een nie in weelde en die ander in armoede moet bestaan nie.

- 1.19 Die ring van Bethlehem beveel aan dat die sinode kerkordelik sal bepaal dat die leraar nie noodwendig voorsitter van die kerkraad en van kommissievergaderinge sal wees nie.

- 1.20 Die ring van Bethlehem beveel aan by die sinode :
Die sinode besluit dat in die APK daar slegs n landwe sinode sal wees.

- 1.21 Dat die A P K nie in dieselfde groef val dat die diaken slegs aangewend word om geld in te vorder.

Ring van Dendron

- 1.22 Dat kerkrade versoek word om die tug konsekwent toe te pas.
Ring van Dendron

- 1.23 Die volgende naam vir die kerk word vir oorweging deurgegee sonder dat die ring hom oor die meriete uitspreek, naamlik Afrikaanse Gereformeerde Belydende Kerk.
Ring van Dendron.
- 1.24 Die gemeente stel groslys saam vir die beroep van die leraar en die kies van ampsdraers.
Ring van Dendron.
- 1.25 Die ring beveel aan dat:
- 1.25.1 riglyne t.o.v. kerkraad se besluitnemingsgrens en gemeente se besluitnemingsgrens opgestel word.
- 1.25.2 Geen besluite van die kerkraad deurgevoer kan word sonder die goedkeuring van die gemeente nie.
- 1.25.3 Voordat besluite van 'n meerdere vergadering deurgevoer word, die gemeentes eers geken moet word.
Ring van Dendron.
- 1.26 Die Sinode moet riglyne gee in verband met die oorkom van persone vanaf ander kerke na die A P K.

Vrae

- a. Aan watter vereistes moet persone voldoen om byvoorbeeld oor te kom vanaf die Ou Apostoliese Kerk?
- b. Watter kerke se doop word aanvaar?
- c. Wanneer kan kinders gedoop word ?

Ring vir Dendron.

- 1.27 Die ring beveel aan : nie te groot gemeentes nie, maar slegs een-leraar gemeentes (plus minus 230 gemeentelide).
Ring vir Dendron.
- 1.28 Die ring beveel aan dat gemeentevergadering gehou word.
- 1.29 Dat die sinode versoek word om te bepaal welke ander kerke se predikante toegelaat mag word om die Woord te bedien in die A.P.K.
Ring van Dendron.
- 1.30 Die ring beveel aan : dat lidmate wat van een gemeente na 'n ander gemeente verhuis, persoonlik die attestate aanvra en inlewer sodat onmiddellike betrokkenheid en aanvaarding bewerkstellig kan word.

- 1.31 Die vrou, as ouderling of as leraar.
Kerkraad van Stellenbosch.
- 1.32 Kerkraadsbesluite alleen Leraar en ouderlinge, diakens uitgesluit.
Kerkraad van Stellenbosch.
- 1.33 Oplei van Teoloë.
Kerkraad van Stellenbosch.
- 1.34 Naamgewing van gemeentes :
"Die Ring versoek die Sinode om by gemeentes daarop aan te dring dat hulle name so geregistreer word dat verwarring rakende die plek (dorp/stad/distrik) uit die weg geruim word. Byvoorbeeld : Naam van die gemeente en in hakies die naam van die dorp of stad - Molopo (Bray) of Bosrand (Lykso); ens."
Ring van Lichtenburg.
- 1.35 Bewys van lidmaatskap : (9.5., bl 8)
"Die Ring versoek die Sinode om uitsluitel te gee oor die wenslikheid en noodsaaklikheid om beide attestaat en Bewys van Lidmaatskap te gebruik. Wat sou die funksie van 'n Bewys van Lidmaatskap hê wat nie vervat kan (kon) word in die attestaat nie?"
Ring van Lichtenburg.
- 1.36 Verkiesing van Kerkraad deur die gemeente : (11.2, bl 9)
Ek verwys u na die hele 11.2, bl 9 as beskrywingspunt van die Ring aan die Sinode.
Ring van Lichtenburg.
- 1.37 Gemeentevergadering : (11.3 bl 10)
Ek verwys u na die hele 11.3, bl 10 as besluit en beskrywingspunt van die Ring aan die Sinode.
Ring van Lichtenburg
- 1.38 Die Vrou in die Amp : 11.4, bl 10)
Ek verwys u na die hele 11.4, bl 10 as besluit en beskrywingspunt van die Ring aan die Sinode.
Ring van Lichtenburg.
- 1.39 Diakonale kongres : (12.1, bl 10)
"Die Ring versoek die Sinode om jaarliks 'n Sinodale Diakonale Kongres te reël met die oog op beslaggewing aan diakonale dienste."
Ring van Lichtenburg.
- 1.40 Naam van die Kerk
Uit gesprekke het dit duidelik geword dat sommige lidmate dit sou verkies dat die aanwysing "gereformeerde" tog wel êrens in die naam van die kerk moet voorkom.

Die Ring is aan die ander kant ook oortuig dat die naam van die kerk soos dit tans is, reeds ingeburger is by lidmate. Daarby sal dit baie kostes meebring (registrasie van eiendom, ens.) om die naam te verander.

Om beide kante van die saak tegemoet te kom, besluit die ring die volgende :

VOORSTEL

Die Ring versoek die Sinode om die naam van die kerk as volg aan te pas :

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
(n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners)
Ring van Mooi-nooi.

- 1.41 Gemeentestigtings en hergroepering van die Ring : (16.2 b. 13)
Verwys na genoemde punt vir waarneming deur die Ring.
- 1.42 Nagmaalsbediening aan kronies ernstig siek en/of bedlêende lidmate
Vanweë die feit dat sommige lidmate kronies siek en bedlêend is en daarom nie in die kerk kan kom nie, terwyl daar tog n behoefte is om die sakrament van die Nagmaal te gebruik, besluit die Ring die volgende :

VOORSTEL

Die Ring versoek die Sinode om standpunt in te neem oor die bediening van die sakrament van die Nagmaal aan kronies siek en/of bedlêende lidmate vir wie dit onmoontlik geraak het om die eredienste by te woon.
Ring van Mooi-nooi.

2. FORMULIERE

- 2.1 Konsepformulier vir die bediening van die nagmaal :
Aangeheg as bylaag "I" aan die notule (sien bl 15 ev)
- 2.2 Konsep bewys van lidmaatskap:
Aangeheg as bylaag "K" aan die notule (sien bl 20)
- 2.3 Konsepformulier vir die bevestiging van hoogleraars / dosente:
Aangeheg as bylaag "J" aan die notule (sien bl 18 ev)
Ring van Lichtenburg

3. BYBEL (vervolg)

- 3.1 Die ring van Bethlehem beveel aan dat die sinode slegs die 1953-vertaling van die Bybel gebruik.
- 3.2.1 Dat beide Bybel vertalings van 1953 en 1983 gehandhaaf word en beide aanvullend gelees word.
- 3.2.2 Dat die A P K verteenwoordiging moet hê op enige toekomstige Bybelvertalingskommissie.
- 3.6 (volg na 3.5 op p. 29)
Die Ring besluit om die Sinode te versoek om die 1933 of 1953 vertaling as die amptelike Bybel in die A P K te aanvaar.

Ring van Kimberley.

KONSEP VIR FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL

INSTELLING VAN DIE NAGMAAL

Geliefdes in die Here Jesus Christus, die Here het self die nagmaal ingestel. Daarvan getuig Paulus: "Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: 'Dit is my liggaam; dit is vir julle. gebruik dit tot my gedagtenis.'

Net so ook het Hy na die maaltyd die beker geneem en gesê: 'Hierdie beker geneem en gesê: 'Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.'

Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom" (1Kor 11:23-26).

DIE WESE VAN DIE NAGMAAL

Die nagmaal is in sy wese 'n verbondsmaaltyd, waar die verbinding tussen Christus en sy gemeente telkens vernuut word. As verbondsmaaltyd het dit die volgende betekenisse:

Die nagmaal is in die eerste plek 'n gedagtenismaaltyd. Die Here het by die instelling van die nagmaal gesê: "Gebruik dit tot my gedagtenis" (Luk 22:21). In die nagmaal oordink en verkondig ons die dood van die Here. By die aanskouing van brood en wyn roep die gemeente hom die hele lydensweg van Jesus Christus voor die gees: hoe Hy sy lewe gegee het; hoe Hy soos 'n koringkorrel in die grond geval en gesterf het; hoe Hy die lydensbeker gedrink het; hoe Hy van God verlate was en uitgeroep het: "My (Mark 15:34) God, my God, waarom het U my verlaat?" sodat ons nooit deur God verlaat sal kan word nie.

Die nagmaal is in die tweede plek 'n waarborg. Daarom sê Hy: "Dit is my liggaam" en "Dit is my bloed" (Matt 26:26,28). So seker as vir elkeen hierdie brood voor sy oë gebreek word, en hierdie beker aan hom gegee word en ons dit met die mond eet en drink, so seker het ons deel aan Christus, aan sy sterwe en opstanding. Hierdeur waarborg Hy sy soenverdiens vir ons so volledig asof ons self voor God gestaan het, self die straf vir ons sonde gedra het, self daarvoor gesterf en opgestaan het en ons geregtigheid voor God verwerf het. Die sekerheid wat hierdie waarborg ons gee, is nie gegrond op ons gevoelens of stemminge nie, maar op die tekens uit die hand van die Here: dit is in die Here self gevestig.

Die nagmaal is in die derde plek die viering van die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar. Die nagmaal verbind ons nie net my sy dood nie, maar help ons om in die gemeenskap met Hom te lewe. Deur die Heilige Gees is die lewende Christus in die nagmaal by ons teenwoordig. Verder word ons deur dieselfde Gees ook weer met mekaar as lidmate van een liggaam in broederlike liefde saam verbind, soos die apostel sê. "Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood" (1Kor 10:17).

Die nagmaal is in die vierde plek n verkondiging van ons toekomsverwachting. Ons het in die nagmaal die versekering dat die Here een met ons is. Tog kyk die gemeente hiermee ook vooruit na sy wederkoms, en verkondig daarmee die dood van die Here totdat Hy kom. Deur die nagmaal strek ons ons uit na die dag wanneer Christus in heerlijkheid sal verskyn en alles tot volheid sal bring, die dag wanneer Hy die hemel en die aarde nuut sal maak sodat geregtigheid daarin kan woon - "en God alles vir alles kan wees" (1Kor 15:28) In die nagmaal verlang die bruid van Christus na die bruilofsmaaltyd van die Lam.

Die nagmaal is in die vyfde plek n vreugdefees. Al spreek die tekens van die lyding en sterwe van Jesus Christus, van sy kruis, sy bloed wat vergiet is en sy liggaam wat gebreek is, staan die nagmaalsviering nie in die teken van rou en droefheid nie. Hoewel die gemeente die nagmaal met gewyde erns vier, is dit tog n vreugdefees, waar die Heiland op n besondere manier die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding uitdeel. In die nagmaalsfees mag die gemeente nou van die vreugde smaak wat vir ons wag by die bruilofsmaaltyd van die Lam.

Uit dit alles blyk duidelik dat die nagmaal ten slotte n fees van dankbaarheid is. Die Heilige Gees verseker ons deur die tekens van brood en wyn cvan die heil wat ons in Christus deelagtig is. Hier by die nagmaal, by die gebruik van die tekens dank ons Hom met ons hele wese en gaan ons nou in dankbaarheid ons lewe opnuut aan Hom wy. In dankbaarheid juig ons saam met die triomferende kerk van alle oorde en alle tye: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. U het hulle n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer" (Open 5:9,10).

DIE BOODSKAP VAN DIE NAGMAAL

Die nagmaal is dus n uitnodiging om ons aandeel aan die volle verlossing in Christus feestelik te vier en opnuut daarvan verseker te word; dit is n geleentheid om deur die tafelgemeenskap ons gemeenskap met die lewende Here en met mekaar te verdiep en so versterk te word in ons geloof, in ons getuienis en in ons toekomsverwachting.

DIE VERPLIGTING VAN DIE NAGMAAL

Om nou die volle seën van die nagmaal te kan ontvang, is dit nodig dat elkeen hom in die teenwoordigheid van die Here "ondersoek voor hy van die brood eet of uit die beker drink" sodat hy nie "n oordeel oor homself" (1Kor 11:27-29) bring nie. Ons word verplig om opnuut na te dink oor al ons sondes. Daar is sondes waar ons met gedagtes, met woorde of met dade oortree het. Daar is ook sondes van versuim, waar ons nagelaat het om die opdragte van die Here uit te voer. Laat ons ons hieroor opreg voor God verootmoedig. Laat ons dan vas glo dat ons oortredinge vergewe is op grond van die verdienste van die Here Jesus Christus. En laat ons ernstig daarna strewende om met ons hele lewe dankbaarheid aan die Here te bewys deur in ware liefde teenoor Hom en ons medemens te lewe.

Mag die almagtige barmhartige God en Vader van ons Here Jesus Christus deur sy Gees ons daartoe help. (Voordat aangesit word aan die tafel kan die gemeente n gepaste lied sing).

Waar ons nou gehoor het wat die nagmaal is en waar ons nou aansit aan die tafel, laat ons ons geloof hardop bely:

12 ARTIKELS

GEBED

(Vrye gebed met of sonder die Onse Vader)

UITDELING EN KOMMUNIE

(Na die uitnodiging, breek die bedienaar die brood en sê:)
Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van ons Here Jesus Christus. Neem, eet, dink daaraan en glo dat sy liggaam gebreek is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes.

(By die skink en uideeling van die wyn, sê die bedienaar:)
Die beker van danksegging is die gemeenskap met die bloed van ons Here Jesus Christus. Neem, drink, dink daaraan en glo dat sy kosbare bloed vergiet is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes.

LOFVERHEFFING

(Na die bediening sê die bedienaar:)
Aangesien die Here ons nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam sy Naam met dankbaarheid prys en in ons harte soos volg saamstem:

Ps 103:1-5, 8:13

OF

Ps 138:1-3,8

OF

Rom 8:33-39

DANKGEBED

('n Vry dankgebed waarin veral voorbidding gedoen word, kan nou of na die formuliergebed volg).

KONSEP VIR FORMULIER BEVESTIGING HOOGLERAARS/DOSENTE

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Roeping:

Wanneer ons broeder N.N. as hoogleraar/dosent aan die Teologiese Skool bevestig dan wil ons u daarop wys dat die Afrikaanse Protestantse Kerk hom amptelik langs Kerkordelike weg tot hierdie taak geroep het. Dit is egter nie net 'n uitwendige roeping wat ons hier byeen gebring het nie, maar ons is ook hier byeen omdat die Here, die Koning van die Kerk, Leraars toegerus en afgesonder het vir hierdie taak. Om vas te stel of die broeder geroepe is, moet ons aanhoor wat die nodige toerusting en verantwoordelikheid van hierdie roeping behels en die broeder moet antwoord op vrae wat aan hom gestel sal word ten einde in die amp van hoogleraar/dosent bevestig te word.

J Toerusting:

In Ef. 4:11 en 12 lees ons dat aan die gemeente herders gegee is om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus. Die akademiese en geestelik toerusting wat aan U gegee is moet u nou as herder en leraar op 'n besondere wyse benut om manne op te lei en te vorm sodat die liggaam van Christus verder opgebou kan word. Neem hierin as voorbeeld ons Here Jesus, Christus. Hy het sy dissipels drie jaar lank met die grootste liefde, toewyding en wysheid onderrig sodat hulle na sy hemelvaart toegerus was vir die groot taak waartoe hulle geroep was. Ons groot Leermeester moet self u Toerusting en Toeruster (Joh 15:14,15) wees en daarom moet u soos 'n loot in hierdie Wingerdstok bly (Joh 15:4).

U Taak:

Die taak en verantwoordelikheid om in medewerking met ander broeders wat ook hierdie besondere roeping ontvang het word aan u opgedra om voornemende evangeliedienaars te onderrig in die Woord van God in die verborgenhede van die geloof, in die diepte van die wysheid en kennis van God (Rom. 11:33) en om die heilsplan van God in sy volle omvang te verkondig (Hand. 20:27).

U moet die studente wat aan u sorg toevertrou word geestelik versorg (Hand. 20:28). Deur u voorbeeld van liefde moet hulle groei in die liefde van Christus. Deur die dissipline in u lewe moet u hulle lei om hulle lewens te stel as heilige en welgevallige offers aan God, en om die genade van God as 'n persoonlike ondervinding in hulle lewens te ervaar. Waarsku hulle teen elke dwaling in leer en lewe. U moet hulle ook geheg maak aan die Gereformeerde leer van die Kerk.

Uit dit alles blyk hoe belangrik hierdie bediening is. In die besef van die verantwoordelikheid wat u sal aanvaar, moet u, broeder N.N. opreg op die volgende vrae antwoord sodat u daarmee u bereidwilligheid om hierdie hoë roeping te aanvaar, te kenne kan gee.

Ten eerste, is u daarvan oortuig dat u wettig deur die Kerk van Christus en daarom deur God self tot hierdie diens geroep is?

Ten tweede, aanvaar u die Skrifte van die Ou en Nuwe Testament as die enige Woord van God en die volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Ten derde, beloof u om u amp, soos dit hier beskryf is en soos dit deur die Kerk aan u opgedra is, in ooreenstemming met hierdie leer getrou te vervul en om u leer te versier met 'n godvrugtige lewe?

Ten vierde, beloof u om die studente wat aan u sorg toevertrou is, geestelik te versorg?

Ten vyfde, onderwerp u u aan die kerklike opsig en tug?

Antwoord:

Ja, met my hele hart.

Daarna sê die Bedienaar van die Woord:

Deur die gesag aan my verleen verklaar ek hiermee dat broeder N.N. amptelik deur die Kerk as hoogleraar/dosent aangestel is.

Mag God, onse hemelse Vader, wat u tot hierdie heilige diens geroep het, u verlig deur sy Gees, u versterk deur sy hand, en u so regeer in u bediening, dat u besondere arbeid vrugbaar mag wees tot grootmaking van sy Naam en tot verbreiding van die ryk van sy Seun, Jesus Christus.

Amen.

KONSEP VIR BEWYS VAN LIDMAATSKAP

Aan die ampte van die gemeente

Groete vanuit die gemeente

waar

(Volle name en van van vertrekkende belydende lidmaat)

en

(Volle name en van van vertrekkende belydende lidmaat se eggenoot)

belydende lidmaat/lidmate was, maar nou verhuis het na

.....

(Adres waarheen vertrek is in die nuwe gemeente)

en gevolglik onder u gemeentelike opsig en tug sal resorteer. U word derhalwe versoek om hom/haar/hulle onder u geestelike versorging op te neem.

Wees verseker van ons volgehoue voorbidding vir u en al die Kerklike werksaamhede.

Uitgereik te op 19.....

(Plek van gemeente)

(leraar/skriba/saakgelastigde)

- 3.2.3 Dat die Sinode versoek word om na die sitting en besluitneming in verband met die onderskeie vertalings 'n behoorlik verantwoordbare studiestuk op te stel en aan die onderskeie gemeentes sirkuleer.
- 3.2.4 Daar moet voorsiening gemaak word vir die beskikbaarheid van die 1953 vertaling in die toekoms.
Ring van Dendron.
- 3.3 Die Bybel, die 1933 en 1953 drukke
Kerkraad van Stellenbosch
- 3.4 Bybelvertaling : (i.6 bl 8)
"Die Ring versoek die Sinode om :
1. Op aandrang van sommige lidmate van die A P K 'n ondersoek te loods na die NAV (1983-vertaling), ten einde duidelikheid te bring oor die weglating van veral die Christus-Naam in die Nuwe Testament, sou dit vergelyk word met die 1933-vertaling;
 2. Die Sinode stel 'n brosjure op rondom sy bevindinge om sy standpunt te motiveer wat as inligting aan lidmate kan dien."
Ring van Lichtenburg.
- 3.5 Beide vertalings kan tydens amptelike byeenkomste gebruik word. Die Sinode word versoek om 'n ondersoek te loods na die Nuwe Vertaling en sy bevindinge daaromtrent by 'n volgende sitting bekend te maak.
Daarna kan oorweeg word om die bevindinge te publiseer vir inligting aan lidmate.
Ring van Mooiwooi.
4. Sangbundel (Vervolg)
- 4.1.1 'n Kommissie van kundiges om riglyne te gee vir die gebruik van 'n sangbundel vir onmiddellike gebruik, maar ook vir die saamstel van 'n nuwe sangbundel/s, wat saamgestel word uit bestaande en ou Psalms, Gesange, Halleluja's Jeugsangbundel en ou en nuwe melodië.
Voor die finale bundel gedruk word, moet gemeentes geken word in die saak.
- 4.1.2 Dat 'n saamgestelde sangbundel geskep word, naamlik dat die sangbundel twee afdelings moet bevat, naamlik -
- (a) Gesange
 - (b) Liedere (kan anders omskryf word)
- (a) Gesange
Die afdeling moet 'n saamgestelde bundel wees van :
Uitgesoekte Psalms, Gesange en stigtelike Halleluja liedere asook uitgelate ou en mooi Psalms en Gesange by die nuwe Psalm boed.
- (b) Liedere
Uitgesoekte Halleluja liedere - veral gesien na die behoefte van jong mense.

N.S. Rede vir saamgestelde bundel :

Praktiese oplossing gesien na die kostes vir drukwerk daaraan verbonde.

- 4.1.3 Wanneer daar 'n Psalm-Gesangboek of sangbundel saamgestel of hersien word en dit deur kundiges gedoen word, dit altyd getoets moet word deur die gewone gemeente en gemeentelêde vir die praktiese implimentering daarvan.
- 4.1.4 Bring die ou bekende Voortrekkerwysies terug :
 - (a) So gou as moontlik in afgerolde vorm
 - (b) Later in boekvorm
Ring van Dendron.
- 4.2 Die Halleluja weer gebruik
Kerkraad van Stellenbosch
- 4.3.1 Psalms en Gesange :
Die enigste vir gebruik tydens eredienste, hoewel daar geen prinsipiële beswaar bestaan teen die sing van Skrifberyminge nie.
- 4.3.2 Hallejubundel :
Vir gebruik by ander godsdiensoefeninge buite die erediens. Die Ring versoek die Sinode om homself bereid te verklaar by die kopiereg-houers van die Hallejubundel, om mee te werk aan 'n herberyming van die bundel, indien nodig.
Ring van Mooiooi.
- 4.4 Die Ring van Heilbron beveel aan dat die Sinode ondersoek instel na 'n amptelike sangbundel vir die kerk. Daarnaas, vir opsionele gebruik in elke gemeente, sal 'n bundel opgestel word vanuit die Halleluja en Jeugsangbundel. Die vereistes waaraan die liedere moet voldoen is Bybelgefundeerdheid, Gereformeerde en singbaar wees. Die Konsepbundels sal eers deurgestuur word aan elke gemeente vir 'n toetstydperk voordat dit gefinaliseer sal word."
- 4.5 Die hersiening van die huidige Psalms- en Gesangeboeke se wysies word aanbeveel. Die Ring versoek dat die Hallelujaliedereboek en Jeugsangbundel erken sal word.
Ring van Kimberley.

5. KATEGESE (vervolg)

- 5.1 Die sinode besluit dat die kind in die Sondagskool weer lief gemaak word vir die Bybel - dit moet geskied deur weer Bybeltekste aan die kind te leer en die betekenis daarvan .
Ring van Bethlehem.

5.2 Naam vir Kategetiese onderrig:

Dat die naam verander word omdat die woord Kategese na vele jare nog nie in die volksmond opgeneem is nie. Nuwe name soos die volgende kan gebruik word :

Bybelonderrig
Bybelklas

5.3 Toetsing van leerlinge

Die volgende word by die Sinode aanbeveel :

- 5.3.1 Toetsing waaraan persentasies gekoppel word moet by die Kategese heeltemal afgeskaf word.
- 5.3.2 Dit word versoek dat daar weggedoen word met formele toetsing van kinders. Evaluering behoort gedoen te word in die klas deur persoonlike kommunikasie.
- 5.3.3.1 Dat by die opstel van kategeseboeke, dit so opgestel word dat daar 'n afdeling per les ingevoeg word waar die ouers die kind moet help om sodoende die ouer te betrek.
- 5.3.3.2 Daar moet indringend gekyk word na die wyse van toetsing.

Meer aandag moet gegee word aan :

- (a) Leerlinge se gesindheid teenoor Jesus Christus en sy Kerk.
- (b) Prysuitdelings moet geskied op leerling se meelewendheid en bywoning gedurende die jaar en nie op prestasie nie.
Ring van Dendron.

Leraar en Sondagskool (8.2, 13e) bl 5)

"Die Sinode word versoek om beleid te formuleer oor die taak van die Leraar ten opsigte van die Sondagskool, veral gesien in die lig van die vele kombinasieposte, waarby die leraar Sondae by meer as een plek moet optree."

Handboeke

Die Ring versoek die Sinode om dringend te werk aan die daarstelling van handboeke vir gebruik by die kategetiese onderrig. In die opstel van die boeke moet die klem eerder val op die geestelike begeleiding van die verbondskind, as op akademiese toerusting."

Toetsing (13.4., b. 11)

"Die Ring versoek die Sinode om eksaminering (standaardtoetse) as wyse vir die toetsings van bekwaamheid tot bevordering na die volgende jaar/belydenisaflegging te evalueer - veral gesien in die lig van die feit dat formele toetsing ("akademiese bekwaamheid") dalk bydraend is tot die feit dat kerkisante na belydenisaflegging nie meer kerklik aktief is nie.

Die Sinode word versoek om 'n kerkisasieprogram (inkleding van leerstof en die aanbieding daarvan) daar te stel wat die kind 'n liefde vir die werk van die kerk sal aanleer."

Ring van Lichtenburg.

Die Sinode word versoek om 'n duidelike beleid uit te spel t.o.v. die wenslikheid van :

Eksamen of toetse vir kinders en

Sertifikate of seëls. Dan ook i.v.m. beleid van algemene organisasie en leerboeke vir kinders.



Groter ouerdeelname moet in die beleid uitgespel word en groter wisselwerking tussen die gemeente en die kindergeloofsleiding moet bestaan.

Ring van Moot-Sentraal

SUGGESTIE

Daar moet ook aandag gegee word aan n eie embleem vir gebruik vir vaandels, lapelwapens, plakkers, serpe, ens.

Die volgend kan as riglyn dien vir so n embleem :
Ring van Moot Sentraal.



6. EREDIENS (Vervolg)

6.1 Die volgende i.v.m. verskeidenheid by eredienste word aanbeveel :

6.1.1 Die gemeente bely hulle skuld deur 'n gepaste lied te sing. Dit is van groot belang dat die skuldbelydenislied gereeld afgewissel moet word sodat die gemeente nie in 'n roetine verval wat later net 'n gewoonte is in plaas van 'n eerlike skuldbelydenis.

Die volgende liedere kan gebruik word :

Psalm 25.3 ; 38.1 ; 51,1

Gesang 9:2; 13:3; 52:1 - 3 54 : 1 55:1 57: 1-2 169 : 1-3

192: 2-3 238 : 1-3 239 :4 249: 1-4 241: 9 242: 1-3

253; 2 : 264: 1-3

6.1.2 Die gemeente kan ook by wyse van afwisseling in plaas van 'n lied ook die geleentheid gebied word om in stil gebed hulle skuld voor die Here te bely. Die stil gebed het die voordeel dat elke lidmaat sy eie persoonlike skuld teenoor die Here kan erken en bely.

6.1.3 'n Nuwe element wat baie sterk oorweeg moet word is om per geleentheid na die genadeverkondiging die gemeente die geleentheid te bied om die Here dank te betuig vir die sondevergifnes wat hulle so pas ontvang het. Hierdie dankbetuiging kan ook in die vorm van 'n stil gebed wees of ook deur die sing van 'n gepaste lied. Die volgende liedere kan met groot vrug gebruik word :

Ps. 32:1 Ges. 57:3 131: 1-5 230:1-2 231: 1-3

6.2 Die volgende voorstelle word aanbeveel :

6.2.1 Predikante moet daarop attent gemaak word dat hulle kerkgangers vanaf die preekstoel gedurende die erediens moet inlig oor die orde van die gebeure (bv. sit, staan, ensovoorts) ten einde almal welkom te laat voel, en ordelikheid te bewerkstellig.

6.2.2. Dat die skuldbelydenis na die lees van die Wet nie uitgelaat sal word gedurende 'n oggend-erediens wanneer dit 'n gewone of gekombineerde diens is nie. (Doop, Nagmaal, Voorstelling van Kerkraadslede, ens.). Ring van Dendron.

6.3. Die ring beveel aan dat die Tien Gebooie by elke diens volledig gelees moet word, behalwe by Nagmaal, en Doopdienste waar dit opsioneel gedoen kan word.
Ring van Dendron.

6.4 Eindtye hoevêr die predikasie.
Kerkraad van Stellenbosch

7. BELEID (vervolg)

- 7.1 Die sinode besluit dat lede van organisasies wie se grondwet en doelstellings in stryd is met die A P K se belydenis nie op die kerkraad mag dien nie.
Ring van Bethlehem.
- 7.2 Dat gemeentes aangemoedig word om Serkos daadwerklik te ondersteun.
- 7.3 Dat die A P K met Serkos skakel vir moontlike verteenwoordiging op die beheerraad van Serkos.
Ring van Dendron
- 7.4. Dat die Sinode versoek word om :
- 7.5. Dank uit te spreek teenoor die S A U K vir opbouende T V programme Ernstige beswaar aan te teken by die S A U K oor talle volksvreemde en sedebederwende programme wat oor T V aangebied word.
Ring van Dendron
- 7.6. Die Sinode moet uitspraak gee oor die A P K se standpunt ten opsigte van vrymesselary en vremesselaars se posisie in die kerk .
Ring van Dendron.
- 7.7 Vrymesselary (na 11.2.3., bl 9)
"Die Ring versoek die Sinode om uitspraak te gee oor die Vrymesselary as beweging en lede daarvan as lidmate van die A P K (of kerkraadslede van die A P K.)"
Ring van Lichtenburg.
- 7.8 Leer en Aktuele sake : (14.1, bl 11)
"Die Ring versoek die Sinode om Ringe en Kerkrade te dien met n paslike naam vir die kommissie.
Ring van Lichtenburg.
- 7.9 Die Ring versoek die Sinode om die moontlikheid van nouer skakeling tussen die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Evangelies Gereformeerde Kerk op amptelike vlak te ondersoek, en, indien moontlik uit te brei en te verstewig.
Ring van Mooinooi.
- 7.10 Die Ring van Mooinooi is diep bekommerd dat daar n tendens in sommige kerke na vore getree het deurdat hulle nie meer hulle profetiese taak uitvoer nie en dat daar dikwels vanuit humanistiese wyse opgetree word waardeur die Naam van Christus oneer aangedoen is. Hierdie Ring wil dus die vertroue uitspreek dat die Afrikaanse Protestantse Kerk sy profetiese taak streng volgens die eise van die Skrif sal uitvoer.
Ring van Mooinooi.

9. GEMEENTELIKE DOKUMENTSTELSEL (Vervolg)

- 9.1 Goedgekeurde Boekstelsel d.i. Kasregister, Notuleboek, aanvra van
assestate ens.
Kerkraad van Stellenbosch.

- 18.2. Swartes, Kleurlinge, en Indiërs moet opgelei word om onder hulle eie mense sendingwerk te doen en dan as Belydenis Kerke binne Volksverband te funksioneer.

Diegene wat in onmiddellike omgewing is, veral plaasarbeiders in ons geval.

Ring van Dendron.

- 18.3 SENDING : (10, bl 9)
Ek verwys u na die hele punt 10, bl 9 as besluit en beskrywingspunt van die Ring aan die Sinode.
Ring van Lichtenburg.

22. BESKRYWINGSPUNTE VOORGELê DEUR DIAKEN D.J. MÜLLER, BARBERTON

N.B. (Aangesien hierdie voorlegging 8 foliobladsye beslaan en redelike lang verduidelikings bevat sonder om beskrywingspunte saaklik te formuleer, word dit alles onder een punt aangebied sonder om dit onder die aparte kategorieë te rangskik. Kommissies moet derhalwe die stuk onder oë neem en uitsorteer wat by elkeen tuishoort vir aandag. Die oorspronklike is beskikbaar vir insae).

1. Grondwetlik

- a. Leen van geld.
- b. Lidmaatskap aan geheime organisasies
- c. Die Skrif

2. Geestelik

- a. Geloofsbelydenis (kritiek op aflegging)
- b. Kategese
- c. Evangelisasie en Ampsbediening
- d. Orde van die Erediens.
- e. Die Nikolaïete (mense oor mense beheer uitoefen)
- f. Die doopgelofte
- g. Evangelisasiedienste
- h. Opleiding van leraars vanaf 1988.

23. LEESSTOF

- 23.1 Die leesstof wat versprei mag word onder lidmate.
Kerkraad van Stellenbosch.

24. INLIGTING

- 24.1 Inligtingsvergaderings : (8.4., bl7)

Die Ring versoek die Sinode om deurentyd inligtingsvergaderings te reël in plekke waar die vermoede bestaan dat inligting nodig is.
Ring van Lichtenburg.

2. FORMULIERE (vervolg)

2.1 KONSEPFORMULIER VIR DIE OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF - BYLAAG "L"

2.2 KONSEPDOOPSEEL - BYLAAG "M"

Ring van Mooinooi.

KONSEPFORMULIER VIR DIE OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF

Geliefdes in onse Here Jesus Christus,

BEGRONDING

Om in die openbaar belydenis van jou geloof te doen, gee aan die verbondskind die geleentheid om persoonlik voor God en die gemeente rekenskap te gee van die geloof wat daar in hom/haar lewe. Dit kom daarop neer dat die verbondskind die genade-aanbod wat God in die doop aan hom/haar gebied het, bewustelik deur die geloof sy/haar eie maak.

BELYDENISAFLEGGING IS 'n BELOFTE

Om in die openbaar belydenis van jou geloof te doen, is om 'n belofte van volle toewyding aan die Here, die Koning van die Kerk, te maak: om te lewe volgens sy Woord, getrou deel te neem aan die erediens en die aktiwiteite van die kerk, om te volhard in die gebed en om God op alle terreine van die lewe te verheerlik deur woord en daad. Ja, dis 'n orderneming om, deur die krag van die Heilige Gees, te volhard en steeds te groei in die geloof.

· (Voornemende lidmate word opgeroep om voor die kansel te verskyn.)

BELYDENISAFLEGGING

· Liewe Broers en susters in die Here,

Die Kerkraad en Gemeente het met groot vreugde kennis geneem dat u gereed en begerig is om as volwaardige, belydende lidmate van die Kerk toegelaat en bevestig te word. U het onderrig ontvang in die Christelike leer en die Kerkraad oortuig van u leer en lewenswandel.

Om toegelaat te word as belydende lidmate met volle toegang tot die Nagmaal, moet u opreg en bevestigend op die volgende vrae antwoord:

1. Is u daarvan oortuig dat die Bybel, as enigste en onfeilbare Woord van God, die ware en volkome leer van die saligheid is; dat niks daarby gevoeg of daarvan weggeneem mag word nie; dat die belydenisskrifte van die Kerk, hoewel daaraan ondergeskik, daarmee ooreenstem en daarom onderskryf moet word. Is u daarvan oortuig dat hierdie kerk, waarvan u voornemens is om lidmaat te word, hierdie leer verkondig as enigste weg van saligheid?
2. Het u hierdie leer, wat die enigste weg tot saligheid is, ook as u persoonlike geloofsoortuiging aangeneem, en, belooft u om alle leringe wat daarmee in stryd is, te verwerp? Verder, is dit u voorneme om in die krag van die Heilige Gees voortaan in hierdie leer tot aan die einde van u lewe te volhard?
3. Verklaar u hiermee dat u in die volmaakte soenverdienste van Jesus Christus glo en dat u Hom aangeneem het as u persoonlike Verlosser en Saligmaker.
4. Belooft u om Jesus Christus te dien, sy Naam getrou te bely voor die mense en om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem?

5. Beloof u om God die Here lief te hê en in die krag van die Heilige Gees teen alle versoekinge te stry en te oorwin? Onderwerp u u daarom aan die Kerklike tug?

VERKLARING

Op grond van die Genadeverbond, soos verseël deur die doop, en kragtens die belydenis wat u so pas voor God en sy gemeente afgelê het, verklaar ek op gesag van die Kerkraad, dat u lidmate (n lidmaat) is van die Afrikaanse Protetantse Kerk, Gemeente

VERMANING

God het u geroep om in die wedloop van die geloof al u kragte in te span om die ewige lewe as prys te behaal. Volhard daarin met u hele hart, u hele siel en u hele verstand.

Gemeente, God het hierdie lidmate aan die gemeente toegevoeg om as lede van een liggaam hulle gawes en talente te wy aan die Hoof van die Kerk, Jesus Christus. Stel ook u gawes en talente wat u van God ontvang het tot oesikking tot die opbou van die liggaam van Christus. Bid vir mekaar en werk met mekaar saam. Laat die liefde van Christus u as band saambind tot getuienis in hierdie wêreld (Joh 13:35).

KONSEPDOOPSEEL:

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners)

(WAPEN OF SEEL VAN DIE KERK)

Hiermee verklaar ondergetekende dat die sakrament van die
 Heilige Doop volgens aantekening in die doopregister
 van ondergenoemde gemeente bedien is op (datum)
 aan
 (volle voorname van die dopeling)

gebore op
 (geboortedatum)

deur
 (naam van leraar)

Ouers van dopeling: Vader :
 (volle naam en van)

Moeder :
 (volle naam en van/nooiensvan)

OF: Die volgende getuies:
 (volle naam en van/ hoedanigheid

 (volle naam en van/hoedanigheid)

Afrikaanse Protestantse Kerk, Gemeente van

.....
 (leraar/saakgelastigde/skriba)
 (datum)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

BESKRYWINGSPUNTE DEEL 2

(laat ingekome beskrywingspunte)

1.	REGTE (Kerkorde/Kerkregtelik)	1-4(ook 13)
2.	LITURGIE/FORMULIERE	5
	Bylaes N,O,P,Q,R,S	
3.	BYBEL/BYBELVERTALING	6
4.	KERKMUSIEK/KERKSANG	6-7
5.	KATEGES	7-8
6.	LEER	8-9
7.	AKTUELE SAKE/EUWELS	9
8.	FINANSIES/BEGROTING	9-10
9.	JEUG	10 (ook 13)
10.	ONDERWYS EN OPVOEDING	10
11.	BEJAARDESORG	10 (ook 13)
12.	EVANGELISASIE	11
13.	SENDING	11-12
14.	N.G. KERKBOEKHANDEL/KERKLIKE EN GODSDIENSTIGE PUBLIKASIES	12
15.	TEOLOGIESE OPLEIDING	12
16.	DIENS VAN BARMHARTIGHEID	12
1.	REGTE (vervolg)	13
9.	JEUG (vervolg)	13
11.	BEJAARDESORG (vervolg)	13
17.	KERKEMBLEME	13

1. REGTE (Kerkorde/Kerkregtelike aangeleenthede)
- 1.1 Ons kerk moet n eie kerkorde hê. Beswaardes moet tuis en tevrede voel in die kerk
Ring van Vereniging.
- 1.2 Ons kerk moet n eie identiteit hê. Dit moet nie n namaaksel of duplikaat van enige ander kerk wees nie.
Ring van Vereeniging.
- 1.3 Begrafnisse en troues : Die ring stel voor dat begrafnisse en troues as deel van die leraar se ampsplig beskou moet word en dat hy geen bykomende vergoeding daarvoor sal ontvang nie.
Ring van Vereeniging.
- 1.4 Ampsdrag : Die ring versoek die Sinode om duidelik uitspraak te gee oor ampsdrag van die leraar en kerkraad.
- 1.5 Diakonesse: Op voorstel van Broer Van Niekerk en gesekondeer deur Broer Venter, voel die ring dat die vroue op hul eie terrein net sulke goeie werk kan doen en dat die amp van die kerkraadslid by die man bly.
Die eerste taak van die vrou bly moeder wees in die belang van ons kinders.
Ring van Vereeniging.
- 1.6 Die ring beveel by die Sinode aan dat die huidige naam van die kerk onveranderd bly.
Ring van Vereeniging
- 1.7 Deelname deur die gemeente: Die fisiese deelname van die gemeentelede moet verhoog word in die ere-dienste en samekomste. Kerkraadslede moet deur die gemeente verkies word en die gemeente beroep sy Predikant saam met die kerkraad.
Ring van Middelburg
- 1.8 Wyke: Moet liefs nie meer as 10 besoekpunte hê nie.
Ring van Middelburg
- 1.9. Huisbesoek:
 - a. Moet maandeliks deur die kerkraad gedoen word.
 - b. Die ouderling en diaken moet saam gaan.Ring van Middelburg
- 1.10 Gemeente getalle: Nie meer as 300 tot 350 belydende lidmate per gemeente nie.
Ring van Middelburg
- 1.11 Predikante: Slegs een predikant per gemeente word toegelaat.
Ring van Middelburg
- 1.12 Die Ring het gevoel dat die Sinode of ringe moet waak om soos by die N.G. Kerk oorlaai te word met kommissies. Geen staande kommissies word voorgestel nie, aangesien kerkrade alles behoort te hanteer. Ad hoc kommissies kan vir noodgevalle bymekaar geroep word, wat daarna weer ontbind.
Ring van Roodepoort.

- 1.13 Grondwet en reglemente van die kerk: Die Afrikaanse Protestantse Kerk is 'n kerk vir Christus onder blanke Afrikaners. Die Afrikaanse taal sal dus 'n kenmerk van ons kerk wees. Alle verrigtinge sal dus geskied deur ons daaglikse taal wat ons praat en verstaan en in opgegroeï het. Onder blank verstaan ons dat ons hierdeur ons eie identiteit behou, ons eie kultuur beoefen, ken en verstaan. Enige blanke persoon is dus welkom om by ons kerk aan te sluit indien hy hom aan die grondwet onderwerp.

Persone wat lidmate van ons kerk wil word moet met empatie hanteer word. Alle amptelike stukke van die kerk moet in maklik leesbare taal geskryf wees, sodat elkeen dit kan verstaan.

Herroeping van enige deel, of die hele grondwet, moet met 'n 100% stemme onder alle belydende lidmate landswyd bevestig word.

Leraars mag nie die heilige sakremente soos die nagmaal en doop asook die huweliksbevestiging van anderskleuriges behartig nie. Geen persone wat met 'n anderskleurige getroud is, of gaan trou of wat 'n anderskleurige kind het of aanneem mag 'n lid van ons kerk bly of wees nie. Anderkleuriges word glad nie in ons kerk toegelaat nie, selfs ook nie met troues en begrafnisse nie. By begrafnisse word hulle wel by die graf toegelaat.

Die kerkraad moet verder saam met die gemeente die opperste gesag in die gemeente wees. Die sinode mag nie 'n alles oorheersende beheer oor die kerkraad en die gemeente hê nie.
Ring van Roodepoort.

- 1.14 Die kerkraad gaan na die gemeente met 'n groslys, en vra vir nog verdere voorstelle. Indien meer voorstelle gekry word as wat daar vakatures is, moet die bestaande kerkraad tot stemming oorgaan en die nodige kerkraadslede kies. Nadat die name van die verkose lede vir twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente voorgelê is, word hulle bevestig.
Ring van Roodepoort

- 1.15 Gemeentevergaderings: Deur gemeentevergaderings raak gemeentelêde by gemeentebestuur betrokke en meelewing vind plaas. Om die invloed van die hiërargie te verminder, mag die leraar nie die voorsitter by sulke vergaderings wees nie, maar wel die hoofouderling. Afkondigings behoort dan ook na die erediens gedoen te word om die gemeente 'n geleentheid te bied om dit te bespreek, indien daar so 'n behoefte bestaan. By kerkraadsvergaderings bly die leraar egter die voorsitter van die vergadering.
Ring van Roodepoort

- 1.16 Vroue as predikers: Vroue mag nie tot die bediening toegelaat word nie. Die emansipasie van die vrou is 'n beplande gelykmakingsproses waardeur gesagsrolle omvergegooi word, geslagsidentifisering van die jeug versteur word, en die sosiale struktuur afgetakel word.
Ring van Roodepoort

- 1.17 Nagmaal :
a. Word drie maandeliks gevier.
b. Voorbereiding is Saterdagavond en dankseggingsdiens Sondagavond.
c. 'n Geloofsbou-naweek kan vir die hele naweek gereël word.
d. Nagmaal naweek moet 'n spesiale geleentheid wees.
Ring van Middelburg

- 1.18 Gemeentekantoor:

- 1.19 Pinkersterfees: Die kerk behou die gebruik om pinksterfees vir tien dae met bidure te vier, met die kinders moet ook rekening gehou word.
Ring van Middelburg
- 1.20 Voorstelle i.v.m. naam vir die Kerk - voorlegging is ter insae op lêer van Ringsvergaderinge geliasseer - Blanke Protestantse Gemeente.
Anoniem
- 1.21 Betrokkenheid van mans by die diens aan die gemeente : Dat 'n besprekingspunt aan die Vrouekongres en/of Sinode voorgelê word met die oog daarop om moontlik vanuit die Kerkbestuur 'n meningsopname onder manlike lidmate oor hierdie saak te maak en selfs van hulle voorstelle te kry. So 'n ondersoek mag dalk net daartoe lei dat daar binne die A P K ook 'n mannehulpaksie mag ontstaan of dat daar nog besluit word om hulle kragte met dié van die vroue te verenig. Wil manlike lidmate in die algemeen nie baie meer betrokke wees as dit waartoe hulle in die verlede die geleentheid gehad het nie?
Susters Gemeente Moot-Sentraal
- 1.22 Die Ring besluit dat ampsdraers by eredienste donker pakke met wit dasse moet dra en dat leraars togas moet aanhê.

Tydens kerkraadsvergaderings, Ring en Sinode vergaderings, pakke klere.
Ring versoek Sinode om togas vir leraars verpligtend te maak.
Ring van Migdol
- 1.23 Die Ring besluit dat gemeentegrense voorlopig vloeiend behou word tot tyd en wyl die kerk groter gegroei het. 'n Lidmaat moet dus nie eers tot 'n spesifieke gemeente beperk word nie.
Ring van Migdol
- 1.24 Die Ring besluit dat kerkraadslede verkies en leraars beroep moet word deur gemeentelêde tydens gemeentevergaderings.
Ring van Migdol
- 1.25 Die Ring aanvaar in beginsel dat Kerkraadvergaderings altyd geslote vergaderings sal wees en dat Ring en alle meerdere vergaderings ope vergaderings sal wees.
Ring van Migdol
- 1.26 Bepleit toepassing van die volle spektrum van sensuur.
Ring van Naboomspruit
- 1.27 Voorsitter van die Kerkraad nie noodwendig 'n predikant is nie.
Ring van Naboomspruit
- 1.28 Sinode moet slegs adviserende magte hê. Sinode moet homself weerhou van Sinodekrasie.
Ring van Naboomspruit

1.29

Daar is voorstelle vir naam van Kerk nl.

- a. Die Afrikaner Protestantse Kerk - (Bosveld)
- i. (n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)
- b. Die Afrikaner Kerk - (Warmbad)
- (n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

Ring van Naboomspruit

1.30

Gemeentevergaderings

Die Kerkraad van Marble Hall wil aanbeveel dat die Ring van Naboomspruit by die Sinode sal aanbeveel dat gemeentevergaderings as instelling gevestig sal word in die A P K vir die volgende redes :

1. Om by kerkraadsverkiezings die kerkraadslede wat deur kerkraad verkies word te bekragtig op so n vergadering.

2. Om enige projekte wat deur kerkraad ge-inisieer word te bekragtig of af te keur.

3. Om deel te mag hê in enige aangeleentheid wat as beleid van n plaaslike situasie gevestig moet word.

Ring van Naboomspruit

1.31

Voorstelle oor Kommissies vir Ringe :

- a. Finansiële kommissie
- b. Jeugkommissie
- c. Evangelisasie en Ampskommissie
- d. Sendingkommissie
- e. Diens van Barmhartigheid
- f. Aktueel en Leerkommissie.

Ring van Naboomspruit

1.32

Afgevaardigdes moet met spesiale opdragte na Ring, na Sinode gestuur word, nie eiesinnig. Afgevaardigdes ná : Sinode moet deur die Kerkraad gekies word.

Ring van Naboomspruit

1.33

Die ampsdraers van die Kerk moet alleenlik mans wees, en nie van vrouens as kollektante gebruik maak nie. Vrouens kan as kollektant optree wanneer haar man nie die nodige tyd daarvoor het nie.

Ring van Naboomspruit

1.34

Lidmate van gemengde huwelike : Sodra n lidmaat van die A P K in n gemengde huwelik bevestig word, verloor hy onmiddellik sy lidmaatskap. Toelating van ander kerke se lidmate om nagmaal saam met ons te gebruik, as ons die persoon ken, is daar nie n probleem om dit saam met ons te gebruik, want ons ken die gemeenskap. Nagmaalsformulier - Is jy belydende lidmaat, is jy nie onder sensuur.

Ring van Naboomspruit

1.35

Voorsitterskap van Kerkraadsvergadering : Daar is n voorstel gemaak dat die voorsitterskap nie noodwendig n leraar moet wees nie, maar dat n leierouderling ook kan waarneem indien leraar nie teenwoordig.

Ring van Naboomspruit

2. EREDIENS / LITURGIE / FORMULIERE

2.1 BESKRYWINGSPUNT : n Moontlike verskeidenheid by genadeverkondiging aan gemeente .

Na deeglike oorweging het die Ring van Vereeniging sy besondere opdrag n. die volgende teksverse as n verskeidenheid by genadeverkondiging aan die gemeente uit die Ou- en Nuwe Testament ondersoek en dit goed bevind :

Deut. 31:8	Jes. 66:13	2 Kor. 6:2
Ps. 27:5	Jer. 31:3	2 Kor. 12:9
Ps. 34:19	Eseg. 36: 26;27	Gal 2:20
Ps. 37:5	Hos. 14:5	Efes. 1:7
Ps. 46:2	Luk. 19:10	Efes. 2: 4-7;13
Ps. 48:15	Joh. 1:29	Filip 4:19
Ps.50:15	Joh 3:16;17;18;36	Kol. 3:4
Ps.103:8;10-12	Joh 6: 35;37;47	1 Tim 1:15
Ps. 121: 5;7;8	Joh 14:1	Heb. 10:16
Ps. 130:7	Hand. 4:12	Heb. 13:5;8
Jes. 1:18	Hand 10:43	1 Pet. 2:22;24
Jes. 26; 3;4	Rom. 5:1;8	1 Pet. 3:18
Jes. 30 ; 19	Rom 6:23	1 Pet. 5: 7
Jes. 41:10	Rom 8: 1;31-39	1 Joh 1:7;9;11
Jes. 43: 1;25	Rom 10;13	1 Joh 2:12
Jes. 44: 22	1 Kor. 10:13	1 Joh 3: 1;2;16
Jes. 53: 5	2 Kor. 5:17-19	1 Joh 4: 7-11
Jes. 59:1	Joh 10: 9-11, 27;28	1 Joh 5:11

2.2 Formulier vir die skorsing van n gemeentelid (Bylae N)
Ring van Middelburg

2.3 Formulier vir die skorsing van n lid van die gemeente (Bylae O=
Ring van Middelburg

2.4 Lidmaatskapvorm - (Bylae P)
Ring van Roodepoort

2.5 Liturgiese orde : Bevestiging van Ampsdraers (Bylae Q)

2.6 Liturgiese Orde : Belydenis van geloof (Bylae R)
Ring van Germiston

2.7 Dat die voorlees van die Tien Gebooie weer sy regmatige ereplek sal inneem by eredienste terwyl die opsomming met wanneer spesiale omstandighede dit vereis, bogenoemde sal vervang.
Ring van Middelburg (van mnr Orbie van der Merwe)

2.8 Die orde van die erediens by die voorbereidingsdiens en by die dankseggingsdiens (K V K) : Die orde soos by die N.G. Kerk behoort behou te word. Die Wet moet egter by die geleenthede uit die ou testament gelees word.
Ring van Roodepoort

2.9 Formulier vir die bevestiging van die huwelik (Bylae -S)
AB en CD, u begeer dat u huweliksverbinten is openlik hier in die kerk van die Here moet plaasvind. Luister daarom wat God in sy Woord oor die huwelik leer.

INLEIDING

Geliefdes in die Here Jesus Christus; dit is aan u bekend dat ons deurlopend op verskillende tye aan u gerapporteer het aangaande die groot sonde wat ons mede lidmaat gepleeg het, en die aanstoot wat hy/sy daarmee gegee het. Ons het aan u gerapporteer met die hoop dat u Christelike vermanings en gebede hom/haar tot inkeer sou bring sodat hy/sy sy/haar sonde sou bely en hom/haar tot God sou bekeer, en hom/haar losmaak van die strik van die duiwel. Met groot droefheid moet ons egter rapporteer dat niemand tot nou toe getuig het dat ons broer/suster, hom/haar as gevolg van ons menigvuldige vermanings, afsonderlik sowel as gesamentlik in die privaat of voor getuies, sy sonde bely of berou getoon het nie.

SKORSING

Omdat hy/sy sy/haar hart verhard het en hardnekkig weier om hom/haar los te maak van sy/haar sonde, na al die geduld en liefde wat die kerk getoon het sal ons nou, soos by die vorige keer aan u gerapporteer, met groot hartseer verplig wees om tot die uiterste tug maatreël oor te gaan, en..... in opdrag van die Heilige Woord van God, van ons gemeente en kerk te skors, met die bede dat hierdie aksie moontlik tot sy inkeer sal lei. Met hierdie skorsing wil ons ook verhoed dat die res van die gemeente deur hierdie lidmaat se optrede aangetas of bederf sou word, en die Koningryk van God verder skade ly.

VERKLARING

Daarom verklaar ons as dienaars en opsieners van hierdie gemeente van God, wat in die Naam en Mag van onse Here Jesus Christus hier vergader is dat weens genoemde redes vanaf hierdie dag geskors word uit hierdie gemeente en kerk van Jesus Christus, en dat hy/sy geen deel mag hê aan die samekomste van die gemeente of aan enige van die heilige Sakramente of geestelike seënninge of weldade van God wat Hy aan Sy gemeente beloof of bewys, solank hy/sy hardnekkig en onboetvaardig veier om sy/haar sondes te bely en voortgaan daarmee. Hy moet daarom, volgens die bevel van Christus (Matt 18) wat sê dat alles in die hemel gebonde is wat sy dienaars op aarde bind, as heiden beskou word.

OPDRAG

Verder versoek ons u geliefde Christene om nie met die broer/suster te meng sodat hy/sy skaam kan word oor sy/haar houding en hom/haar sal bekeer tot die Here. U moet hom egter nie as n vyand beskou nie maar van tyd tot tyd op broederlike wyse vermaan. Ons versoek u ook om voortdurend voorbidding vir die broer/suster te doen.

VERMANING

Ons moet elkeen uit hierdie en ander voorbeelde leer, sodat ons nie, terwyl ons dink ons staan, sal val nie, en ons daardeur ons ware gemeenskap met die heiliges en met die Vader en Sy Seun Jesus Christus sal verloor nie. Saam met al die gelowige Christene moet ons volhard in die geloof tot die einde, om so die ewige saligheid te verky. Liewe broers en susters u het gesien hoe hierdie broer/suster geval het, en al dieper in die sonde gesink het. Die satan is baie slim en weet hoe om die mens te verlei, en weg te lei vanaf die ewige saligheid. Wees dus wakker en let op die geringste versoekinge van satan terwyl u met volharding die wedloop loop en elke sonde bely met die oog gevestig op Jesus die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Wees dus waaksaam en bid dat u nie in die versoeking sal val nie.

Ons gebed is dat vandag as u die stem van die Here hoor, verhard u hart nie, maar bely u sonde met vrees en bewing en laat elkeen berou hê oor sy sonde, sodat God ons nie weer hoef te verneder en ons moet treur oor die verlies van een van u nie, maar dat ons almal eendragtig in die Godsaligheid sal lewe en ons kroon en blydschap in die Here mag wees.

GEBED

Aangesien dit God die Heiligegees is wat na Sy wil en welbehag in ons harte werk laat ons Sy heilige Naam met die belydenis van ons sondes, aldus aanroep.

O regverdige God en barmhartige Vader, ons kla onself vanweë ons menigvuldige sondes voor U hoë majesteit aan. Ons erken dat ons ten volle die droefheid en smart wat ons lei, weens die skorsing van een van ons lidmate, verdien het. Ons erken ook dat elkeen van ons weens ons menigvuldige sondes verdien om van U afgesny en verstoot te word. Daarom Here bid ons U wees ons genadig om Christus ontwil, vergeef ons ons sondes want ons het van harte berou daaroor, en werk in ons harte hoe langer hoe meer 'n gevoel van smart oor die sonde. Laat ons uit vrees vir u oordeel oor die hardnekkiges, ons tot u bekeer en ons ou natuur kruisig. Gee dat ons waaksaam sal wees teen die versoekinge van die wêreld en van hulle wat van die gemeenskap van die kerk afgesny is, sodat ons nie deel sal hê aan hul sondes nie, en hulle skuldig sal voel oor hul sonde. Aangesien U geen behag het in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom sal bekeer, en aangesien U kerk altyd oopstaan vir die sondaar wat hom bekeer, bid ons U dat U die nodige ywer in ons sal laat ontvlam sodat ons met ons voorbeeld en christelike vermaning sal streef om hierdie geskorste lidmaat asook almal wat deur hul ongeloof en roekelose lewe afgedwaal het, weer op die regte pad te bring. Gee U seën op ons vermaninge sodat ons ons kan verbly oor hulle oor wie ons nou treur, en U Heilige Naam kan prys vir hul terugkeer. Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus wat ons asvolg leer bid het;- Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam

FORMULIER VIR DIE SKORSING
VAN N LIDMAAT VAN DIE GEMEENTE

RYLAE O

Matt. 18:15-17
Art.62

Tit 3:10,11
2 Thess. 3:16

Geliefdes in die Here Jesus Christus,
Die Kerkraad het met lidmaat vir n geruime
tyd ooreenkomstig die Woord van God en die
voorskrifte van die kerkorde gehandel. Die
genoemde lidmaat weier om aan die kerklike
vermaning gehoor te gee, berou oor sy sonde te
toon en met die sonde te breek. Die Kerkraad is
gevolglik genoodsaak om, na raadpleging van die
ringsvergadering, die uiterste tugmaatreël toe te
pas, nl. skorsing uit die gemeente en daarmee ook
die opskorting van alle voorregte aan die lidmaat
in die gemeente.

Hebr. 10:24,25

Gal. 5:13
Ef. 4:2,3
Rom. 12:10
2 Thes. 3:14,15
Hebr. 13:13

As gelowiges het ons nog steeds n groot verantwoor-
delikheid en plig teenoor hom.
Dien mekaar en verdra mekaar dan in liefde, sodat
u deur u broederlike liefde, Christelike vermaning
en voortdurende belangstelling die geskorste
lidmaat kan terugwin vir Christus en Sy kerk om
so die eenheid van die liggaam van Christus te
herstel.

1 Kor. 12:20-26
Gen. 4:17

Geliefde Broers en Susters, die daad van skorsing
is ook n vermaning dat u moet waak teen die eerste
begin van die sonde.

Gebed

Barmhartige en genadige God en Vader deur ons Here
Jesus, die skorsing van n lidmaat van die
gemeente vanweë volharding in sonde, vervul ons
met droefheid en smart voor u aangesig.
U het nie behae in die dood van die sondaar nie,
maar daarin dat hy hom moet bekeer en lewe.
Daarom bid ons dat U hom deur die Heilige Gees sal
lei tot berou oor sonde, hom vergewing daarvan sal
skenk en in U gemeente as n lewende lidmaat sal
terugbring.
Bewaar elkeen van ons elke oomblik sodat sonde ons
nie van U lewende gemeenskap sal afsny nie.
Ons vra dit in die Naam van ons Here Jesus
Christus. Amen.

LIDMAATSKAPVORM
(vir enkeling of Gesinseenheid)

Byla 1

Skrap wat nie pas nie

1. * Ek/ons die ondergetekende(s) verklaar hiermee in alle opregtheid
 - 1.1 dat * ek/ons * lidmaat/lidmate was van die gemeente bekend as (gee naam van gemeente en kerk)

.....

tot (datum van bedanking)
 - 1.2 dat * ek/ons bedank het as * lidmaat/lidmate van bogenoemde gemeente
 - 1.3 dat * ek/ons skriftelike bewys van ons vorige lidmaatskap hierby inlewer (of later sal inlewer)
 - 1.4 dat ondergetekende getuies * my/ons vorige lidmaatskap kan bevestig.

2. * Ek/ons verklaar hiermee in alle opregtheid
 - 2.1 dat * ek/ons hiermee aansluit by " 'n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners" wat op 27 Junie 1987 gestig is in Pretoria en wat voorlopig genoem word
Die Afrikaanse Protestantse Kerk - Lindengemeente
 - 2.2 dat ek aan die belydenis, leer en regering van die Kerk waarby ek nou aansluit getrou wil bly solank die belydenis, leer en regering getrou aan Gods Woord bly
 - 2.3 dat ek myself aan die vermaning en tug van my kerk ooreenkomstig Gods Woord wil onderwerp
 - 2.4 dat ek God Drie-enig, uit dankbaarheid vir Sy liefde en genade, met blymoedigheid wil dien volgens Sy Woord.

* My/ons volle * naam/name; van; nooiensvan; geboortedatum(s) en handtekening(e)

Volle Name	van	Nooiensvan	Geboortedatum	Handtekening
.....				
.....				

Volle name en van en geboortedatum van * Dooplidmaat/Dooplidmate

Geboortedatum

1.
2.
3.
4.
5.
6.

* Ek/ons het hierbo geteken op (datum) te (plek)

* My/ons woonadres

* My/ons posadres Bekeerd

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK.

RING VAN GERMISTON.

LITURGIESE ORDE - BEVESTIGING VAN AMPSDRAERS.

Aankondigings.

1. VOTUM
2. SEENGROET
3. LOFSANG
 - a DIE WET
 - b SKULDBELYDENIS
 - c GENADEVERKONDIGING EN RETENSIE
 - d GELOOFSBELYDENIS
4. GEBED
- 5 SKRIFLESING
6. PREDIKING
- 7 SANG - Keuse met die oog op toewyding van hele gemeente aan hulle getuienistaak of gepaste Skrifgedeeltes soos bv.
EF.4:11-12; 2 KOR.5:18-20; 2 TIM.2:1-3; TITUS1:5-9.
Hierdie gedeeltes kan voorgelees word deur 'n kerkraadslid.
Oproep van verkose ampsdraers en die lees van die formulier tot voor die vrae
8. Beantwoording van vrae en verklaring en oproep met betrekking tot die bevestigde ampsdraers en gemeente.
9. Gelukwensinge - ampsdraers en gesinslede.
10. Gemeentesang: Psalm 134 of alternatiewe gepaste lied.
11. Ampsdraers neem plekke in - oorweeg geleentheid vir verwelkoming deur aangewese persone namens gemeente
12. OFFERGAWES.
13. SLOTSANG.
14. SEEN.

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK.

RING VAN GERMISTON.

LITURGIESE ORDE - BELYDENIS VAN GELOOF

Aankondigings.

- 1 VOTUM
- 2 SEENGROET
- 3 LOFSANG
- a DIE WET
- b SKULDBELYDENIS
- c GENADEVERKONDIGING EN RETENSIE
- 4 GEBED
- 5 SKRIFLESING
- 6 PREDIKING
- 7 SANG EN OPROEF VAN KATKISANTE
- 8 VERKLARING MET BETREKKING TOT TOELATING
(vir kennisname deur gemeente)
- 9 FORMULIER
- a GELOOFSBELYDENIS
- 10 VERKLARING TOT BELYDENDE LIDMATE EN OPROEF TOT GEMEENTE.
- 11 GELUKWENSINGE - Katkisante en Gesinslede.
- 12 GEMEENTELIKE SANG - Toewyding of dankgebed deur aangewese
ouderling of diaken gevolg deur sang.
- 13 NAGMAALVIERING - opsioneel
- 14 OFFERGAWES
- 15 SLOTSANG
- 16 SEEN

AB en CD, u het begeer dat u huweliksverbintenis openlik hier in die kerk van die Here moet plaasvind. Luister daarom wat God in sy Woord oor die huwelik leer.

DIE INSTELLING VAN DIE HUWELIK

God self het gesê: "Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip"(Gen.1:26). En God het die mens na sy beeld geskape: man en vrou het Hy hulle geskape (Gen.1:27). Dit blyk ook duidelik dat hierdie verbintenis onder die seënende hand van die Here bestaan (Gen.1:28) en dat dit 'n lewenslange verbintenis is (Gen.2:24; Matt.19:5-9).

Hierdie goddelike instelling van die huwelik is die diepste motief van die bewaring en behoud van die huwelik (Gen.2:17; 3:20; Joh.2:1; Ef.5:32). Hierdie goddelike instelling van die huwelik moet tot uiting kom in die eenheid van die huwelik en wel op die volgende wyse: 1) in liefde en diens teenoor mekaar (Gal.6:2; 5:13; Ef.5:22; Kol.3:18); 2) in die praktiese uitlewing van die geloof (1 Sam.23:18; 1 Kor.7:39; Rut 1:16; Ps.105:4; Spr.3:6); 3) in die huisgesin as kern van die gemeente van die Here: Jos.24:15 - "...maar ek en my huis, ons sal die Here dien."; 4) in die vreugde-belewenis met mekaar en die Here (Ps.103:1 en 2; 118:24; 65:1 en 2); 5) en in die toekomsverwagting van die huwelik as beeld en teken van die bruilof van die Lam (Openb.19:6; 21:2).

DIE DOEL VAN DIE HUWELIK

Die doel van die huwelik is dat getroudes binne die huwelik tot eer en verheerliking van God sal lewe (Gen.2:24; Ef.5:28-30); dat deur die huwelik die menslike geslag gebou sal word (Gen.1:28; 9:1-7); dat die huwelik 'n afbeelding sal wees van die verhouding tussen Christus en Sy kerk (Ef.5:32); dat huisgesin, familie, gemeenskap, kerk en staat vanuit die huwelik gevoed sal word; dat man en vrou vir mekaar tot hulp sal wees en mekaar aanvul (Gen.2:18).

DIE WEDERSYDSE VERANTWOORDELIKHEID

Die man moet sy vrou liefhê soos Christus die gemeente liefgehad het (Ef.5:25). Soos Christus moet die man as hoof sy vrou in liefde dien, lei en beskerm (1 Pet.3:7).

Die vrou moet soos die gemeente die Here liefhet en sonder vrees aan Hom gehoorsaam is en Hom dien, ook aan haar man onderdanig wees in alles wat billik is (Gen.3:16; Ef.5:22,24).

Tesame moet man en vrou die kinders wat God aan hulle mag gee, opvoed na die eise van Sy verbond en die godgegewe gesag in die gesin uitoeven volgens die riglyne van God se Woord: Jos. 24:15 - "...maar ek en my huis, ons sal die Here dien."

DIE SLUITING VAN DIE HUWELIK

AB en CD, noudat u weet wat volgens die Woord van God die oorsprong en aard, doel en verantwoordelikheid van die huwelik is, verklaar u dat dit u opregte voorneme is om só in die huwelik saam te lewe, en begeer u dat u in die huwelik verbind word?

Albei antwoord: JA

Gee mekaar die regterhand.

Die leraar spreek die bruidspaar aldus toe: Mag ons Here God u voorneme bevestig wat Hy u gegee het, en mag die begin van u huwelik wees in die Naam van die Drie-Enige God.

Die leraar aan die bruidegom: Verklaar u, AB, hier voor God en Sy heilige gemeente, dat u die bruid, CD, neem tot u wettige vrou, en beloof u dat u haar nooit sal verlaat nie, dat u haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos n getroue en godvresende man aan sy vrou verskuldig is; dat u ook heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God?

Die bruidegom antwoord hardop: Ek neem CD tot my wettige vrou. Ek beloof dat ek haar nooit sal verlaat nie, dat ek haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos n getroue en godvresende man aan sy vrou verskuldig is; dat ek ook heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

Die leraar aan die bruid: Verklaar u, CD, hier voor God en sy heilige gemeente, dat u die bruidegom, AB, neem tot u wettige man en beloof u dat u hom nooit sal verlaat nie, dat u in liefde hom sal gehoorsaam en help, soos n godvresende vrou aan haar man verskuldig is, dat u heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

Die bruid antwoord hardop: Ek neem AB tot my wettige man. Ek

sal gehoorsaam en help, soos n godvresende vrou aan haar man verskuldig is, dat ek heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

- * { Die leraar aan die bruidspaar: Verklaar u, gesamentlik, dat sover u weet daar regtens geen beletsel teen u voorgenome huwelik met mekaar is nie?
Albei antwoord hardop: JA

Die leraar aan die bruidspaar: Gee aan mekaar die ring, waardeur gesimboliseer en verseël word u samevoeging as man en vrou.

Hiermee verklaar ek dat AB en CD regtens getroud is. Glo dat God u saamgevoeg het, aanvaar in die geloof wat Hy op u weg as getroudes bring en verwag Sy seën in alles.

GEBED

(Die bruidspaar kan kniel)

Almagtige God, ons bid dat U die band wat die egpaar bind, sal heilig. Gee dat hulle deur die krag van die Heilige Gees in n ware geloof en suiwer liefde sal lewe en die versoekinge sal oorwin. Lei hulle in voor- en teenspoed, in vreugde en droefheid tot die einde. Seën hulle genadiglik in allès. Gee dat hierdie huwelik sal lei tot die opbouing van U gemeente, tot uitbreiding van die heilige evangelie, en tot eer van u Naam. Amen.

- * Hierdie gedeelte kan miskien ingevoeg word vóór "Die leraar spreek die bruidspaar aldus toe:" net nadat hulle mekaar die regterhand gegee het.

Opgestel deur die Ring van Memel op sy vergadering van 24 September 1987

3. BYBEL/BYVELVERTALING

- 3.1 Bybelvertaling: Die ring voel ernstig beswaard teen taalgebruik in sekere gedeeltes van die Nuwe Vertaling Bybel en ander gedeeltes wat polemieks veroorsaak en versoek die Sinode en leraars om 'n intensiewe en voortdurende studie daarvan te maak.
Ring van Vereeniging
- 3.2 Bybelgenootskap: Die ring vra vir 'n duidelike beleid oor bydraes aan die Bybelgenootskap. moet dit deur gemeentes gekanaliseer word of kan lidmate self bydraes aanstuur.
Ring van Vereeniging
- 3.3 Die Bybel: Die 1953 vertaling moet as die amptelike Bybel erken word en tydens eredienste gebruik word.
Ring van Middelburg
- 3.4 Gebruik slégs die 1933 uitgawe van die Bybel. Bekombaarheid skep egter probleme. KVK moet herdruk van Bybels probeer reël. Huidige Psalm en Gesangeboek moet behou word.
Ring van Roodepoort
- 3.5 Die ring besluit om nie die nuwe vertaling van die Bybel te gebruik nie en versoek die sinode om 'n ondersoek te loods daarna aangesien dit blyk dat daar tydens die vertaling van nuwe manuskripte gebruik gemaak is, bv. 1 Timotheüs 3 vers 6 en Psalm 23, ens.
Ring van Migdol
- 3.6 Bespreking van Bybelvertaling en Sangbundels
Beskrywingspunt - Sinode
Rig 'n versoek dat by die ou vertaling sal bly en word gesekondeer deur Marble Hall. Waterberg sê as daar enige twyfel is oor die korrektheid in verband met die nuwe vertaling moet dit nagegaan word, maar hulle sal gebruik maak van die nuwe vertaling. Ontbreking van tekste in die nuwe vertaling. Ons vra die Sinode om aanbevelings te maak. Deskundiges by die K V K die nuwe vertaling sal bestudeer, ons vra nie dat die nuwe vertaling mee weggedoen word nie, maar dat die ou vertaling 1953 die amptelike moet bly. Die nuwe vertaling plaas ons nie onder verdenking nie, maar daar is bevind dat die nuwe testament en die Jehowa Bybel dieselfde is ten opsigte van versuittaling. Ds. A.S. van Jaarsveld sê dat elke Kerkraad nie kan besluit watter Bybel ons moet gebruik nie - ons moet saamstem oor algemene gebruik - reël ter wille van geloofslowe.
Ring van Naboomspruit

4. KERKMUSIEK/KERKSANG

- 4.1 Sangbundels: Die ring versoek die Sinode om 'n eie Sangbundel saam te stel vir die gebruik by alle dienste en aksies van die kerk, aan die hand van lyste singbare liederes wat gemeentes gaan deurstuur.
Ring van Vereeniging
- 4.2 Die Halleluja: Moet vrylik gebruik word. Daar moet versoek word dat die Halleluja wat uit druk is weer gebruik word.
Ring van MIDDELBURG
- 4.3 Die sing van Hallelujas: veral by jeugdienste, Sondagskool en aanddienste word ten sterkste aanbeveel.
Ring van Roodepoort

4.4 Die Ring versoek die Sinode om nuwe Sangbundels saam te stel. Die kommissie wat dit moet doen moet uit gewone mense bestaan en gemeentelike wat belangstel moet na vore kom om betrek te word. Intussen moet die Psalms en Gesange gebruik word.
Ring van Migdol

4.5 Die Sinode word versoek om uitsluitel te gee t.o.v. die speel van die troumars in die kerk daar die komponis daarvan blybaar 'n antichris was.
Ring van Migdol

4.6 Ring rig 'n versoek aan die Sinode dat ou Psalm Gesange en Halleluja weer amptelik mag gebruik word asook gebruik maak van Jeugsangbundel.

Daar word voorgelees uit Psalm-Gesangbundel en party van die melodieë nie maklik op die tong vloei, vreemd aan tradisies. Dus ons rig die volgende dat :

1. 'n Gemeente nie gebonde gehou word aan 'n bepaalde nuwe wysie van 'n psalm of gesang nie, maar ook waar wenslik 'n ouer wysie daarvoor mag gebruik.
2. Sekere van die sogenaamde Halleluja liedere weer gesing mag word.
3. Liedere in die Jeugsangbundel ook in die gemeente byeenkomste gesing mag word.
4. Die uiteindelijke doelwit moet wees om 'n bundel te hê wat 'n keur bevat van:

- 4.1 die mooiste liedere (en wysies) uit die ou psalm- en gesangboek.
- 4.2 die mooiste liedere (en wysies) uit die nuwe psalm- en gesangboek
- 4.3 die mooiste liedere (na deeglike hersiening) uit die nuwe Jeugbundel.
- 4.4 die mooiste liedere (na deeglike hersiening en besinning) uit die ou Hallelujaboek.

Doelwit : Keur uit drie boeke
Ring van Naboomspruit

5. KATEGESE

5.1 Die leer van die Drieëenheid soos vervat in die huidige boeke van die kategeese laat heelwat vrae ontstaan oor die suiwerheid daarvan en versoek die Sinode om duidelike leiding in die verband.
Ring van Vereeniging

5.2 Die Bybel en die belydenisskrifte moet die enigste handboek by kategeese wees.
Ring van Vereeniging

5.3 Sondagskool

- a. Die woord katageese word nie gebruik nie.
- b. Formele punttoekenning en eksamen skryf word nie gebruik nie maar eerder klem op die geestelike ontwikkeling van die kind geplaas. Liefde vir God, Sy Kerk en Sy Bybel moet by hom gekweek word.
- c. Prestasie pryse word nie toegeken nie.
- d. Die Heidelbergse Kategismus en Gerdener moet as basis gebruik word.
- e. 14 dae intensiewe katekisasie in die begin van Januarie vir die finale katekisasie.

- 5.4 Sondagskool seëls en diplomas : Die toekenning van seëls en diplomas net soos by die N.G. Kerk. Toegewings moet vanjaar aan kinders wat van kerk verwissel het gemaak word. Die ou benaming Sondagskool moet gebruik word. Sondagskool tot en met st. 5 behoort van die ou tipe N.G. Kerk teksversboekies gebruik te maak. Die kinders memoriseer teksverse en leer die Bybel so ken. Jaarlikse eksamens moet afgeskaf word, en die kinders se kennis moet weekliks getoets word. Die gemiddeld van hul weeklikse resultate tel dan vir die jaarpunt.

Bevestiging van dooplikmate as belydende lidmate geskied wanneer die lidmaat sestien jaar oud is, of teen die einde van die jaar waarin hy in st. 9 is.

Ring van Roodepoort

- 5.5
- a. Dat Kategeseboekie meer eenvoudig en Sondagskool meer aantreklik gemaak moet word.
 - b. Dat boekpryse of enige pryse vir Sondagskool afgeskaf word en dat daar slegs erkenning gegee sal word in die vorm van 'n seël of mosaïek wat hy met die jare moet voltooi tot en met st. 5.
 - c. Die woord "Sending" moet deur die kerk verwoord word.
 - d. Wanneer 'n leerling nie 'n sondagskoolklas kan bywoon nie, is die ouers betrokke daarby en is dit 'n goddelike opdrag van God om toe te sien dat hulle dit wel doen en kan gekontroleer word deur die ouderlinge en leraar tydens die kwartaallike huisbesoek.
 - e. Die Voorstelling van lidmate voor 16 jaar kan wel gedoen word voor die laaste nagmaal van die jaar mits die leerling dieselfde kalenderjaar die ouderdom van 16 jaar bereik.

Ring van Migdol

- 5.6 Katagese : 'n Voorstel van Warmbad is gemaak vir 'n eiesoortige naam vir die K J A. Die nodige handleidings en leerboekie vir elke standerd. Kan ons nie die woord Katagese weer vervang met Sondagskool?

Ring van Naboomspruit

6. LEER

- 6.1 Dit blyk dat baie lidmate die N.G. Kerk verlaat het en by charismatiese groepe aangesluit het. Die sinode word versoek om meer inligting te verskaf sodat lidmate van die A P K beter geskool sal wees en die euwel nie onder ons lidmate voorkom nie.
Ring van Vereeniging
- 6.2 Wysiging van art. 4 van die Apostoliese Geloofsbelydenis, vraag 44 van die Heidelbergse Kategismus, art. 38 Geloofsbelydenis van Athanasius : vervang "ter helle" met "na die doderyk" (Motiveringstuk is ter in sae vir die Tydelike Kommissies geliaser op lêer van Ringsvergaderinge)
Oudl.S.M. de Bruyn - Ring van Roodepoort
- 6.3 Die sinode word gevra om hom uit te spreek oor die Chillasme (die Wegraving en Duisendjarige ryk)
Brief met motivering is beskikbaar vir insae.
Oudl. F.W.A. Danzfuss (Brits)
- 6.4 Ondersoek tot samesmelting met Evangelies Gereformeerde Kerk Die kerkraad van Brits versoek die Sinode om die aangeleentheid te ondersoek. Brief met motivering beskikbaar.
Kerkraad van Brits

- 6.5 Houding van susterskerke :
- a. Dit blyk nog troebel te wees waar die Hervormde Kerk meer simpatiek in die Ring is, daar hulle op Bray hulle kerk aan die A P K beskikbaar gestel het vir dienste.
 - b. Tydens bywoning van ander lidmate by Nagmaal moet hulle skriftelike verlof van kerkrade verkry om te gebruik en moet dan tydens die diens persoonlik uitgenooi word.
 - c. T.o.v. die A.G.S. onderskryf hulle nie dieselfde belydenisskrifte nie en indien hulle wil verander moet hulle hul bind aan die kerkorde en sakramente voordat hulle aangeneem mag word. Ds. A. van Staden noem dan ook dat belangstellendes die Kategeseboeke in hulle eie tyd moet deurwerk en indien hulle gereed is dan deur die leraar en kerkraad ondervra word voordat hulle voorgestel word.
- 6.6 Die A P K moet sy deure oophou vir geliasme en nie standpunt inneem nie.
Ring van Naboomspruit
- 6.7 Posisie van ander Afrikaanse Kerke : Gaan ons, onself beskou as 'n vierde susterskerk of wat is ons posisie in verband met die ander Kerke. Hoe definieer ons onself.
Die N.G. Kerk moet getoets word, mense moet uitgenooi word na die ontvangs en bevestiging van leraar.
Uitspraak van die A S K sien nie hul weg om iemand as afgevaardigde na ons Kerk te stuur.
Samewerking moet nie 'n aanvangspunt vir eenwording met die oog op hereniging wees nie.
Die Bybel en belydende skrifte.
Ring van Naboomspruit
7. AKTUELE SAKE / EUWELS
- 7.1 Sondagsport en Handhawing van Christelike sedes: Die kerk moet gereeld by die owerhede en in die openbaar waar Sondagsport be-oefen of bevorder word en die Christelike sedes en norme afgetakel word, protes aanteken.
Ring van Middelburg
- 7.2 Gebooie: Huweliksgebooie moet vir 3 weke afgelees word.
Ring van Middelburg
- 7.3 Hande oplaë vir genesing van siekes ingestuur deur prof. W.J.G. Lubbe na aanleiding van korrespondensie.
- 7.4 T.o.v. die bywoning van Anderskleuriges by spesiale dienste: Die outoriteit van kerkrade kan nie herroep word nie, aangesien dit in die stigtingsakte van die kerk bepaal word.

Indien bywoning van 'n anderskleurige 'n steuring in die gemeente sal veroorsaak, moet dit afgekeur word. Die besluit moet dus eenparig aanvaar word deur die gemeentede. Laasgenoemde word ook as riglyne vir die sinode aanvaar.
Ring van MIGDOL
- 7.5 Tot 'n kerkraad van die A P K mag geen aktiewe lede van geheime organisasie soos o.a. die Vrymesselaars en Broederbond verkies word of daarin dien nie.
8. FINANSIES - BEGROTING

8.2. Traktament : Skale van sinode dien slegs as riglyn. Gemeentes bepaal self predikant se behoeftes gekoppel met plaaslike omstandighede en vermoë van die gemeente. n Predikant is n roeping en nie n beroep nie, aan die ander kant is dit die gemeente se plig om vir sy leraar te sorg sodat hy onbekommerd hom aan sy diens kan wy.
Ring van Middelburg

8.3 Dankoffer: Die diakens kollekteer nie, maar lidmate bring self hul tiende na die kerk (vergelyk Maleagi 3:10)
Ring van Middelburg

8.4 Kerkgebou: Gemeentes moet nie groot luukse kerkgeboue bou nie maar meerdoelige funksionele sale.
Ring van Middelburg

8.5 Pastorie: n Predikant moet sy eie huisvesting voorsien en slegs n toelae van die gemeente kry. (Dit maak hulle onafhanklik by aftrede)

8.6 Skuld: Moet sover moontlik deur gemeentes en die kerk vermy word.
Ring van Middelburg

8.7. Sentrale kerkgebou vir verskeie gemeentes (B.J. Badenhorst- Welverdiend) n Groot Kerk vir meer as een gemeente of kleiner en minder luukse kerkgebou vir afsonderlike gemeentes.

9. JEUG

9.1. Inrigtings: Die Sinode word versoek om aandag te gee aan die dilemma van Vroue Organisasie, S.A.V.F. ondervind na aanleiding van die Noord Kaap Sinode van die N.G. Kerk met verwysing na inrigtings vir kinders oopgestel word vir alle rasse om te kan kwalifiseer vir subsidie van die staat.
Ring van Vereeniging

9.2. Die belangrikheid van die jeug en die gesin indie kerk. Ons is n jong dinamiese kerk en daarom is die jongmense en die gesin van kardinale belang. Die jeug van vandag is die meelewende lidmaat van more. Die dooplidmaat moet derhalwe reeds vroeg in sy lewe meer aktief by die kerk betrokke raak, bv. deur sang, Sondagskool en die jeugaksies. So moet preke en leesstof ook deur die jeug verstaanbaar wees. Gesinsbetrokkenheid moet aangemoedig word.
Ring van Roodepoort

10. ONDERWYS EN OPVOEDING

10.1. Die ring dra dit aan die Sinode op om duidelike uitspraak te gee oor bydraes wat aan V.C.H.O. gemaak word. Lidmate wil weet of hulle daarmee kan voortgaan of dit moet terughou.
Ring van Vereeniging

11. BEJAARDESORG

11.1 Inrigtings: Die Sinode word versoek om aandag te gee aan die dilemma wat die Vroue Organisasie, S.A.V.F. ondervind na aanleiding van die Noord-Kaap Sinode van die N.G. Kerk met verwysing na inrigtings vir bejaardes wat oopgestel moet word vir alle rasse om te kan kwalifiseer vir subsidie van die staat.
Ring van Vereeniging

12. EVANGELISASIE

12.1 Spesiale evangelisasiedienste wat n hele naweek of n hele week kan duur, kan by gemeentes sonder n leraar gehou word. n KVK reisende leraar sal sulke dienste hanteer. Intense belangstelling in lidmate en hul geestelike welsyn, behoort dan aandag te geniet.
Ring van Roodepoort

12.2 Na aanleiding van Evangelisasie werk besluit die ring dat daar n sterk drang in die kerk moet wees na daaglikse bekering : en beseeling moet n geheiligde karakter aanneem. Buite die kerk moet ons almal aan Christus vasmaak en dus nie net vir eie gewin nie.
Ring van Migdol

13. SENDING

13.1 Sending : beleid : Gehoorzaamheid aan Skrif, Matt. 28:19
metode : Suiwer Woordverkondiging
akker.: (i) Volgens 1 Tim 5:7-8 eie volksgenote wat kerklos en kerkloos is.

(ii) Ander volke binne eie landsgrense

(iii) Buite landsgrense.

Ring van Vereeniging

13.2 Dat die sending opdrag van Christus aan sy dissipels voor Sy hemelvaart (Hand. 1:8) getrou in letter en in gees deur hierdie kerk na gekom sal word, sonder behadeling; van eie lidmate soos nou in die N.G. Kerk die geval is.
Ring van Middelburg (mnr Orbie van der Merwe)

13.3 Sending onder anderkleuriges
Ingestuur deur prof. W.J.G. Lubbe na aanleiding van korrespondensie.

13.4 Die N.G. Kerk se sending vandag is meer materiëel teenoor die geestelike van vroëre jare. Die begrip moet sending wees, m.a.w. die verkondiging van die boodskap en nie materiëel wat met verloop van tyd as vanselfsprekend aanvaar word nie.
Gemeente van Migdol

13.5 Konsepformulier : Sendingopdrag: Ds. A.S. van Jaarsveld verduidelik kortliks hy het van "Geloof en Protes" gebruik gemaak. Hy stel voor ons gebruik tans die formulier van die N.G. Kerk met wysigings uitgeskryf deur Ds. van Jaarsveld.

Formulier vir leraar met sendingopdrag

1. Behou vir die huidige die formulier soos in die Kerkboek van die Ned. Geref. Kerk, met die volgende wysigings :

1.1 Skrap die volgende woorde op p.60 van die bestaande formulier :
"wêreld te verkondig, aan hulle wat buite die kerk is en die gemeente aan te moedig om die evangelie aan die ..."

Die sin lui dan soos volg : "Ten slotte is hy ook om die evangelie aan die heidene te bring in gehoorzaamheid aan Christus wat beveel het : "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies."

1.2 Skrap die woorde "en saam te werk tot n selfstandige kerk" en vervang dit sodat die betrokke sin saamval met die volgende :

so kerkvormend op te tree, die Kerk van Christus in volksverband te verinheems en te lei tot 'n selfstandige kerk wat die groot dade van God in eie taal en idioom kan hoor en verkondig. (Ord. 2:8 en 11)

- 1.3 Die betrokke sin moet voortaan soos volg lui : (Die byvoeging)
"Hy moet ook by die sturende kerk die nodige liefde vir die sending bevorder en die verhouding tussen die sturende kerk en die kerk(e) wat gestig word uitbou tot wedersydse liefde, respek en bevordering van die koninkryk van God".

Ring van Naboomspruit

14. N.G. KERKBOEKHANDEL / KERKLIKE EN GODSDIENSTIGE PUBLIKASIES

- 14.1 Literatuur : Die ring beveel aan dat 'n eie boekhandel begin moet word waarvandaan ons ons boeke kan bestel.
Ring van Vereeniging

15. Teologiese opleiding

- 15.1 Kommentaar by teologiese opleiding deur N.G. Kerk en voorstel vir begin van opleiding deur A P K - Voorlegging ter insae op leer i.v.m. Ringsaangeleenthede.
Anoniem

16. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

- 16.1 C.M.R.: Die C.M.R. is die diensliggaam van die N.G. Kerk en Gemeentes van die A.P.K. wat liefdadigheidsorg daardeur doen moet gesinne wat hulpbehoewend is identifiseer en dan hulle skenkings daardeur kanaliseer sodat die mense weet dat dit van die A.P.K. kom.
Ring van Migdol

1. REGTE (vervolg)

Ek wil graag die volgende sake vir studie en oorweging aan u voorlê :

- 1.1 Die posisie van die vrou in ons kerk: Ek beseft dat ek hier 'n saak aanroer waarvoor daar nog verskil van mening bestaan, maar ek kan u verseker dat daar baie lidmate is wat daarvoor ongelukkig voel dat vroue geen seggenskap in die regering van die kerk het en ook nie die lerende amp mag beklee nie. In al die Afrikaanse kerke word vroue as diakens toegelaat, hoofsaaklik omdat daar nie genoeg mans gevind kan word om die diens te verrig nie. Die susters het al die jare in die meeste gemeentes goeie werk gedoen om fondse vir allerhande goeie sake in te samel. In een van ons susterkerke word vroue tot die kansel toegelaat. In die Gereformeerde Kerk in Nederland word vroue as ouderlinge en selfs as hoofouderlinge gekies. Daar is geen rede waarom teen vroue gediskrimineer moet word nie. Daar kan moontlik geredeneer word dat getroude vroue moeilik as predikante kan dien. Dit is egter 'n saak wat sy moet uitmaak en daar is geen rede waarom die kerk hierdie reg aan vroue wat tot Evangeliediens geroepe voel, moet ontsê nie. Ek wil pleit dat waar ons 'n nuwe begin maak, daar met hierdie diskriminasie teen die vrou wegdoen word.

DR. P.F.D. WEISS

- 1.2 Komitees van die kerkraad: Ek wil ook aan die hand doen dat die kerkrade afsien van die gebruik om afsonderlike komitees vir mans en vroue saam te stel en dat mans sowel as vroue in alle komitees van die kerkraad kan dien soos die geval is met alle ander organisasies in ons land. Waarom word die vroue net vir teeskink en fondsinsameling gebruik terwyl hulle in ander komitees nuttige werk kan verrig? In die huisgesin werk albei geslagte saam en in die gemeente kan albei geslagte saamwerk om ons kerk te bou.

Dr. P.F.D. WEISS

9. Jeugaangeleenthede

- 9.1. Inskakeling van die jeug in die werksaamhede van die gemeente
Met die oog hierop kan oorweeg word om van die senior jongmense in die gemeente by Kerkraadskomitees in te skakel sodat hulle vroegtydig ervaring van organisasiewerk kan opdoen en later nuttige diens verrig.

Dr. P.F.D. WEISS

- 9.2. Komitee vir gesinsaangeleenthede: In die tyd waarin ons leef met sy spanninge wat dikwels tot opvoedkundige en huweliksprobleme aanleiding gee, sou dit wenslik wees om 'n komitee vir gesinsaangeleenthede in die lewe te roep. Egnoreer wat oor die nodige kennis en ervaring beskik om ander in hierdie verband te help, kan veral in die stede nuttige diens verrig.

Dr. P.F.D. WEISS


11. BEJAARDESORG

- 11.1 Sorg vir oues van dae : Hierdie komitee of 'n komitee wat spesiaal vir hierdie taak in die lewe geroep word, is in ons tyd noodsaaklik waar daar dikwels in gemeentes oues van dae is wat hulp en bystand broodnodig het.

DR. P.F.D. WEISS

17. KERKEMBLEME

Kerkembleme Ds. O.B. Scheuer.



Alfa en Omega en kruis

In die vroeg Christelike kerk is baie gebruikgemaak van die Alfa en Omega as embleem. Dit het voorgekom vanaf die einde van die 3de eeu tot in die Middeleeue. Die Alfa en Omega, die begin en die einde, is die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet. In die Skrif is dit die Here Jesus Christus wat gesê het "Ek is die Alfa en Omega" (Openb. 21:6). Hiermee word sy Goddelikheid en ewigheid aangedui.

In bostaande embleem word die kruis van Christus as sentrale motief versterk deur die Alfa en Omega.

2.

Christus-monogram met Alfa en Omega

In die oud-Christelike kuns is die simbool van die Alfa en Omega dikwels gebruik en soms verwerk met die Christus-monogram. Die monogram is 'n afkorting van die Naam van Christus deur die gebruik van die Griekse begin letters naamlik X(=CH) en P(=R). Dit is algemeen sedert die 3de eeu gebruik.

In bostaande embleem is die Christus-monogram, met 'n klein verandering, ook 'n uitbeelding van die kruis. Die Alfa en Omega (Openb. 21:6) is bygevoeg as versterking.



Christus-monogram met Alfa en Omega


Bostaande afbeelding is een van die oudste simbole van die vroeë Christelike kerk. Dit vertoon die Christus-monogram saam met die Alfa en Omega (Openb. 21:6) ingesluit in 'n ronde sirkel wat eenheid simboliseer.



4. Ster-embleem

In die Skrif word die beeld van die sterre as liggewende hemelliggame dikwels gebruik as simbool van hoop en skittering. In Dan. 12:3 word gesê dat die verstandiges sal glinster soos die sterre. In Openb. 22:16 staan die woorde van Jesus Christus wat sê "Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink mōrester". Aan hom wat oorwin, sal Hy die mōrester gee (Openb. 2:28).


Bostaande afbeelding is 'n weergawe van die embleem van die Orde van Ignorante-broeders wat in die Middeleeue in Europa bestaan het. Vir die Afrikanervolk is die Afrikaanse Protestantse Kerk ook 'n teken van lig en hoop.



5. h Volkseie embleem

Die embleem is ingesluit binne die buitelyne van die voor-
gewel van die Gelooftekerk, wat die eerste kerkgebou was wat die
Voortrekkers na Bloedrivier opgerig het ter nakoming van die
Geloofte. Dit spreek van die liefde van die voorgeslagte
vir die huis van die Here.

Sentraal binne die kerkembleem is die Bybel geplaas, as't
ware in die hart van die kerk. Vir alle geslagte van ons
volk moet die Woord die enigste rigshoer wees. Die
woorde van die leuse nl. HOOP, ROEPING, VERTROUE is bekende
Skrifwoorde, maar is so gekies omdat dit prominent voorkom in
ons volkslied, Die Stem van S.A. Die trappe waarop die
leuse staan, is 'n aanduiding van die opwaartse beweging
na die Bybel en na die kerk.



6. h Volkseie embleem

Die vooraansig van die Voortrekker Gelooftekerk simboliseer die
toewyding van voorgeslagte aan die kerk van die Here. Die
Bybel wat 'n prominente plek ingeneem het in die volksle-; is
in die embleem sentraal geplaas binne die kerk. 'n Gehoorsaame
Godsvolk moet vir die toekoms die lig wat gekom het die
Woord, na buite laat skyn. Dit word voorgestel deur die lyne
wat op die agtergrond uitstraal. Die woorde van die
leuse LIG IN DUISTERNIS getuig van die uitredding wat God
gegee het toe dit donker was, maar ook van ons geloof in
Hom vir die toekoms.